

20. Kerkregtelik

20.1 RAPPORT DEPUTATE KERKORDE, ARTIKEL 66 (Art 81)

AAAAAAA. Ds SD de Kock lewer die Rapport.

BBBBBBB. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

CCCCCCC. **RAPPORT**

1. **Opdrag**

Soos vervat in Acta 2006:842.

Besluit: Kennis geneem.

2. **Uitvoering van opdrag**

Oproep

Die Deputate is opgeroep om saam met Klassis Potchefstroom op 6 Junie 2006 en 21 Augustus 2007 te vergader.

Versoek ontvang van die Konvent van Reformatoriese Kerke 29 Mei 2006

Daar is gevolg gegee aan die versoek en daar is 'n dag van verootmoediging op 23 Julie 2006 vasgestel (Bylae 1).

Die oproep is aan al die kerke deurgestuur.

Versoek ontvang van die Gereformeerde Kerk Potgietersrus 1 Maart 2007

Daar is nie aan die versoek gevolg gegee nie (Bylae 2).

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.1.

3. **Aanbevelings**

Dat daar weer Deputate aangewys word.

Besluit: Goedgekeur.

20.2 RAPPORT BEGINSELS EN RIGLYNE VIR DAE VAN VEROOTMOEDIGING [KO, ART 66] (Artt 82, 191)

DDDDDDD. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, neem die voorsitterstoel in.

EEEEEEE. Dr CJ Smit lewer die Rapport.

FFFFFFF. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

GGGGGGG. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

HHHHHHH. **RAPPORT**

1. Opdrag

Handelinge Algemene Sinode 1988:40-46.

Besluit: Kennis geneem.

2. 'n Raamwerk van prinsipiële oorwegings

2.1 Skrifgronde vir die bepaling van 'n dag van verootmoediging

2.1.1 Uitgangspunt: Algemene Skrifgronde

2.1.1.1 *Liefde en gehoorsaamheid*

Dwarsdeur die Skrif word die koninkryksverhouding wat God met sy volk onderhou, veronderstel. In die lig van die betekenis van die dekaloo, waarin die erkenning van God se koningskap saamtrek, vereis hierdie verhouding 'n gesindheid van liefde vir en gehoorsaamheid aan Hom (Matt 22:37-40).

2.1.1.2 *Solidariteit in skuld*

Die sonde versteur die eis tot liefde en gehoorsaamheid radikaal. Sonder uitsondering sondig almal, daarom is bepaalde sonde dikwels nie slegs tot die aktiewe sondaar beperk nie. Sonde dra merendeels ook 'n gemeenskapskarakter wat solidariteit in skuld voor God meebring (Rom 3:9-20; DLR I, 1).

2.1.1.3 *Gemeenskaplike beproewing*

Die gesin, die kerk en die hele gemeenskap kan onder die sonde wat in een van dié verbande voorkom, en gevolglik onder die beproewende hand van die Here, ly (vgl. Lev 4:3; 16:16, 22; 1 Kor 12:21-26).

2.1.1.4 *Gesamentlike verootmoediging*

Gelowiges wat in een of ander verband met mekaar saam ly onder die gevolge van die sonde, en derhalwe onder die beproewende hand van die Here daartoe gedring word, het die verantwoordelikheid om hulle saam voor God te verootmoedig (Lev 16).

2.1.2 Oorsig oor Ou-Testamentiese gegewens ten opsigte van verootmoedigingsdae

2.1.2.1 *Buitengewone vasdae*

Vir gesamentlike verootmoediging is daar 'n voorbeeld van 'n gereelde, vasgestelde vasdag: Levitikus 16:29-31. Daar is egter ook voorbeelde van buitengewone vasdae: Rigters 20:26; 1 Samuel 7:6; 1 Konings 21:9; Jeremia 36:6, 9; Jona 3:5-10; 2 Kronieke 20:3-30; Joël 1:14 en 2:12-17.

2.1.2.2 *'n Vastyd*

Die Hebreeuse woord *tsom* beteken 'n vastyd, en nie soseer 'n vasdag nie (vgl. Koehler-Baumgartner, Lexicon in Veteris Testamenti Libros, 1953:798).

2.1.2.3 *Betekenis van vastye*

Vastye beklemtoon nie die Ou-Testamentiese rusgedagte van die sabbat nie, maar dié van verootmoediging en gebed (Joël 1 en 2).

2.1.2.4 *Vas as uiterlike teken van verootmoediging*

Vas is die uiterlike teken van verootmoediging voor God, skuldbelydenis, neerbuiging voor Hom en onderwerping aan sy wil (vgl. Joël 2:15 in konteks; Theol Wörterbuch zum NT, IV:928; Calvyn, IV,12, xv en xvii).

- 2.1.2.5 *Omstandighede wat algemene verootmoediging noodsaaklik maak*
 Vastye is in die Ou Testament uitgeroep in tye van onheil en benoudheid:
As U 'n ramp oor ons bring, of 'n oorlog om ons te straf, of pes, of hongersnood, sal ons voor hierdie tempel kom staan, voor U ... en ons sal na U om hulp roep uit ons nood. Hoor dan en help ons! (2 Kron 20:9).
 [Die formulering van artikel 66 van die Dordtse Kerkorde van 1618/19 kom in 'n groot mate met die genoemde Skrifteks ooreen: *In tijden van Oorloghe, Pestilensie, dieren tijt, sware Vervolginghe der Kercken ende andere alghemeyne swarigheden ...*].
- 2.1.2.6 *Grond vir verootmoediging*
 Die grond vir verootmoediging en skuldbelydenis by wyse van 'n vastyd lê in die erkenning daarvan dat God die Besikker oor die lotgevalle van volke en nasies is, sodoende word die beproewende hand van die Here in volksrampe herken:
"Here, God van ons voorvaders, U is God. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit u hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U stand hou nie" (2 Kron 20:6-9).
- 2.1.2.7 *Volk en kerk oorvleuel*
 Daar moet begryp word dat volk (*am*) en kerk (*kahal*) mekaar grootliks oorvleuel in die Ou Testament. Soms is die kerk in vergadering, wat terselfdertyd die hele volk is (bv. Joël 2:16). Hierdie gegewe verander egter in die Nuwe Testament (kyk 2.1.3 hieronder).
- 2.1.2.8 *Gevolgtrekkings*
- (i) Die bedoeling van vas is om die liggaam te onderwerp en te betoel, terwyl gebid word. Vas is as die uiterlike teken gebruik om verootmoediging en skuldbelydenis sigbaar tot uitdrukking te bring. Die klem moenie op vas as die metode gelê word nie, maar op die gesindheid van verootmoediging en skuldbelydenis as die saak waaroor dit gaan.
 - (ii) By buitengewone dae van verootmoediging gaan dit nie om gereelde jaarlikse bid- en dankdae nie. Deur 'n dag van verootmoediging word 'n wyse van gesamentlike skuldbelydenis en verootmoediging vanweë die beproewende hand van die Here moontlik gemaak. Daarom word 'n verootmoedigingsdag ook nie noodwendig opgevolg met 'n algemene dankdag nie.
 - (iii) Die veranderde verhouding van kerk en volk het implikasies vir die bepaling van verootmoedigingsdae. Die vraag waarop in 2.1.3 ingegaan word, is of 'n verootmoedigingsdag slegs vir die kerk of vir al die volke van die land bedoel is, en in 2.1.4 word die verhouding van kerk en staatsowerheid ten opsigte van verootmoedigingsdae nagegaan.
- 2.1.3 Oorsig oor Nuwe-Testamentiese gegewens ten opsigte van die verhouding van kerk en volk
- 2.1.3.1 *Nuwe bedeling*
 In die Nuwe-Testamentiese bedeling val kerk en volk duidelik nie meer identies saam nie.
- 2.1.3.2 *Kerk en volk*
 Die kerk (ekklesia) is nou enersyds *groter* en andersyds *kleiner* as die volk:
- a. Groter as die volk daarin dat nie meer één volk (Israel) die Godsvolk is nie. Die seën van Abraham het nou, volgens die belofte van God, tot al die volke uitgegaan (Gen 22:18; Matt 28:19; Hand 3:25). Nou word die gelowiges uit al die volke tot die Godsvolk gereken (Hand 15:14).
 - b. Kleiner as die volk daarin dat nie almal wat aan die volke behoort, ook aan die Godsvolk behoort nie (Matt 3:9, 10; Rom 9:6).
- 2.1.3.3 *Kerk in die volk*
 In die Nuwe Testament bestaan die kerk in die volk. Gelowiges word nie van hulle volke losgemaak (ontvolk) om as kerk aan die Godsvolk te behoort nie. Trouens, hulle word geroep om as kerk heiligend op die volk in te werk. Met behoud van volks- en kultuurbande is die gelowiges deel van God se volk (vgl. Hand 10:34, 35).

- 2.1.3.4 *Lewende boom*
Die gelowiges van die volk is in Gods oog die lewende boom wat behoue bly, terwyl die ongelowiges die dooie takke is wat afgekap word (Rom 11:16 vv).
- 2.1.3.5 *Gevolgtrekkings*
- (iv) Dae van verootmoediging vanweë die sonde van die volke van die land as gevolg waarvan God se beproewende hand orals gevoel word, moet deur die kerk gereël word.
 - (v) Terselfdertyd moet die kerk soos suurdeeg in die volke van die land werksaam wees – en die hele gemeenskap van volke dus tot verootmoediging en skuldbelydenis voor die enigste, ware God oproep.
- 2.1.4 Oorsig oor Nuwe-Testamentiese gegewens ten opsigte van die verhouding van kerk en staatsowerhede
- 2.1.4.1 *Die taak van die kerk teenoor die staat is om:*
- (i) vir die staatsowerhede te bid (1 Tim 2:1, 2),
 - (ii) onderdanigheid in wat reg is voor God aan die staatsowerhede te betoon en alle mense tot onderdanigheid aan die owerhede op te wek (Rom 13; Pet 2:13, 14),
 - (iii) aan die staatsowerhede belasting en dit wat hom toekom te laat toekom (Matt 17:24-27; 22:21),
 - (iv) teenoor alle mense, en daarom ook teenoor die staatsowerhede, vir die waarheid te getuig en op te roep tot gehoorsaamheid aan God (Hand 5:29; vgl. 1 Kon 12:30; Dan 6:22), en
 - (v) ook die staatsowerhede tot verootmoediging voor die Here op te roep (Joël 1:14; Jer 22; Miga 3; Jona 3:5-10; ens).
- 2.1.4.2 *Die taak van die staatsowerhede teenoor die kerk is om:*
- (i) vir sy onderdane, en derhalwe ook vir die kerk, 'n “dienaar van God” tot die beswil van die onderdane te wees (Rom 13:4),
 - (ii) so te regeer dat ook die Christen-onderdane 'n rustige en stil lewe kan lei ... in alle eerbaarheid (1 Tim 2:2),
 - (iii) die deugsames (waaronder die gelowiges) te beskerm, ook die Woordbediening te beskerm, sodat die kerk die swaard van die Gees mag opneem teen alle afgodery en valse godsdiens (Deut 13; 17; NGB, art 36), en
 - (iv) ook dae van verootmoediging vir gelowiges moontlik te maak waar dit op die terrein van die staatsowerhede lê (1 Sam 7:5, 6; Jona 3:6-9; 2 Kron 20:3-30).
- 2.1.4.3 *Gevolgtrekkings*
- (i) Die kerk moet die staatsowerhede se samewerking soek vir die bemoontliking en praktiese uitvoering van algemene verootmoedigingsdae, veral waar sulke dae op 'n weekdag gereël word.
 - (ii) Die staatsowerhede het die Skrifgefundeerde plig om die kerk hierin behulpsaam te wees, sonder om hom op die terrein van die kerk te begewe en die kerk se werk te wil doen.

Besluit: Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.1.4.3.

2.2 *Kerkregtelike gronde vir die bepaling van 'n dag van verootmoediging*

2.2.1 Kerklike gronde

2.2.1.1 *Universele en plaaslike kerk*

Die kerk as liggaam van Christus is universeel (vgl. Ef 1:22, 23). Die universele kerk kom wêreldwyd op bepaalde plekke tot uitdrukking. Die kerk op 'n bepaalde plek (plaaslike kerk of gemeente) is die gelowiges wat, op grond van dieselfde belydenis en in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here, saam vergader en dus organies as 'n eenheid saamhoort (NGB, art 27).

2.2.1.2 *Kerkverband*

Die plaaslike kerk (gemeente) kan vanweë die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die universele liggaam van Jesus Christus nie selfgenoegsaam en in isolément funksioneer nie. Vanweë die genoemde eienskappe van die kerk tree plaaslike kerke (gemeentes) met mekaar in kerklike verband. So kom kerkverband

ook tot uiting in gesamentlike kerkregering ten opsigte van kerklike sake wat nie deur die plaaslike kerk (gemeente) alleen afgehandel kan word nie.

2.2.1.3 *Bevoegdheid van mindere vergaderings*

As Hoof van sy kerk maak Christus sy wil genoegsaam in sy Woord bekend (Ef 1:22, 23; NGB, art 7). Kerkvergaderings funksioneer dus nie as regeerders in rangorde van hiërargie in die plek van die Here oor sy kerk nie, maar dien as *instrumente* waardeur die gesag van Jesus Christus ordelik in sy kerk deur sy geroepe dienaars bedien word (NGB, artt 27, 31). Dit hou in dat gemeentes wat in mindere vergaderings saamkom, die kerkregtelike bevoegdheid het om sake wat hulle alleen raak, af te handel, sonder om sulke sake eers aan 'n meerdere kerklike vergadering vir beslissing voor te hou.

2.2.1.4 *Gevolgtrekkings*

- (i) Die Skriftuurlike uitgangspunt dat gelowiges in tye van groot beproewings, waarvan die druk oral in kerkgemeenskappe gevoel word, saamkom om hulle voor God te verootmoedig (2 Kron 20:9), vind normaalweg in die lig van 2.2.1.1 in die samekoms van die plaaslike kerk (gemeente) plaas waar hulle verbondenheid aan die liggaam van Christus organies tot uiting kom. Hierdie gevolgtrekking sluit egter nie uit dat verskillende kerkgemeenskappe op bepaalde plekke, in geregverdigde omstandighede, 'n gesamentlike diens sou kon hou nie.
- (ii) Mindere vergaderings wag nie op die instemming van al die gemeentes in 'n Sinode vir 'n besluit op 'n verootmoedigingsdag, as die noodsaak tot verootmoediging hoofsaaklik deur die kerke van die bepaalde streek gevoel word, nie.

2.2.2 Die verhouding tussen verskillende kerkgemeenskappe

2.2.2.1 *Eenheid van die liggaam van Christus*

Die eenheid van die liggaam van Christus, wat onder meer in die gemeenskap van gebed tot uiting kom (o.m. Hand 2:42), dien as 'n beginseluitgangspunt ten opsigte van verootmoedigingsdae.

2.2.2.2 *Eendragtige verootmoediging*

Ware en eendragtige verootmoediging wat vir God welgevallig is, is 'n tweede beginseluitgangspunt wat hier gestel moet word (o.m. Jes 1:10-19; Mal 1:6-14; Matt 3:7,8).

2.2.2.3 *Eensgesindheid in verootmoediging*

Ten opsigte van landwye nood wat die gelowiges tot verootmoediging dring, mag die verdeeldheid tussen die verskillende kerkgemeenskappe dus nie oorbeklemtoon word ten koste van die hoogs moontlike samewerking en eensgesindheid in die verootmoediging en voorbidding voor God nie.

2.2.2.4 *Gesamentlike verootmoedigingsdag*

Die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die universele liggaam van Jesus Christus maak 'n gesamentlike verootmoedigingsdag in gehoorsaamheid aan die Woord en in gebed, ondanks die grense van kerkgemeenskappe, moontlik (Hand 2:42; Jes 1:10-19; Mal 1:6-14; Matt 3:7, 8).

2.2.2.5 *Gevolgtrekkings*

- (vi) Hierdie gemeenskap in gehoorsaamheid aan die Woord en in gebed maak dit noodsaaklik dat verskillende kerkgemeenskappe mekaar so wyd moontlik sal ken in die bepaling van 'n dag van verootmoediging.
- (vii) Terselfdertyd hef die gemeenskap van die verskillende kerkgemeenskappe met mekaar rondom 'n dag van verootmoediging nie die organiese verbondenheid van gelowiges aan die plaaslike kerk (gemeente) as uitdrukking van die liggaam van Jesus Christus op waar gelowiges hulle normaalweg sáám, in dié gegewe geloofsverband, vanweë gesamentlike en individuele skuld, verootmoedig nie (vgl. 2.2.1.1).

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.2.5.

2.2.3 Die staatsowerheid en veelheid van kerkgemeenskappe

- 2.2.3.1 *Erkenning van elke kerkgemeenskap*
Die staatsowerheid moet die universele kerk van die Here in elke kerk (gemeente), soos in dieselfde verband in 'n kerkgemeenskap saamgegroepeer, erken en eerbiedig.
- 2.2.3.2 *Gelyke behandeling van kerkgemeenskappe*
Die kerkgemeenskappe moet dus gelyk behandel word deur die staatsowerheid. Een kerkgemeenskap mag nie bo 'n ander uitgesonder word en voorrang verkry asof dié namens alle (of ander) kerkgemeenskappe optree nie.
- 2.2.3.3 *Kerklieke wyse*
Die staatsowerhede moet die kerkgemeenskappe toelaat om langs eie weë leiding te neem in die bepaling, uitroep en reëling van verootmoedigingsdae.
- Besluit: Kennis geneem van 2.2.3.1 tot 2.2.3.3.

3. Beginsels en riglyne vir die bepaling van 'n dag van verootmoediging

- 3.1 *Beginsels ten opsigte van die oproep*
- 3.1.1 Verantwoord
Dit is Skriftuurlik verantwoord om in buitengewone omstandighede van nood, vanweë die tugtigende hand van die Here en vanweë solidariteit in skuld, 'n algemene dag van verootmoediging te reël.
- 3.1.2 Akute nood
'n Algemene dag van verootmoediging moet slegs bepaal word *in gevalle van 'n algemene, besondere en akute nood, waarvan die druk oral in die kerke gevoel word*. Omstandighede wat dus tot 'n dag van verootmoediging kan lei, moet van so 'n beproewende aard wees dat dit so 'n dag noodsaaklik maak.
- 3.1.3 Diepe behoefte om vergiffenis
'n Dag van verootmoediging is bedoel om 'n dag te wees waarop die kerk(e) na die Here vlug, en al die volke van die land/streek daartoe oproep, vanweë 'n diep gevoelde behoefte om Hom om vergiffenis te pleit en om sy genade te smeek vanweë die besondere nood waardeur die hele land/streek getref word: *as U n ramp oor ons bring, of 'n oorlog om ons te straf, of pes of hongersnood ...* (2 Kron 20:9).
- 3.1.4 Waak teen geringskatting
Daar moet gewaak word teen te veel verootmoedigingsdae, sodat die gebruik van besondere gesamentlike verootmoediging nie naderhand gering geskat of só teenoor die Sondagse samekomste van die gemeente oorskat word dat laasgenoemde naderhand gering geskat word nie.
- 3.1.5 Uitsonderlike omstandighede
'n Dag van verootmoediging is nie bedoel om die chroniese ellendes, waarmee die kerke en volke van die land/streek gedurig te doen kry, voor die Here te bring nie. Dit is dus bedoel om die kerke vanweë skuldbelydenis en 'n behoefte tot verootmoediging voor die Here te bring – en die hele gemeenskap daartoe op te roep – vanweë uitsonderlike beproewende omstandighede waarin ook die tugtigende hand van die Here gesien word.
- 3.2 *Riglyne vir beoordeling van die noodsaaklikheid vir 'n dag van verootmoediging*
- 3.2.1 Die rede(s) vir 'n dag van verootmoediging moet gewigtig genoeg bevind word, deurdat die beproewende hand van die Here duidelik daarin bemark word.
- 3.2.2 Die druk moet in al die kerke gevoel word.
- 3.2.3 Daar moet 'n algemene gevoel onder die kerke vir die noodsaaklikheid van so 'n dag wees.
- 3.2.4 Die tugtigende hand van die Here moet tot 'n algemene, merkbare gevoel van berou en belydenis lei. Trouens, die verteenwoordigers in die bevoegde struktuur van die kerkgemeenskap wat die inisiatief neem om so 'n dag uit te skryf, moet oortuig wees dat die druk wat oral gevoel word, die kerke daartoe dring om die aangesig van die Here in *berou, bekering* en *smeeking* te soek.
- 3.3 *Beginsels ten opsigte van die staatsowerhede en die gemeenskap*
- 3.3.1 Kerk se verantwoordelikheid

- Dit is die kerk se verantwoordelikheid, en nie dié van die staatsowerhede nie, om deur die struktuur wat elke kerkgemeenskap daarstel, 'n gesamentlike dag van verootmoediging te bepaal.
- 3.3.2 Staatsowerhede se verantwoordelikheid
Dit is die taak van die kerk om, wanneer die druk van nood en beproewinge oral in die kerk gevoel word, die staatsowerhede te nader om daartoe behulpsaam te wees, waar hulle die bevoegdheid daarvoor het, om die inwoners van die land in die geleentheid te stel om verootmoedigingsdienste te kan bywoon.
- 3.3.3 Gelyke behandeling
In die kerkgemeenskappe se onderhandelinge met die staatsowerhede oor die bemoontliking van 'n gemeenskaplike dag vir verootmoediging, behoort die staatsowerhede nie een kerkgemeenskap bo ander uit te sonder en voorrang te verleen asof die bepaalde kerkgemeenskap namens alle (of ander) kerkgemeenskappe optree nie.
- 3.3.4 Oproep ook tot staatsowerhede
Dit is die roeping van die kerk om, waar dit noodsaaklik bevind word, ook die staatsowerhede tot verootmoediging voor die Here op te roep.
- 3.3.5 Oproep tot die hele gemeenskap
Die kerk staan nie los van die volke nie, daarom moet die kerke in meerdere vergaderings – in die geval van nasionale rampe of beproewinge – hulle profetiese roepstem ook tot die hele gemeenskap rig – dat almal die roepstem mag hoor om hulle onder God se beproewende hand te bekeer en hulle voor Hom te verootmoedig.
- 3.4 *Riglyne vir skakeling met die staatsowerhede en die gemeenskap*
Die bevoegde struktuur van die kerkgemeenskap wat die inisiatief vir die oproep tot 'n dag van verootmoediging neem, moet met soveel moontlik ander kerkgemeenskappe se verteenwoordigers skakel en ooreenkom op watter wyse gesamentlik met die staatsowerhede geskakel sal word, en op watter wyse die hele gemeenskap tot verootmoediging opgeroep sal word.
- 3.5 *Beginsels ten opsigte van ander kerkgemeenskappe*
- 3.5.1 Hoogs moontlike samewerking
Die hoogste moontlike samewerking en eenheid in verootmoediging tussen alle Christene moet vir 'n dag van verootmoediging verkry word, derhalwe moet sover moontlik die samewerking van alle Christelike kerke in die land gesoek word om eenheid in die verootmoediging te bewerkstellig.
- 3.5.2 Geen eenheidsdemonstrasie
Die eenheidsaksie ten opsigte van verootmoediging moenie tot 'n oordrewe, selfs onware demonstrasie van kerklike eenheid aanleiding gee nie, maar moet eerder in gelyktydige eredienste in die plaaslike kerke (gemeentes) in elke kerkgemeenskap te voorskyn kom. Dit beteken egter nie dat gemeenskaplike verootmoedigingsdienste op bepaalde plekke, waar die omstandighede dit wenslik maak, uitgesluit is nie.
- 3.5.3 Geen veroordeling
Die uitdruklike verstandhouding moet met die verteenwoordigers van ander kerkgemeenskappe nagestreef word dat een kerkgemeenskap nie 'n ander sal veroordeel wanneer eenstemmigheid oor die oproep tot 'n dag van verootmoediging nie bereik kan word nie.
- 3.5.4 Gelyktydige optrede
Wanneer die verteenwoordigers van 'n kerkgemeenskap 'n algemene dag van verootmoediging beplan, behoort hulle nie die voorneme voortydig te publiseer voordat gesprek met verteenwoordigers van die ander kerkgemeenskappe afgehandel is nie.
- 3.6 ***Riglyne vir skakeling tussen die verteenwoordigers van verskillende kerkgemeenskappe***
- 3.6.1 Vanweë die spoedeisendheid van die bepaling van 'n dag van verootmoediging wanneer die nood dit noodsaaklik maak, moet direk met die verteenwoordigers van soveel moontlik kerkgemeenskappe geskakel word.

3.6.2 Indien moontlik, moet 'n vergadering van genoemde verteenwoordigers belê word om gesamentlik besluite te neem vir die bepaling van en reëlings vir 'n dag van verootmoediging.

3.7 *Beginsels ten opsigte van die inkleding van 'n dag van verootmoediging*

3.7.1 Organiese eenheid

In die Skrif word sulke dae deur vas en gebed gekenmerk, waarin opregte verootmoediging voor die Here tot uiting gekom het. Vanweë die organiese eenheid wat in die gemeenteverband tot uiting kom, is dit wenslik dat gelowiges vir gesamentlike verootmoediging in hulle gemeente byeenkom.

3.7.2 Vas

Hoewel die gebruik om te vas in die reformatoriese kerke gedurende die vorige eeu in die lig van Nuwe-Testamentiese Skrifuitsprake soos 1 Korintiërs 10:31; 8:8; Romeine 14:17 en Matteus 15:11 in onbruik geraak het, plaas die Skrif geen verbod op die beoefening daarvan nie en sou dié gebruik wel ook op verootmoedigingsdae toegepas kon word.

3.7.3 Geen voorskrif

Die spesifieke inkleding van 'n dag van verootmoediging word nie in die Skrif voorgeskryf nie.

3.8 *Riglyne vir die inkleding van 'n dag van verootmoediging*

3.8.1 Elke gemeente reël die inkleding van 'n dag van verootmoediging volgens die liturgie van daardie kerkgemeenskap.

3.8.2 By 3.8.1 moet in ag geneem word dat 'n dag van verootmoediging deur gebed en gemeenskaplike verootmoediging gekenmerk moet word. Dit kan by wyse van 'n erediens plaasvind waarin die Woordverkondiging en gebede vanweë die nood spesifiek op skuldbelydenis en verootmoediging gerig word.

3.8.3 Die verootmoedigingsgebed, of gebede, neem 'n sentrale plek in die erediens in. Indien van meer as een gebed (bv. na die Woordverkondiging) gebruik gemaak word, kan dié wat in die gebede voorgaan deur onderlinge raadpleging vooraf oorvleueling verhoed.

3.8.4 Die gebruik om op 'n dag van verootmoediging te vas, sou weer deur kerke ondersoek kon word, maar gedagtig daaraan dat dit egter beter is om heeltemal nie te vas nie indien dit tot bygeloof aanleiding sou gee (Calvyn, IV, 23, xix).

3.9 *Beginsels ten opsigte van 'n bepaalde streek*

3.9.1 'n Bepaalde streek

Die beproewende hand van die Here kan in bepaalde omstandighede sodanig in 'n bepaalde streek gevoel word dat gelowiges slegs in dié bepaalde streek die noodsaaklikheid van 'n dag van verootmoediging aanvoel.

3.9.2 Bevoegdheid

Kerklike vergaderings in die bepaalde streek het die bevoegdheid om selfstandig op 'n dag van verootmoediging te besluit.

3.10 *Riglyne vir 'n dag van verootmoediging vir 'n bepaalde streek*

Die beginsels waarvolgens vir 'n streek op 'n dag van verootmoediging besluit word, bly dieselfde as vir 'n algemene dag van verootmoediging.

3.11 *Gesindheid*

Dit gaan nie in die eerste plek om die formele bepaling van 'n bepaalde dag nie (bv. hoe lank dit is, en of dit op 'n Sondag of weensdag sal plaasvind nie), maar om die hartsgesindheid wat steeds in verootmoediging en gehoorsaam moet voortduur ná die formele gesamentlike verootmoedigingsgeleentheid.

3.12 *Riglyne vir die bepaling van 'n bepaalde dag*

3.12.1 Die kerkgemeenskap wat die inisiatief neem om ander kerkgemeenskappe vir 'n dag van verootmoediging op te roep, moet in ag neem

(i) dat sover moontlik soveel moontlik verteenwoordigers van die verskillende kerkgemeenskappe saam moet besluit oor die datum vir 'n verootmoedigingsdag, en

(ii) dat daar genoegsame tydsverloop moet wees om behoorlike reëlings vir so 'n

dag te kan tref.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.12.1.

4. Aanbeveling

Dat die hele Rapport goedgekeur word as die prinsipiële basis waarop dae van verootmoediging in die toekoms gereël word.

Besluit: Die Rapport word soos gewysig goedgekeur. Die Rapport word vir kennisname aan al die binnelandse kerkgemeenskappe met wie ekumeniese bande en kontak gehandhaaf word se bevoegde liggame gestuur met 'n verwysing daarna dat die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika ook reeds hierdie Rapport aanvaar het.

20.3 RAPPORT DEPUTATE KERKORDE, ARTIKEL 48 (Artt 83, 286)

IIIIII. Dr PH Heystek lewer die Rapport.

JJJJJJ. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

KKKKKK. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

LLLLLLL. **RAPPORT**

1. **Opdrag**

(Vgl. Acta 2006:391, 4)

Om die gesprek oor uitstaande kwessies en oor die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel met afgevaardigdes van Sinodes Middellande en Soutpansberg voort te sit.

Om voort te gaan met die implementering van die nuwe stelsel – indien nodig trapsgewys – soos wat ooreenstemming met die ander Sinodes bereik word.

Om aandag aan al die sake (kerkregtelik, administratief, organisatories, finansiële, wetlik, taalaspekte, ens.) te gee wat vir die ordelike implementering van die nuwe stelsel nodig is.

Om, waar nodig, ander Deputategroepe en kundiges te betrek met die oog op die uitvoering van bogenoemde opdragte.

Om dokumentasie van vergaderings met ander Sinodes ook in Afrikaans aan toekomstige Sinodes van die GKSA beskikbaar te stel.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.5.

2. **Werkswyse**

Vergadering

Die Deputate het op die volgende datums vergader: 4 September 2006, 26 Februarie en 4 Junie 2007, 5 Mei 2008.

Kennisgewings van vergaderings is telkens gerig aan die Deputate van Sinode Potchefstroom, Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg.

Vergaderings is gehou met die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes betrokke sowel as met Deputate Korrespondensie van die nuwe Streeksinodes.

Korrespondensie

Om met die Deputate van al drie Sinodes betrokke te kommunikeer, was vanweë omstandighede nie altyd doeltreffend nie. Gebrekkige kommunikasie kon tot misverstand gelei het.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.2.

3. **Sake waarvan die Sinode kennis kan neem**

Die volgende sewe (7) Streeksinodes bestaande uit onderskeie Klassisse het tot stand gekom

STREEKSINODE BOSVELD

Deputaat Korrespondensie: Br PCZ Viljoen (pietjoen@qcs.co.za)

Klassis Limpopo

Deputaat Korrespondensie
Ds SP Venter (Pietersburg)

Chinhoyi
Confession Church Zambia
De Hoop
Dendron
Gweru

Klassis Waterberg

Deputaat Korrespondensie
Ds JG Noëth (Naboomspruit)

Aranos
Biermanskool
Colesberg
Koedoesrand
Magol

Hoedspruit
Laeveld
Louis Trichardt
Lusaka
Magalakwin
Mahwelereng
Malamulele
Messina
Middle-Letaba
Musina-Nancefield
Phalaborwa
Pietersburg
Pietersburg-Noord
Pietersburg-Suid
Potgietersrus
Potgietersrus-Wes
Songozwi
Soutpansberg
Trans-Letaba

Marble Hall
Naboomspruit
Namib Kus
Nylstroom
Otjiwarongo
Outjo
Vaalwater
Warmbad
Waterberg

Klassis Krokodilrivier

Deputaat Korrespondensie
Ds CJ van Vuuren (Die Moot)
Boegoepan

Brits
Brits-Wes
Die Moot
Dithabeng
Drieviersboom
Elandskraal
Krokodilrivier
Makolokwe
Mahwelereng
Matlabas
Odi
Odi-North
Seshego
Thabazimbi
Tswelapele
Ysterberg

STREEKSINODE NOORDWES

Deputaat Korrespondensie: Ds SFF van der Walt (sffvdw@tiscali.co.za)

Klassis Noordwes

Deputaat Korrespondensie:
Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)

Agisanang (Sannieshof)
Batho-Bathostad
Bloemhof
Christiana
Deelpan
Delareyville
Ebenhaeser
Goeie Hoop
Jouberton
Khuma
Klerksdorp
Klerksdorp-Noord
Knapdaar
Madibogo
Matshau-Ottosdal
Migdol
Orkney

Klassis Molopo

Deputaat Korrespondensie:
Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)

Boichoko
Boikhutso
Ga-Motlatla
Itsoseng
Kgetleng
Khunwana
Kopela
Koster
Kraaipan
Lebone
Lichtenburg
Lorato
Mafikeng
Monnakato
Rustenburg
Rustenburg-Noordoos
Rustenburg-Wes

Sannieshof
Schweizer-Reneke
Stilfontein
Tigane (Hartbeesfontein)
Tswaing
Uitschot
Vaalharts
Vryburg
Wolmaransstad

Klassis Griekwaland-Wes

Deputaat Korrespondensie:
Ds AN du Plessis (Postmasburg)

Bontleng
Daniëlskuil
Delportshoop
Duineveld
Groenwater
Huhudi
Kathu
Kimberley
Kuruman
Maruping
Metsi A Matala
Moshaweng
Olifantshoek
Postmasburg
Tlhakala Tlou
Uppington

Klassis Etosha

Deputaat Korrespondensie: Ds L van der M Vogel (Walvisbaai)

Gobabis
Grootfontein
Hentiesbaai
Karasburg
Keetmanshoop
Mariental
Okahandja
Tsumeb
Walvisbaai
Windhoek
Windhoek-Suid

Swartruggens
Tlhabane
Tshing
Uitkyk
Ventersdorp
Waterkloof
Zeerust

Klassis Potchefstroom

Deputaat Korrespondensie:
Br G Erasmus (Potchefstroom)

Boskop
Buffeldoorns
Cachet
Ikageng
Ikageng-Bophirima
Khutsong
Kokosi
Modderfontein
Noordbrug
Potchefstroom
Potchefstroom-Moorivier
Potchefstroom-Noord
Potchefstroom-Oos
Potchefstroom-Suid
Promosa
Tlokwe Botshabela
Tuma-Hole

OOSTELIKE STREEKSINODE

Deputaat Korrespondensie: Ds CA Jansen (careljansen@vodamail.co.za)

Klassis Piet Retief

Deputaat Korrespondensie:
Ds DJA Booyens (Ermelo)

Bethal
Eendracht
Ermelo
Kriel
Piet Retief
Pongola
Secunda
Standerton
Volkstrust
Vrede

Klassis Lydenburg

Deputaat Korrespondensie:
Ds PA Nel (Witbank)

Ackerville
Bankfontein
Barberton
Belfast
Carolina
Groblersdal
Hendrina
Kayamazane
Komatipoort
Kwa Ndebele
Lydenburg
Mahlangu
Middelburg
Middelburg-Noord
Nelspruit
Stoffberg
Waterval Boven
Witbank
Witbank-Suidoos
Witrivier
Wondersig

Klassis Sentraal Oosrand

Deputaat Korrespondensie:
Ds DJ Bakker (Boksburg)

Alberton
Alexandra
Boksburg
Boksburg-Suid
Germiston
Kathlehong
Kemptonpark
Kemptonpark-Mooifontein
Kemptonpark-Noord
Primrose
Tembisa
Tembisa-Wes

Klassis Verre Oosrand

Deputaat Korrespondensie:
Dr SP van der Walt (Benoni-Noord)

Benoni
Benoni-Noord
Brakpan
Brakpan-Suid
Daveyton
Delmas
Heidelberg
Kwa Thema
Nigel
Noord-Oosrand
Ratanda
Springs
Springs-Oos
Tsakane

STREEKSINODE PRETORIA

Deputaat Korrespondensie: Br WJ Cilliers (oosmoots@mweb.co.za)

Klassis Moot

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Die Kandelaar

Andeon
Bergsig
Bronkhorstspuit
Daspoort
Die Kandelaar
Eloffsdal
Innesdal
Oos Moot
Pretoria
Pretoria-Meintjeskop
Pretoria-Wonderboom-Suid
Totiusdal

Klassis Suidwes

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Rietvallei

Atteridgeville
Centurion
Daspoort
Elandspoort
Lyttelton
Olievenhoutbosch
Pretoria-Wes
Rietvallei
Rooihuiskraal
Wierdapark

Klassis Noordelike Pretoria

Deputaat Korrespondensie:
Ds P van Wyk (Pretoria-Noord)

Akasia
Ga Rankuwa
Kameeldrift
Klipgat
Mabopane
Pretoria-Annlin
Pretoria-Magalieskruin
Pretoria-Montanapoort
Pretoria-Noord
Pretoria-Rooiwal
Temba
Wonderboompoort

Klassis Oostelike Pretoria

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Pretoria-Alkantrant

Cullinan
Derdepoort
Mamelodi-East
Mamelodi-West
Meyerspark
Pretoria-Alkantrant
Pretoria-Brooklyn
Refilwe
Silverton
Wapadrant
Waterkloofrand

STREEKSINODE RANDVAAL

Deputaat Korrespondensie: Dr D Lartz (deonlartz@absamail.co.za)

Klassis Groter Johannesburg

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Randburg

Alexandra
Bergbron
Bybels Geref Kerk
Diepkloof
Dube
EBN
GNCC
Jabavu
Johannesburg-Suid
Linden
Meadowlands
Midrand
Newclare
Randburg
Tladi

Klassis Vaalrivier

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Vanderbijlpark-Oos

Alberton-Wes
Boipatong
Brackenhof
Edenvale
Meyerton
Sasolburg
Sebokeng
Sharpeville
Vaalpark
Vanderbijl
Vanderbijlpark-Oos
Vanderbijlpark-Suid
Vereeniging 95
Vereeniging-Oos
Zamdela

Tshiawelo

Klassis Wesrand

Korresponderende Kerkraad:

Geref Kerk Witpoortjie

Carletonville
Dobsonville
Kagiso
Krugersdorp
Krugersdorp-Oos
Krugersdorp-Wes
Magaliesburg
Mohlakeng
Muldersdrif
Noordrand
Ontdekkers
Roodepoort
Tarleton
Toekomsrus
Wesrand
Westonaria
Wilropark
Witpoortjie

SUIDELIKE STREEKSINODE

Deputaat Korrespondensie: Ds MP Fourie (mpfourie@lantic.net)

Klassis Boland

Deputaat Korrespondensie:

Ds H Reinecke (George)

Agulhas
Bellville
Bellville-Oos
Clanwilliam
Crossroads
Eden
Elsiesrivier
George
Grassy Park
Hermanus
Kaapstad
Kleinmond
Mosselbaai
Oudtshoorn
Paarl
Stellenbosch
Stilbaai
Strand
Vredenburg/Saldanha
Worcester

Klassis Burgersdorp

Deputaat Korrespondensie:

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)

Aliwal-Noord
Barkly Oos
Burgersdorp
De Aar
Lyciumville
Maclear/Elliot
Molteno
Nozizwe
Oranjerivier
Philipstown
Steynsburg
Strydenburg
Venterstad
Westdene

Klassis Karoo-Kei

Korresponderende Kerkraad:
Geref Kerk Queenstown

Addo
Bhayi
Cradock/Somerset-Oos
Dordrecht
Jeffreysbaai
Mdantsane
Middelburg (Kaap)
Monti
Oos Londen
Port Elizabeth
Queenstown
Rehoboth
Renosterberg
Uitenhage

STREEKSINODE VRYSTAAT & KWAZULU-NATAL

Deputaat Korrespondensie: Ds JL van der Schyff (gkwelkomnoord@telkomsa.net)

Klassis Noord-Vrystaat

Deputaat Korrespondensie:
Ds MJ Letebele (Thabong & Phomolong)

Bothaville
Bultfontein
Hennenman
Kroonstad
Kutloanong
Meloding
Monyakeng
Odendaalsrus
Orania
Parys
Phomolong
Rammolutsi
Senekal
Thabong
Theunissen
Ventersburg
Viljoenskroon
Virginia
Welkom
Welkom-Noord

Klassis Kwazulu-Natal-Noord

Deputaat Korrespondensie:
Ds AP de Jager (Vryheid)
Empangeni

eKwandeni
Glencoe

Klassis Oos-Vrystaat

Deputaat Korrespondensie:
Ds JH Cilliers (Reitz)

Bethlehem
Ficksburg
Frankfort
Harrismith
Heilbron
Ladybrand
Lindley
Reitz
Steynsrus
Tweespruit
Qwa-Qwa

Klassis Suid-Vrystaat:

Deputaat Korrespondensie:
Ds HJ Briel (Petrusburg/Boshof)

Bethulie
Bloemburg
Bloemfontein
Bloemfontein-Noord
Bloemfontein-Suid
Bloemfontein-Suidheuwels
Bloempark
Boshof
Botshabelo
Brandfort
Emmanuel-Matoporong
Fauresmith
Heidedal
Jacobsdal
Koffiefontein

iSandlwana
Kwa-Ndindindi
Ladysmith
Munywana
Newcastle
Vryheid

Mafeteng - Lesotho
Mohaleshoek - Lesotho
Petrusburg
Phahameng - Bloemfontein
Philippolis
Reddersburg
Thabana-Khubetsoana
Thaba Nchu
Vleuels

Klassis Kwazulu-Natal-Suid

Deputaat Korrespondensie:
Br B Venter (Skriba) (Suidkus)

Amanzimtoti
Durban
Durban-Noord
Estcourt
Kwa Mashu
Kwa-Mncane
Mid-Illovo
Ndalen
Pietermaritzburg
Pinetown
Suidkus
Umbumbulu

Deputate van Sinode Soutpansberg het geen vergadering van die Deputate KO, art 48 bygewoon nie. Korrespondensie van Sinode Soutpansberg se Deputaat vir Korrespondensie ontvang, lees soos volg:

“Dr PH Heystek

Thank you for your invitation.

I am writing this e-mail as a chairperson of the Deputies of art 48 of the Synod Soutpansberg.

In our last meeting we agreed that Potchefstroom & Midlands will go on with the restructuring process because Soutpansberg decided that they can not go on with restructuring because there are some key issues that need to be solved before any restructuring. And for that reason we can not attend the meeting if it is going to discuss the issue of restructuring at present. I will be happy if you can tell me the content of an Agenda.

Rev Nefefe Silas”

3.2.2 “Pieter Heystek

We received your e-mail in which you have indicated that we should look to 8.2 page 9 of the minutes.

It seems as some of the Deputies of Midlands and Potchefstroom Synods do not know the whole history of the discussions we had in the past.

It must be clear to your Deputies that Synod Soutpansberg is very much in favour of the church unity. In fact we have initiated the whole process during the time of apartheid government.

In our last meeting with Deputies from Potchefstroom and Midlands we agree not to disagree. In other words our position was very much clear. We said “Since there are fundamental issues that need to be solved before intergration of all Synods we can not be part of any restructuring process. The Potchefstroom Deputies put their position clearly to us, they said to us all obstacles will be solved after restruturing. We agreed that Potchefstroom and Midland should go on with the process.

What we mean here is this, if the new General Synod formed by Potchefstroom and Midland churches will see that it is necessary to unite with Soutpansberg, then they will invite us for discussion.

In your minutes you said you are willing to talk with Soutpansberg only if you are invited, what do you mean by that?

In your minutes you said you regret that Soutpansberg Deputies did not attend the meeting, does that mean you are not aware that there are some disagreement which accrued in the past?

We do not agree on superficially restructuring, we hope we will have a real church unity where the dignity of blacks will be respected.

Rev Nefefe (chairperson)."

Daar is blykbaar kerke wat om ander redes as wat die KO, art 48 Deputate gestel het, van die voorgestelde indeling van die Klassisse en Streeksinodes afwyk. Redes op grond waarvan Kerke sou kon afwyk, is op 4 Junie 2007 geformuleer, nl:

Geografie

Gawes

Groeipunte

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.3.

4. Aanbevelings

Dat die Sinode hom uitspreek oor die sinvolheid daarvan dat die afvaardiging na die Algemene Sinode 20 ouderlinge en 20 predikante is.

Dat Deputate benoem word vir skakeling met Sinode Soutpansberg en dat dié Deputate die gesprek met Sinode Soutpansberg inisieer.

Naam van die Sinode: Die Sinodale vergadering waarheen die onderskeie Streeksinodes afvaardig sal van nou af Algemene Sinode genoem word. Die plek waar daar vergader is en die datum waarop vergader is, moet telkens deel wees van die naam.

Afvaardiging: Die Algemene Sinode 2009 kondoneer en bevestig die huidige wyse van afvaardiging na die Algemene Sinode, nl. dat die huidige sewe Streeksinodes elk 20 predikante en 20 ouderlinge afvaardig. Die getalle word vir die volgende Algemene Sinode gehandhaaf. Dit is wenslik dat die afgevaardigdes so goed moontlik al die kerke wat in Sinode vergader, sal verteenwoordig.

Deputate vir verdere afhandeling van sake: Die Algemene Sinode wys die volgende drie groepe Deputate aan (Dit is belangrik dat persone uit die verskillende voormalige Nasionale Sinodes hierop benoem sal word):

Deputate: Kerkregtelike Sake

Opdragte

Om na te gaan watter Kerkorde-artikels deur die beginselbesluit om op 'n nuwe wyse in meerdere vergaderings byeen te kom, geraak word (bv. KO, art 29) en aanbevelings te doen oor noodsaaklike wysigings van die Kerkorde aan die volgende Algemene Sinode.

Om na te gaan of daar enige botsings is met betrekking tot vorige besluite van Sinode Middellande en Nasionale Sinode Potchefstroom (o.a. wysigings wat deur die GKSA Potchefstroom in die KO aangebring is, maar nog nie deur die Algemene Sinode goedgekeur is nie) en die volgende Algemene Sinode daarvoor te adviseer.

Die KO-wysigings wat tot tyd en wyl die Deputate hieroor Rapport gelewer het, steeds by wyse van voetnote in die KO asook die Engelse vertaling daarvan aangetoon word.

Deputate: Effektiewe vergaderings van Algemene Sinodes

Opdrag: Om aan die volgende sake aandag te gee, terwyl die relevante besluite van die vorige GKSA Sinodes oor die nuwe eenheid in sy geheel in ag geneem word.

Om 'n forum te wees waar alle sake deurgepraat word om die eenheid wat in die Algemene Sinode weerspieël word, te versterk en bevestig. Daar moet dus aan al die sake, wat as groeipyne beskryf kan word, aandag gegee word. (Sake wat onder die aandag van hierdie Kommissie gebring is, sal aan die einde van die Sinode aan die te benoeme Deputate gegee word.)

Om aandag te gee hoe die eenheid en welsyn van die kerke die beste gedien kan word binne die nuwe reëlings.

Hoe groter deelname en betrokkenheid van al die kerke bereik kan word binne die konteks van diversiteit.

Om in die algemeen indringend te kyk na 'n meer vaartbelynde werkswyse waarin behoorlike aandag aan alle sake gegee kan word, sonder om teen die einde van die Sinode in 'n drukgang te beland en oorhaastige besluite te neem.

Deputate: KO, art 48

Opdragte

Om in ooreenstemming met KO, art 48 te poog om Sinode Soutpansberg te oortuig tot gesprek.

Om in samewerking met die Deputate Ekumeniese Sake 'n versoek tot die *Christelike Gereformeerde Kerken Nederland* (CGKN) en die *Christian Reformed Churches North America* (CRCNA) te rig om tydens die beoogde gesprekke as adviseurs op te tree.

Motivering: Beide hierdie kerke het historiese noue bande met sowel die kerke van die Nasionale Sinode Soutpansberg, as met die Algemene Sinode Potchefstroom.

Om, indien Sinode Soutpansberg instem tot gesprek, die volgende as moontlike Agenda vir so gesprek voor te hou:

- a. Enige sake wat kerklike verhoudinge tussen die Algemene Sinode en Sinode Soutpansberg vertroebel.
- b. Teologiese Opleiding.
- c. Die pad van versoening op gemeentevlak.

Besluit: Punt 4.1 tot 4.5.3.1.3 word goedgekeur.

'n Brief aan Sinode Soutpansberg

Die Sinode besluit: dat 'n brief aan Sinode Soutpansberg gerig word met die onderstaande inhoud:

Die Deputate Korrespondensie,
Sinode Soutpansberg.
Geliefde Broers in Jesus Christus,
GESPREK TUSSEN DEPUTATE VAN DIE ALGEMENE SINODE EN SINODE
SOUTPANSBERG
Die Algemene Sinode het in Januarie 2009 vergader met afgevaardigdes uit die ressorte van die voormalige Sinodes Potchefstroom en Middellande. Dit was 'n vreugde om so as kerke te vergader en die eenheid in Christus te ervaar. Ons dank die Here vir sy seën en leiding dat die Gereformeerde Kerke in SA hierdie belangrike stap kon neem.
Ons het egter die kerke uit Sinode Soutpansberg gemis en spreek ons hartseer en spyt uit dat daar steeds sake is wat verhinder het dat u saam met ons vergader het.
Daar is met hartseer by die Algemene Sinode gerapporteer dat u Deputate KO, art 48 nie deelgeneem het aan die gesprekke met die oog op herstrukturering van meerdere vergaderings nie. Die Algemene Sinode neem kennis dat daar steeds sake uit die verlede is (u noem dit "key issues") wat in die weg van eenheid staan.
Ons neem egter ook met dankbaarheid kennis dat die deur vir gesprek met Sinode Soutpansberg oop staan.
Daar is met kommer daarvan kennis geneem dat daar liefdelose optrede op gemeentevlak tussen gemeentes van Soutpansberg en gemeentes binne die ressort van die Algemene Sinode bestaan. Ook dat Sinode Soutpansberg teologiese opleiding in Pretoria verkies bo die Gereformeerde Kerke se opleiding in Potchefstroom.

Dit is van uiterste belang dat ons twee Sinodes met mekaar in gesprek tree. Ons sien dit as die enigste wyse waarop die onsekerheid oor die verhoudinge tussen Soutpansberg en ons gemeentes, asook die Algemene Sinode, uit die weg geruim kan word. Daarom versoek ons u dringend om tot 'n KO, art 48-gesprek in te stem. Die Algemene Sinode het besluit dat hulle die CGKN en CRCNA gaan vra om afvaardigings te stuur om ons in hierdie gesprek te adviseer. Die agenda vir die vergadering kan saam met u bepaal word. Op hierdie stadium vind ons dat die volgende sake dringende aandag verdien:

1. Enige sake wat kerklike verhoudinge tussen die Algemene Sinode en Sinode Soutpansberg vertroebel.
2. Teologiese Opleiding.
3. Die pad van versoening op gemeentevlak.

Ons vertrou dat u positief sal reageer op hierdie uitnodiging. Weens die erns daarvan versoek ons dat u nie later as Junie 2009 hierop antwoord nie.

U broers in Christus,

.....

Deputate KO, Art 48, Algemene Sinode 2009.

Besluit: Brief aan Sinode Soutpansberg word goedgekeur en word verwys na die Deputate om ook 'n brief in oorleg met Klassis Krokodilrivier aan Klassis Tshwane te rig. Prof Peels stel die volgende inligting tot die brief voor wat goedgekeur word: "Dit is ons diep verlange om die goeie relasie tussen u en ons te herstel, en van ons kant al die hindernisse daartoe weg te neem. Graag wil ons saam met u spreek oor 'n gesamentlike visie op die toekoms van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika."

Dat 'n afskrif van die brief aan Soutpansberg saam met die versoek aan die *Christelike Gereformeerde Kerken Nederland* (CGKN) en die *Christian Reformed Churches North America* (CRCNA) gestuur word.

Dat 'n kennisgewing oor die beoogde gesprek met Soutpansberg aan al die gemeentes in Klassis Capricorn gestuur word waarin hulle op hoogte gebring word. Die brief moet hulle ook bemoedig en aanmoedig tot versoenende optrede.

Dat hierdie Deputate aandag gee aan die probleme wat in die Beskrywingspunt van Streeksinode Bosveld (20.9) genoem is, en waaraan gevolg gegee is.

Al die betrokke kerke word opgeroep tot ernstige verootmoediging en voorbidding vir die verhoudinge op persoonlike-, gemeente- en sinodale vlak, vir versoening tussen gelowiges en vir leiding in gesprekke.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handeling.

20.4 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Art 84)

MMMMMMM. Prof A le R du Plooy lewer die Rapport.

NNNNNNN. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

OOOOOOO. Die Voorsitter van die Sinode rig 'n besondere dankwoord aan die Deputate vir die kundige werk deur hulle verrig met die versoek dat 'n skrywe in hierdie verband aan die Deputate gerig word.

PPPPPPP. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2003:454-458. Besluit: Kennis geneem

Vgl Acta 2006:401. Besluit: Goedgekeur

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Verskeie kerke en kerklike instansies waaronder plaaslike kerke, Deputategroepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. Hieronder word die belangrikste sake aangedui waarvoor advies of leiding gevra is, en waarmee die Deputate hulle ter uitvoering van hulle opdragte besig gehou het. Die aard van die werksaamhede van die Deputate is soms sodanig dat advies telefonies en/of mondelings gegee moet word, insoverre dit moontlik is. Die Deputate het verskeie kere vergader om aan meer ingewikkelde of belangrike sake en versoeke aandag te gee.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aan die volgende sake is aandag gegee

3.1 Huurooreenkoms – Wanprestasie van Regshulpsentrum.

3.2 Brief van ds Pieter Kurpershoek.

3.3 Mededeling insake die vrystelling van Inkomstebelasting deur kerke: (a) Plaaslike kerke

3.4 Reglement en Voorgestelde Reglement van die Bestuur van die Administratiewe Buro.

3.5 Ontmoeting met Kerkrade van Waterkloofrand en Rietvallei.

3.6 Advies oor die regsposisie van die Burgersdorp Museum.

3.7 Advies aan Deputate, KO, art 48, i/s die kerklike struktuur.

3.8 Advies aan Burgersdorp Museum en Noordwes Universiteit.

3.9 Advies oor 'n skrywe van die Gereformeerde Kerk Waterberg insake die aanstelling van 'n persoon in die deelpos Latyn/Kerk- en Dogmageskiedenis.

3.10 Advies aan die Gereformeerde Kerk Tshiwelo.

3.11 Versoek om Krugerskraal aan te koop.

3.12 Brief van Br PJ van der Walt van Klerksdorp i/s wysiging van ooreenkoms tussen hom en Administratiewe Buro.

3.13 Voorlegging vir advies van die Reglement vir die Dankbaarheidsfonds.

3.14 Advies oor die moontlike naamsverandering van die GKSA.

3.15 Advies insake uitgewersooreenkoms ivm die Psalmboek.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.15.

4. Sake vir besluitneming

Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleentehede met die opdrag om kerke, kerklike vergaderings, Deputate, en instansies waaronder die Administratiewe Buro en die Kuratorium in dringende aangeleentehede en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien, en/of te help om regsadvies te verkry.

Besluit: Goedgekeur.

20.5 BESWAARSKRIF: GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM TEEN BESLUIT VAN SINODE 1964: OOR WYSIGING KO, ART 31 (Artt 19, 35, 289, 300)

QQQQQQQ. Ds PA Coetzee stel die Beswaarskrif.

RRRRRRR. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 3.

SSSSSSS. Ds FM Dreyer rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 3.

TTTTTTT. **Besluit:** Goedgekeur soos gewysig. Die Kommissie is di PA Coetzee (s), FM Dreyer, drr JH Howell, J Smit, CJ Smit en GJ Meijer met adviseurs proff A le R du Plooy en CFC Coetzee.

UUUUUUU. Ds FM Dreyer rapporteer namens die ad hoc-kommissie.

VVVVVVV. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluit waarteen beswaar gemaak word**

“Besluit: Dit word goedgekeur” Acta 1964:73, 35.

2. **Bewoording KO, art 31 voor verandering in 1964 en na 1964**

Voor 1964

“As iemand ’n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op ’n meerdere vergadering beroep; en wat deur die meeste stemme goed gevind is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of met die Artikels van hierdie Kerkorde, solank as hulle nie deur ’n ander Algemene Sinode verander is nie.”

KO, artikel 31 goedgekeur tydens Sinode 1964 (Acta 1964:59)

“Wat op ’n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter ’n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op ’n meerdere vergadering beroep.”

3. **Agtergrond en opdrag van Deputate 1961**

Deputate het die opdrag ontvang in 1961 om die Kerkorde te hersien (Acta 1961:347).

Hulle opdrag was soos volg:

“a. Wat die omvang betref:

- (1) Redaksionele wysiging van verouderde uitdrukkings wat aanleiding tot misverstand kan gee;
- (2) byvoegings, weglatings of veranderings by artikels wat noodsaaklik behoort gedoen te word. (vgl KO, art 86).

b. Hoe die wysigings moet geskied:

- (1) Van die bestaande nommering van die Kerkorde moet nie afgewyk word nie.
- (2) Sover moontlik moet gehou word by die bestaande bewoording van die Kerkorde.

Die Deputate het tydens Sinode 1964 hulle Rapport voorgehou en dit is goedgekeur.

4. **Beswaargronde**

Die Deputate het buite hulle opdrag gehandel

Motivering

Die verskil tussen die bewoording van KO, art 31 voor 1964 en na 1964 is wesentlik en voldoen nie aan die opdrag aan die Deputate om “sover moontlik ... by die bestaande bewoording van die Kerkorde” te hou nie. In dié verband het die Deputate buite hulle opdrag gehandel.

In 'n artikel in *Die Kerkblad* skryf prof B Spoelstra (November 2007:28): “Deputate moes die Sinode van die GKSA oor bloot redaksionele verbetering van die 86 Kerkorde-artikels adviseer. Prof Peet Coetzee en ek is nog al van die vyf Deputate wat leef. Ek herinner my hoe een voorgestel het om KO, art 31 te verbeter deur eers die beginsel te stel dat kerkvergaderings met meerderheid van stemme besluite neem en dan appèlreg as uitsondering te laat volg. Ons het dit sonder om te studeer of te motiveer, aanbeveel en Sinode 1964 het dit sonder teenstem aanvaar (Acta:59, 70).”

KO, art 31 is sonder voldoende motivering gewysig (KO, art 46)

Motivering

Die motivering soos verskaf deur die Deputate in Handeling 1964:70, is onvoldoende om die omvang van die wysiging van die artikel te begrond. Met sodanige verandering moet die noodsaaklikheid duidelik aangetoon word, volgens KO, art 46.

Die implikasies van die besluit word duidelik behandel in “Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering” van prof B Spoelstra, p191 en 192. Vergelyk ook die aangehaalde artikel in 4.1.

“Die Sinode van 1964 bepaal met KO, art 31 nou dat die meerderheid stemme in enige kerkvergadering oor enige saak besluit wat ‘vas’ en ‘bindend’ sal wees, en voeg die reëling van appèl, waaroor dit eintlik in KO, art 31 gegaan het, soos ’n nagedagte in die nuwe KO, art 31 by” in: *Die Kerkblad*, November 2007:29.

KO, art 31 se wysiging in 1964 het ’n wesentlike verandering in die bedoeling van die oorspronklike art 31 aangebring, terwyl die noodsaaklikheid van die verandering (KO, art 46) nie aangetoon is nie

Motivering

“Waar die ou redaksie net gehandel het oor die reg van appèl (of beroep), word in die huidige die gesagvolle afhandeling van die Agenda op die voorgrond gestel, om daarna eers te stel dat appèl moontlik is wanneer besluite strydig is met Gods Woord of iemand verontreg. “GPL van der Linde: ’n Verklaring van die Kerkorde: p127.” Vir verdere motivering kan ook gekyk word na “Korte Verklaring van die Kerkorde” van ds Joh Jansen, 1952:146 en verder. Die noodsaaklikheid om volgens KO, art 46 die artikel so te verander, ontbreek.

In die boek “Reformatie en Rebelle” van dr RH Bremmer, p187 en 188, wys hy daarop dat die Kerkorde van Dordrecht (1578) die appèlreg en hantering daarvan in die kerk reël in artt 19 en 23. Die Sinode van Middelburg wysig dit ietwat, sodat dit ooreenstem met die Dordtse Kerkorde, art 31 (1618/1619). Hierdie bewoording kom ooreen met die bewoording van die Kerkorde van die GKSA voor 1964. Dit gaan egter primêr oor beslissing in appèlsake waarin die meerderheid van stemme die uitslag gee. Daar is egter een uitsondering in DKO, art 31: “*ten zij dat het bewesen werde te strijden teghen het Woordt Godts, ofte teghen de artijckelen in onsen generalen Sijnodo besloten, soo langhe als deselve door gheen andere generale Sijnode verandert zijn.*” Die gevolgtrekking van Bremmer is: “*De evidentie van het Woord Gods kreeg zo haar spits tegen het besluit van de meerderheid.*”

Die konklusie is dus: Dit was nie die bedoeling van die DKO, art 31 om soos tans, te bepaal dat **alle sake** met meerderheid van stemme, beslis moet word nie.

Die meerderheidstem bepaal nou wat op ’n kerklike vergadering “vas en bindend” is en dit is vreemd aan die geestelike bestuurswyse van die kerk wat haar alleen moet laat rig en lei deur die beginsel van sola Scriptura

Motivering

Ons kan die motivering nie beter verwoord as in die artikel van prof B Spoelstra in *Die Kerkblad* van November 2007:28 nie:

“Ons het in 1964 nie raakgesien nie dat KO, art 31 in 1619 slegs die reg aan ’n individu (of groep) wou gee om ’n beroep op ’n meerdere vergadering teen ’n besluit van ’n mindere vergadering te doen en dit sou deur die ‘meeste stemme’ beslis word. Dit wou en het hoegenaamd nie gesag vir kerkvergaderings gereguleer nie, omdat *sola Scriptura* in die Belydenis bely was. KO, art 31 (reg van appèl) volg nie om dowe neut op KO, art 30 wat weer op KO, art 29 volg nie. Die Kerkorde gee een organiese ‘orde’

en bevat nie afsonderlike wetsbepalings in artikels nie. Artikel 29 reël ad hoc samekomste van gemeentes en skep nie strukture nie. Elke samekoms verdwyn as hy sy doel gedien het. Artikel 30 beperk elke vergadering by *kerklike sake* en by wat *op daardie vergadering tuishoort en daar op kerklike wyse afgehandel kan word.*"

"Die rasionalisties-abstrakte idee van "staat en kerk" as twee dominerende strukture kom eers in 1633 met Hobbs se "*Leviathan*" na vore. Die bewoording wat Sinode 1964 dus aan KO, art 31 gee, was voor 1816 nie haalbaar nie, omdat op politieke en kerklike gebied die beginsel van 'plaaslike vryheid en verantwoordelikheid' gegeld het. Die vertrekpunt in die Reformasie was dus dat die plaaslike kerk die universele kerk van God sigbaar maak (HK, So 21, 38; NGB, 27-32). Daarom was dit belangrik dat KO, art 31 die beperking in KO, art 30 ophef sodat gelowiges wel 'n besluit van 'n mindere vergadering op 'n meerdere vergadering aan Skrif, Belydenis en Kerkorde kon laat toets. In hierdie toets sou 'die meeste stemme' die uitkoms beslis tussen gronde waarop die besluit geneem was en gronde wat in die appèl aangevoer word. Hierdie 'kerklike wyse' van besluitneming op bepaalde gronde verskil van die 'kerklike wyse' waarop kerklike vergaderings oor sake wat daar tuishoort, besluit het."

"Die Sinode van 1964 bepaal met KO, art 31 nou dat die meerderheid stemme in enige kerkvergadering oor enige saak besluit wat 'vas' en 'bindend' sal wees, en voeg die reëling van appèl, waaroor dit eintlik in KO, art 31 gegaan het, soos 'n nagedagte in die nuwe KO, art 31 by. Dit swyg oor wie, hoe en waar 'bewys' moet word dat 'n besluit nie geld nie, omdat dit met die Skrif of Kerkorde bots. Gevolglik verleen '*tenzy bewys word*' as 't ware 'n 'ratifikasiereg' aan persone en kerkvergaderings ten opsigte van besluite en maak die weg oop vir anargie."

"Die gesag van die meerderheidstem is vreemd aan 'n geestelike bestuurswyse wat by die wese van die kerk as liggaam van Christus pas (Joh 4:23, 24). Die Skrif ken nie die gesag van die meerderheid in godsdienstige en kerklike sake nie. Trouens, die meerderheid van die 12 verspieters van Kanaän was verkeerd. Al wat saak maak, is watter gesag die stemme weergee. Sake wat belydenis (bv. op Sinode Dordrecht 1618), liturgie of Kerkorde raak (KO, art 86), moet met 'algemene stemme' beslis word. Dit wil sê na 'n stemming moes die minderheid konformeer, en indien hulle om gewetenswil nie kon nie, moes die status quo geld totdat deur oortuiging of amendamente 'algemene stemme' verkry word. Vroeëre Sinodes van die GKSA ken die prosedure."

'n Praktiese voorbeeld in die geskiedenis van die GKSA waar nie net bloot met meerderheid van stemme besluit is nie, was met die beroeping van prof Jan Lion Cachet (Cachet soos gespel in die Handeling). Op 20 Mei 1869, tydens die Sinode op Potchefstroom, word hy as professor vir die Teologiese Skool Burgersdorp beroep. Sinode 1869 bepaal dat die beroeping met tweederde meerderheid moet geskied. Daar is uiteindelik met die lot beslis toe daar nie 'n tweederde meerderheid behaal is nie.

5. Hiermee versoek die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom dat KO, art 31 dringend hersien moet word om na die oorspronklike bedoeling van die artikel terug te keer.

WWWWWWW. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif: Gereformeerde Kerk Potchefstroom teen besluit van Sinode 1964 oor wysiging KO, art 31.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Inhoud: Beswaarskrif*

- 2.1.1 Die besluit van Sinode 1964 waarteen beswaar gemaak word, word in 1 aangedui. Die besluit word nie soos die Beswaarskrif aantoon in art 35 nie, maar in art 38 gevind (Acta 1964:52, 38)

- 2.1.2 Die bewoording van KO, art 31 voor en na die verandering deur Sinode 1964 word in 2 weergegee.
- 2.1.3 In 3 word die opdrag deur Sinode 1961 aan die Deputate aangehaal.
- 2.1.4 Die Beswaarskrif voer vier gronde aan vir die versoek dat KO, art 31 hersien moet word.
- 2.2 *Werkswyse*
- 2.2.1 Die Kommissie het vergader en die saak by verskeie geleenthede bespreek. Almal wat die Kommissie wou spreek, is aangehoor, insluitend die toeliger, ds PA Coetzee.
- 2.2.2 Advies is van proff CFC Coetzee en A le R du Plooy ontvang en in aanmerking geneem.
- 2.2.3 Die besluite van Sinodes 1952 (Acta 1952:152.4; 162, 233), 1955 (Acta 1955:172-179), 1958 (Acta 1958:95-106), 1961 (Acta 1961:314-347) en 1964 (Acta 1964:52-73) is nagegaan.
- 2.2.4 Die beswaargronde en motiverings is geweeg. In die lig daarvan is bevindings gemaak. Op grond hiervan word aanbevelings gemaak vir besluitneming deur die Sinode.
- 2.3 *Opmerkings: Beredenering van die Beswaarskrif*
- 2.3.1 Die hart van die beswaar is dat Sinode 1964 met die verandering van die woordvolgorde van KO, art 31 'n wesentlike verandering (Beswaargrond 3, 4.3) aan die oorspronklike bedoeling van die artikel aangebring het.
- 2.3.1.1 Hierin het die Deputate na bewering buite hulle opdrag gehandel (Beswaargrond 1, 4.1). Die motivering vir so 'n omvangryke verandering ontbreek (Beswaargrond 2, 4.2).
- 2.3.1.2 Die wesentlike verandering word aangedui as dat die meerderheidstem (Beswaargrond 4) "nou" op kerklike vergaderings bepaal wat vas en bindend is. Volgens die beswaar was die oorspronklike bedoeling slegs om die kerklike appèl te reël.
- 2.4 *Beoordeling: Beswaarskrif se beredenering*
- 2.4.1 Bindende besluit op kerklike vergaderings is sedert Dordrecht 1578 by wyse van die meerderheid van stemme gereël. Dit is tans die gebruik in die GKSA.
- 2.4.2 KO, art 31 het sedert sy ontstaan twee bepalinge gereël – die kerklike appèl en bindende besluite. Die onderskeid word deur die meeste kerkregtelikes erken (Jansen, 1952:146; Kruger *et al.*, 1966:191; Van der Linde, 1983:127; Van Dellen, 1941:140-41) terwyl Spoelstra (1989:191) drie bepalinge aandui.
- 2.4.3 Indien KO, art 31 slegs oor die kerklike appèl handel, is die beswaar geldig. Die Kommissie oordeel dat KO, art 31 die kerklike appèl en bindende besluite reël.
- 2.4.4 Die omruiling van die twee sinne kon moontlik 'n klemverskuiwing in die artikel teweeggebring het.
- 2.4.5 Die wysiging sou binne die opdrag aan die Deputate gemotiveer kon word. Verdere motivering kom in die historiese aanloop tot die opdrag na vore.
- 2.5 *Bevinding*
- 2.5.1 Daar word nie voldoende motivering gegee om enige van die beswaargronde te handhaaf nie (vgl. die detail beredenering van die beswaargronde in Bylae A).
- 2.5.2 Nie die huidige bewoording van KO, art 31 nie, MAAR die verkeerde toepassing en gebruik van die veranderde volgorde kan aanleiding gee tot besware soos die Beswaarskrif aangetoon.
- 2.5.3 Aangesien die huidige bewoording aanleiding kan gee tot moontlike misverstand en tot misbruik in die toepassing van die artikel, is dit wenslik dat 'n wysiging daarvan ná deeglike studie oorweeg word. Uitdrukkings wat tot misverstand aanleiding kan gee, dien as genoegsame motivering vir die hersiening en moontlike wysiging van Kerkorde artikels (Acta 1961:347, 2).

Besluit: Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.5.3.

3. Aanbevelings: die Sinode besluit

3.1 Kennis word geneem van 1 en 2 van die Rapport.

Besluit: Afgehandel.

3.2 Kennis word geneem van die beredenering in Bylae A.

Besluit: Afgehandel.

3.3 In die lig van die bevinding (2.5) kan 'n wysiging in die bewoording van KO, art 31 oorweeg word. Genoegsame motivering moet egter daarvoor voorgelê word.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om

3.4.1 die moontlike hersiening/wysiging van die bewoording van KO, art 31 te ondersoek;

3.4.2 om aanbevelings daaroor met die nodige motivering aan die volgende sitting van die Sinode voor te lê vir besluitneming

3.4.3 in die studie veral aandag te gee aan hoe die Skrif en Skrifbegroning in kerklike besluitneming en besluite duideliker na vore gebring kan word.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. Die Kommissie is di PA Coetzee (s), FM Dreyer, drr JH Howell, J Smit, CJ Smit en GJ Meijer met adviseurs proff A le R du Plooy en CFC Coetzee.

XXXXXXX. KOMMISSIERAPPORT – BYLAE A: BEREDENERING VAN BESWAARGRONDE

1. Beswaargrond 1

1.1 Die beswaargrond beweer dat die Deputate buite hulle opdrag gehandel het (4.1). Wat was die opdrag aan die Deputate? Die opdrag (Acta 1961:347, 2) gee riglyne vir die omvang en wyse van wysigings aan artikels van die Kerkorde.

1.1.1 Ten opsigte van die omvang word opdrag gegee dat

1.1.1.1 verouderde uitdrukkings en uitdrukkings wat tot misverstand aanleiding kan gee, redaksioneel gewysig kan word

1.1.1.2 byvoegings, weglatings of veranderings gedoen word waar dit noodsaaklik is.

1.1.2 Ten opsigte van die wyse word opdrag gegee dat

1.1.2.1 nie van die bestaande numering afgewyk moet word nie

1.1.2.2 sover moontlik by die bestaande bewoording van die Kerkorde gehou moet word.

1.2 Die beswaargrond word gemotiveer deur twee bewerings

1.2.1 Die **eerste** is dat die bewoording van KO, art 31 1964 wesentlik verander is. Geen motivering word in beswaargrond 1 vir die bewering gegee nie. Die verwysing na en aanhaling uit die artikel van prof B Spoelstra (*Die Kerkblad*, Nov 2007:28) motiveer ook nie die bewering nie.

1.2.2 Die **tweede** bewering is dat daar nie by die bestaande bewoording gehou is nie.

1.3 In beoordeling van die beswaargrond moet die volgende vraag beantwoord word: Het die Deputate met die wysiging van die bewoording buite hulle opdrag gehandel? Volgens oordeel van die Kommissie beweer die beswaargrond dit, maar bewys dit nie. Die opdrag dat daar sover moontlik gehou word by die bestaande bewoording van die Kerkorde, sluit nie wysiging van die bewoording uit nie. Die frase “sover moontlik” maak die verandering van die bewoording moontlik. So ook die opdrag tot redaksionele wysigings en veranderings. Redaksionele wysigings beteken dat woorde en die volgorde van woorde wel verander kan word.

1.4 Die beswaargrond en sy motivering wys nie aan watter wysigings aan die bewoording gemaak is nie. Volgens die Kommissie is die volgende wysigings aan die bewoording aangebring:

1.4.1 Woorde/frases word weggelaat. Die frase “wat deur die meeste stemme goed gevind is”, asook die frase “solank as hulle nie deur 'n ander Algemene Sinode verander is nie” word weggelaat.

1.4.2 Woorde/frases word verander. Die woorde “meeste stemme” word verander tot “meerderheidstem”.

- 1.4.3 Die volgorde van woorde word gewysig. Die artikel word weer in twee sinne verdeel soos by die Sinode van Dordrecht 1618/19 (Hooijer, 1865:453; Kerkenordening, 1886:8). Die sinne word egter omgeruil. Hierdeur word die histories tweede deel van die artikel eerste gestel.
- 1.5 Die beswaargrond en sy motivering dui nie aan dat en waarom die wysigings buite die opdrag van die Deputate val nie.
- 1.6 **Bevinding: Beswaargrond 1**
Die opdrag aan die Deputate deur Sinode 1961 laat – soos in die beredenering aangetoon – die wysiging van die bewoording van KO, art 31 toe. Indien die gewysigde bewoording van KO, art 31 vergelyk word met die bewoording in die hersiene Kerkorde (Acta 1961:332, 29, 30 en 31; vgl 2.4.7), blyk dat die opdrag uitgevoer is om so na as moontlik aan die oorspronklike bewoording te bly. Daarom het die Deputate nie, soos die beswaargrond beweer, buite hulle opdrag gehandel nie.

2. Beswaargrond 2

- 2.1 Die beswaargrond beweer eerstens dat KO, art 31 deur die besluit van 1964 gewysig is, en tweedens dat dit sonder voldoende motivering (KO, art 46) gedoen is (4.2).
- 2.2 Die beswaargrond word gemotiveer deur 'n verwysing na die motivering wat die Deputate daarvoor verskaf het (Acta 1964:70, art 31). Die motivering is volgens die beswaargrond onvoldoende om die omvang van die wysiging van die artikel te begrond. Die motivering meld dat die wysiging van so 'n aard is dat die noodsaaklikheid daarvoor aangetoon moes word. Wat die *“omvang van die wysiging”* is, word egter nie in die beswaargrond aangedui nie.
- 2.3 In die motivering word genoem dat die implikasies van die besluit duidelik behandel word deur Spoelstra (1989:191-192). Die motivering self dui nie aan wat die implikasies is en hoe dit die beswaargrond ondersteun nie. 'n Verwysing na 'n bron kan nie as bewyslewing aanvaar word nie. Die Beswaarskrif moet self die bewyse lewer.
- 2.4 Verder verwys die motivering na 'n artikel van prof B Spoelstra (*Die Kerkblad*, Nov 2007:29). 'n Deel van die artikel word aangehaal. Die aanhaling maak geen melding van die motivering of gebrekkige motivering vir die beweerde wysiging van KO, art 31 nie. Hoe die artikel en die aanhaling beswaargrond 3 ondersteun, word nie aangetoon nie.
- 2.5 Watter motivering het gedien vir die wysiging van KO, art 31 deur Sinode 1964? Die beswaargrond verwys na die motivering van die deputate (Acta 1964:70, 31). Hierin word die weglating van die frase *“solank as hulle nie deur 'n ander Algemene Sinode verander is nie”* gemotiveer as 'n onnodige duplisering van KO, art 86. KO, art 86 reël die wysiging van die artikels van die Kerkorde. Die weglating word met geldige motivering gedoen. Hierdie motivering (Acta 1964:70, 31) is egter nie al motivering vir die wysiging van KO, art 31 deur Sinode 1964 nie.
- 2.6 In die beswaar word die motivering in die opdrag van Sinode 1961 (Acta 1961:347, 186) nie verreken nie. Die opdrag is tersake omdat die besluite van Sinode 1964 om die Kerkorde te wysig, daaruit voortkom. Die opdrag van Sinode 1961 gee twee motiverings vir die wysiging van Kerkorde-artikels – dus ook vir KO, art 31. Verouderde uitdrukkings en uitdrukkings wat aanleiding kan gee tot misverstand, kan gewysig word. Die weglating van die frase *“wat deur die meeste stemme goed gevind is”* en die vervanging van die woorde *“meeste stemme”* met *“meerderheidstem”* kan verantwoord word in die lig van die motivering van die opdrag dat verouderde uitdrukkings gewysig word.
- 2.7 Die beswaar neem ook nie die motivering in 'n hersiene Kerkorde op die tafel van Sinode 1961 (Acta 1961:314-317) in ag nie. Die opdrag tot hersiening word vanuit hierdie hersiene konsep gedoen. Die Kerkorde word weer in hersiening geneem (Acta 1961:347, 103). In die hersiene Kerkorde word artikel 31 in drie artikels verdeel omdat *“elke deel opsigself van groot belang is”* (Acta 1961:332, art 29).

- 2.7.1 In die eerste artikel word die wyse en gesag van besluite van meerdere vergaderings verwoord. As motivering word gestel dat 'n artikel noodsaaklik is om aan te dui hoe 'n vergadering tot besluit kom en hoe die besluit beskou moet word. (Acta 1961:332, art 29).
- 2.7.2 In die tweede artikel word gereël dat iemand op grond van die Skrif en Kerkorde beswaar kan maak teen 'n besluit van 'n vergadering. Die prosedure vir die beswaar word ook in die artikel gereël (Acta 1961:332, art 30).
- 2.7.3 In die derde artikel word die reg tot appèl gereël. Hierin word die bewoording van KO, art 31 weergegee soos voor dit deur die besluit van Sinode 1964 gewysig is:
“As iemand 'n klag het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep; wat op daardie vergadering met meerderheid van stem besluit word, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys kan word dat dit in stryd is met die Woord van God of die Kerkorde.”
- 2.7.4 Die beredenering toon dat daar meer motivering was vir die besluit van Sinode 1964 om artikel 31 te wysig as wat beswaargrond 2 weergee.
- 2.8 **Bevinding: Beswaargrond 2**
 Die motivering van beswaargrond 2 verreken nie al die motivering – soos aangetoon in 2.4 – vir die wysiging van KO, art 31 nie. Daarom beweer beswaargrond ten onregte dat die besluit van Sinode 1964 in die verband sonder die nodige motivering geneem is.

3. Beswaargrond 3

- 3.1 Die beswaargrond beweer dat die besluit van Sinode 1964 KO, art 31 wesentlik verander het en dat die noodsaaklikheid vir die verandering nie in die lig van KO, art 46 aangetoon is nie (4.3).
- 3.2 As eerste motivering vir die bewering dat KO, art 31 wesentlik verander is, word opmerkings deur Van der Linde (1983:127) aangehaal. Hierin word gewys dat die historiese tweede sin nou eerste gestel word. Die aanhaling gee geen aanduiding dat die verandering artikel 31 wesentlik raak nie. Van der Linde se mening dat artikel 31 net gehandel het oor die reg van appèl, kan nie aanvaar word nie. KO, art 31 het tot stand gekom deur die samevoeging van twee artikels van die Sinode van Dordrecht 1578 – die reg tot appèl (art 19) en die bindingskrag van die besluite (art 23; Hooijer, 1865:148-9). In die hersiene Kerkorde op die tafel van 1961 word die twee bene van KO, art 31 duidelik onderskei (Acta 1961:332, art 29). Die een been is die wyse en gesag van besluite, en die ander been die reg tot appèl.
- 3.3 In die motivering van beswaargrond 3 word tweedens verwys na 'n verklaring van die Kerkorde (Jansen, 1952:146). Geen verdere aanduiding word gegee oor hoe die verwysing die beswaargrond ondersteun nie. 'n Verwysing na 'n bron kan nie as motivering dien nie. Die opstellers van die Beswaarskrif moet self die nodige bewyslewering doen.
- 3.4 'n Derde motivering word gegee ter ondersteuning van hierdie beswaargrond. Hierin word beweer dat die noodsaaklikheid vir die verandering (KO, art 46) nie aangedui is nie. Geen verdere motivering word vir die bewering gegee nie. In die bewering word die historiese aanloop van die besluit nie verreken nie.
- 3.4.1 Die Sinodes van 1952 (Acta 1952:152.4; 162, 233), 1955 (Acta 1955:172-179), 1958 (Acta 1958:95-106) en 1961 (Acta 1961:314-347) se besluite toon hoe die saak op die tafel van Sinode 1964 (Acta 1964:52-73) gekom het vir besluitneming.
- 3.4.2 Die saak kom op tafel na aanleiding van korrespondensie met die *“Geref Kerken in Nederland”* (Acta 1952:152, 4). Alhoewel die GKSA geen behoefte aan hersiening voel nie, word besluit om 'n studie te maak of en hoe die Kerkorde hersien moet word (Acta 1952:162, 233). Deputate word vir die doel aangestel.
- 3.4.3 Die noodsaak om die Kerkorde te hersien, word deur die Deputate aangewys (Acta 1955:176-77). In die lig hiervan word besluit om Deputate te benoem wat die Kerkorde moet hersien (Acta 1955:179, c). Die opdrag vir hersiening en wysiging wat

- hier gegee word, word teruggevind in die opdrag van Sinode 1961 (Acta 1961:347, 186). Sinode 1955 stel die riglyn dat “... sake wat direk aan die Skrif ontleen is ...” nie verander word nie en dat bepalings wat nie direk uit die Skrif afgelei is nie, wel verander kan word (Acta 1955:174-5, 3a).
- 3.4.4 Uit die historiese verloop is dit duidelik dat die noodsaak vir die wysiging van die Kerkorde nie aan die hand van ’n Beswaarskrif of Beskrywingspunt in die lig van KO, art 46 bewys is nie. Die noodsaak het na vore gekom uit die kerke – in wyere kerkverband, die Gereformeerde Kerke in Nederland. Die noodsaak is bevestig deur die studie van Deputate. In die lig daarvan word die Kerkorde – ook KO, art 31 – in die besluit van Sinode 1964 gewysig. Indien KO, art 46 wetties toegepas word, is die noodsaak vir die wysiging nie in die lig van die artikel bewys nie. Aangesien die noodsaak wel aangetoon is, het Sinode 1964 in sy besluit nie strydig met KO, art 46 gehandel nie.
- 3.5 In die lig van die beredenering in 2.5.2 kan die bewering dat dit in KO, art 31 primêr oor appèlsake gaan, nie aanvaar word nie. Die besluit wat oor ’n appèl geneem word, word op dieselfde wyse geneem as wat bindende besluite deur ’n kerklike vergadering geneem word – met meerderheid van stemme.
- 3.6 Die motivering van beswaargrond 3 kom tot die konklusie dat dit nooit die bedoeling van KO, art 31 was dat alle sake met meerderheid van stemme beslis moet word nie. Die konklusie kan met reg bevestig word. ’n Kerklike vergadering kan nie ’n bindende besluit sonder meerderheid van stemme neem nie. Dit is die wyse waarop besluite geneem word. Alle besluite word met meerderheidstem geneem – sommige met algemene instemming. Die oorspronklike bedoeling van KO, art 31 was dat die meerderheid se oordeel in die lig van die Skrif gedien het as advies vir die besluit van die vergadering wat met algemene instemming, wat eenstemmig geneem is (Dordrecht 1578, 23; Hooijer, 1865:149).
- 3.7 **Bevinding: Beswaargrond 3**
Die beredenering toon dat die beswaargrond en sy motivering nie die historiese konteks van Sinode 1964 se besluit in ag neem nie. In Sinodebesluite wat aanleiding gee tot die wysiging, is die noodsaak daarvan duidelik aangedui. Daarom is die beginsels van KO, art 46 eerbiedig en is beswaar dat die noodsaaklikheid (KO, art 46) nie aangedui is nie, ongegrond.

4. Beswaargrond 4

- 4.1 In die beswaargrond word beweer dat die meerderheidstem nou op ’n kerklike vergadering besluit wat “vas en bindend” is. Die beswaargrond wys die besluitneming af met die volgende motivering
- 4.1.1 dit is vreemd aan die geestelike bestuurswyse van die kerk
- 4.1.2 die kerk moet haar alleen laat rig en lei deur die beginsel van sola Scriptura.
- 4.2 Die historiese ontwikkeling van KO, art 31 (vgl 2.5.2) toon dat bindende besluite op kerklike vergaderings van die begin af met “meerderheid van stemme” geneem is. Dit was en is die wyse waarop bindende besluite op kerklike vergaderings geneem word.
- 4.3 Die beswaargrond verbind die gesag van kerklike besluite aan die meerderheidstem. Die meerderheidstem bepaal nou, volgens die beswaargrond, watter besluite vas en bindend is. Die vraag is of dit aan die huidige bewoording van KO, art 31 toegeskryf kan word? Die betekenis wat aan die begrip “meerderheidstem” toegeken word, is bepalend vir die beantwoording van die vraag. Indien “meerderheidstem” binne die konteks van die sekulêre lewe verstaan word, word gesag in demokratiese besluitneming aan die stem van die meerderheid toegeken. Indien die begrip binne die konteks van die Kerkorde verstaan word, is meerderheidstem die wyse van besluitneming. Nie die meerderheidstem nie, maar die Skrif alleen verleen gesag aan kerklike besluite. Die beswaargrond hanteer en verstaan die begrip meerderheidstem in KO, art 31 nie binne die konteks van die Kerkorde nie. Daarom word die gesag wat beswaargrond 4 aan die meerderheidstem toeken teenoor die gesag van die Skrif

- gestel en word ten onregte beweer dat die meerderheidstem bepaal wat vas en bindend is.
- 4.4 Indien die meerderheidstem gesag aan besluite gee, is dit strydig met die geestelike bestuurswyse van die kerk (KO, artt 1 en 30). Indien die meerderheidstem die wyse van besluitneming in die kerk reël, is dit nie in stryd met die geestelike bestuurswyse nie. Nie die huidige bewoording van KO, art 31 nie, maar die gesag wat die beswaargrond aan die meerderheidstem toeken, lei tot die bewering dat die wyse van besluitneming in stryd is met die geestelike bestuurswyse van die kerk. Daarom kan die bewering nie aanvaar word as 'n geldige bewys vir die beswaargrond nie.
- 4.5 Die beswaargrond word gemotiveer met 'n verwysing na en aanhaling van 'n artikel van prof B Spoelstra (*Die Kerkblad*, Nov 2007:28). In die artikel word beweer dat die wysiging van KO, art 31 die klem op die meerderheidstem laat val en dat die reg tot appèl soos 'n nagedagte bygevoeg word. Spoelstra (1989:191) weerspreek homself as hy aandui dat drie bepalinge in artikel 31 onderskei kan word – die reg van appèl, beslissing deur die meerderheid en 'n voorwaarde vir die geldigheid van besluite. Hy toon ook aan dat KO, art 31 van sy ontstaan twee duidelike dele gehad het, die reg tot appèl en bindende kerklike besluite (Spoelstra, 1989:191). Die reg tot appèl was nog nooit net “'n nagedagte” in KO, art 31 nie.
- 4.6 Die bewering dat die wysiging van die bewoording van KO, art 31, die reg van appèl verskraal het en meebring dat die gesag van die meerderheidstem besluitneming oorheers, word nie bewys nie. Dat die bepaling van KO, art 31 oor besluitneming misbruik kan word om met gesag van die meerderheidstem te heers, bestaan. Die misbruik kan nie aan die bewoording van die artikel toegeskryf word nie, MAAR aan die verkeerde toepassing van die artikel. Die misbruik word nie in die beswaargrond met voorbeelde bewys nie.
- 4.7 In die bewoording van KO, art 31 soos gewysig deur die besluit van Sinode 1964, reël die eerste bepaling hoe bindende kerklike besluite geneem kan word – by wyse van meerderheidstem op 'n kerklike vergadering. Die tweede bepaling reël waarop die gesag berus – op Skrif en Kerkorde. Besluite se bindingskrag word met Skrif- en Kerkordebewyse ontnem. Die derde bepaling reël 'n wyse waarop die gesag van besluite vernietig kan word – deur appèl. Daar is 'n bepaalde logika in die volgorde van die bepalinge – en daarom vir die omruiling van die twee sinne van KO, art 31. Eers nadat 'n bindende besluit geneem is, kan die gesag van die besluit met die nodige bewyslewering deur 'n appèl vernietig word.
- 4.8 Die stelling in die motivering dat die meerderheidstem nie altyd reg is nie, is waar. Juis daarom bepaal KO, art 31 hoe sulke besluite ordelik vernietig kan word. Die stelling slaag nie daarin om beswaargrond 4 teen die besluit van Sinode 1964 te motiveer nie.
- 4.9 Die verwysing na besluitneming met algemene instemming, waar die minderheid konformeer, bevestig dat besluite deur die meerderheid van stemme geneem word.
- 4.10 Kerklike besluite kan, soos die motivering aantoon, ook met die lot beslis word. Die wyse van besluitneming dien nie as bewys dat besluite nie by wyse van meerderheidstem geneem kan word nie.
- 4.11 **Bevinding: Beswaargrond 4**
Die motivering van die beswaargrond toon nie aan dat die bewoording van KO, art 31 soos gewysig deur die besluit van Sinode 1964 aan die meerderheidstem gesag verleen om in die kerk heerskappy te voer nie. Nie die huidige bewoording van KO, art 31 nie, MAAR die verkeerde toepassing en gebruik daarvan in kerklike besluitneming, kan tot die gesagsmisbruik lei.

YYYYYYY. **RAPPORT: Ad hoc-kommissie – Artikel 31 Kerkorde**

1. **Opdrag**

Die opdrag soos weergegee in die Kommissierapport is deur die Sinode gewysig om soos volg te lees:

3.4 Die Sinode wys 'n *Kommissie* aan om:

3.4.1 die moontlike hersiening/wysiging van die bewoording van KO, art 31 te ondersoek

3.4.2 om aanbevelings daaroor met die nodige motivering aan die *volgende sitting van hierdie Sinode* voor te lê vir besluitneming

3.4.3 in die studie veral aandag te gee aan hoe die Skrif en Skrifbegroning in kerklike besluitneming en besluite duideliker na vore gebring kan word.

(Wysigings in *kursief* aangetoon.)

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname

2.1 Werkswyse

2.1.1 Die volgende Kommissie is benoem: Drr CJ Smit, J Smit, JH Howell, GJ Meijer, di PA Coetzee (s), FM Dreyer, RM van der Merwe en proff CFC Coetzee en A le R du Plooy.

2.1.2 Die Kommissie het op 9 Maart 2009 vergader en gekonstitueer met ds PA Coetzee as voorsitter en ds FM Dreyer as skriba. Die Kommissie het weer op 22 April 2009 vergader en werksdokumente bespreek.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Bewoording van KO, art 31

(Uitvoering van 3.4.1 en 3.4.2 van die opdrag)

Die studie het laat blyk dat daar plaaslik sowel as in die buiteland kerke is met wie die GKSA korrespondensie het, wat heelwat studie oor die bewoording van KO, art 31 gedoen het (vergelyk onder andere artikels hieroor in *Die Kerkblad* asook op www.kerkrecht.nl). Twee sake kan met betrekking tot moontlike redaksionele wysiging onderskei word:

- (i) die orde van die twee beginsels wat in artikel 31 vervat is (reg tot appèl en die binding aan besluite van meerdere vergaderinge)
- (ii) 'n fyner en helderder formulering van die wyse waarop 'n meerdere vergadering tot by besluitneming kom.

Dit blyk nodig te wees dat daar oor hierdie aspekte verdere studie gedoen word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Skrif en Skrifbegroning in kerklike besluitneming en besluite

(Uitvoering van 3.4.3 van die opdrag)

Na bespreking van die saak aan die hand van huidig beskikbare inligting word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

2.3.1 Daar word tans volstaan met die bestaande reëling in die Kerkorde om die Skrif in kerklike besluite na vore te bring.

Motivering

2.3.1.1 Die rol van die Skrif en Skrifbegroning in kerklike besluitneming en besluite word na vore gebring deur bv. die NGB, art 32 en die KO, artt 30, 31, 32 en 33. Afgevaardigdes het die verantwoordelikheid, in die uitoefening van hulle keurstem, om binne die raamwerk van die Skrif, Belydenis en Kerkorde besluite te neem.

2.3.1.2 Die konsekwente toepassing van art 49 van die Kerkorde (welomskrewe mandaat, Deputate nie "strukture" met volmag nie, ens) verdien aandag van meerdere vergaderings. Dit kan bydra om die nodige Skrifbegroning duideliker in aanbevelings van Deputate na vore te bring.

2.3.2 Die Deputate wat reeds vir die bestudering van KO, art 31 aangewys is, kry opdrag om die daarstelling van riglyne te ondersoek waardeur die Skrif en Skrifbegroning duideliker in kerklike besluite na vore gebring kan word.

Motivering

2.3.2.1 Die riglyne kan die reëlings in Kerkorde-artikels wat Skrifbegronde besluite bevorder, duideliker na vore bring. Sodoende kan dit beter verreken en toegepas word in die neem van besluite.

2.3.2.2 Uit die insette wat die Kommissie ontvang het, blyk dat die aard van sake – wesentlike sake of middelmatige sake – asook die tersake beginsels verreken behoort te word vir gesagvolle kerklike besluitneming. Die saak benodig nog verdere studie.

Besluit: Kennis geneem van 2.3 tot 2.3.2.2.

3. Die Sinode besluit

- 3.1 Die Sinode neem kennis van 1 en 2 van die Rapport.
- 3.2 Dat die *status quo* ten opsigte van die redaksie en reëlings van KO, art 31 gehandhaaf word, en die moontlike hersiening/wysiging van die bewoording van KO, art 31 verwys word na die reeds benoemde Studiedeputate vir rapportering in 2012, in die lig waarvan besluite geneem kan word.
- 3.3 In die uitvoering van die opdrag moet die Studiedeputate die volgende in ag neem:
 - 3.3.1 Enige moontlike riglyne vir besluitneming moet dien om die Skrif en Skrifbegroning in kerklike besluite en besluitneming duideliker na vore te bring.
 - 3.3.2 Die reëlings van die Kerkorde rakende Skrifbegronde besluite moet in die studie verreken word, asook die insette wat ontvang is (vgl. 2.3.2.2).
 - 3.3.3 Riglyne vir besluitneming by ander kerke – veral buitelandse kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan – moet ook verreken word.
- 3.4 Die opdragte soos verwoord in 3.3.1, 3.3.2 en 3.3.3 word aan die Studiedeputate gegee wat reeds aangewys is om na sake in hierdie verband ondersoek te doen.

Besluit: Pte 3.1 tot 3.4 word goedgekeur.

20.6 BESWAARSKRIF GEREFORMEERDE KERK PARYS TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2006 – KO, ART 48 (Artt 19, 36, 183)

ZZZZZZZ. Ds BC Smit stel die Beswaarskrif.

AAAAAAA. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 3.

BBBBBBB. Ds LSD du Plessis rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 3.

CCCCCCC. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluit waarteen beswaar gemaak word**

Handelinge van Sinode 2006:391, art 19.2.

“3.2 Dat die Sinode die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel met ander Sinodes goedkeur.

Besluit: Goedgekeur.”

Hierdie besluit word geneem na aanleiding van 'n Kommissierapport wat soos volg lui:

“2.3.3.2 (p188) 3.2 Dat die Sinode die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel met die ander Sinodes goedkeur. Die Kommissie beveel aan dat hierdie aanbeveling goedgekeur en die volgende bygevoeg word: die implementering van die voorgestelde nuwe stelsel behoort, met inagneming van die probleemareas wat uitgewys is, trapsgewyse en ordelik ingefaseer te word.

2.3.3.3 Die Kommissie beveel aan dat punte 3.3 en 3.4 bygevoeg word:

3.3 Dat die huidige stelsel in werking bly totdat die nuwe stelsel ordelik en na behore funksioneer.

3.4 Dat kerke binne taal- en kultuurverband vergader soos dit deur KO, art 30 gereël word om aan sake soos Bybelvertaling, liturgie, sang en moedertaalonderrig aandag te gee” (ons onderstreping).

Met die besluit wat geneem is, het die Sinode die aanbevelings van die Kommissie, veral dat vergaderings binne taal- en kultuurverband sou kon plaasvind, afgekeur.

Die beswaar van die Kerkraad word gerig spesifiek teen hierdie besluit van die Sinode om voortaan geen erkenning te verleen aan vergaderings binne taal- en kultuurverband nie.

2. **Beswaargronde**

Met die besluit word 'n uitgangspunt wat berus op die Skrif en sedert 1961 in die Gereformeerde Kerke gehandhaaf is, verontagsaam.

Met die besluit kom KO, art 46 in gedrang.

3. **Beredenering**

By beswaargrond 2.1

Op die Nasionale Sinode 1961 (Acta 1961:43–120) dien 'n uitgebreide studie oor rasseverhoudinge in die lig van die Skrif. Hoewel net 'n kort samevatting van die Rapport goedgekeur word, (p115–119, D1) word twee lyne onderskei wat sedertdien telkens in besluite van Sinodes gehandhaaf is. Dit is die komplementêre beginsels van eenheid en verskeidenheid binne die liggaam van Christus (vgl. Acta 1961:117, iv): “Ook die verlore mensheid is 'n eenheid en wel – in Christus. Hierdeur word die natuurlike onderskeidinge egter nie opgehef nie. 'n Griek bly 'n Griek, 'n man bly 'n man, ens. In Gal 3:28 en Kol 3:11 leer Paulus nie dat die onderskeidinge uitgewis word nie, maar dat hierdie onderskeidinge geen verskil maak by die inlywing in die liggaam van Christus nie. Daaruit vloei voort dat ander gelowiges een met ons in die Here is en dat hulle as sodanig aanvaar moet word, van watter ras of kleur hulle ook mag wees.”

Hierdie twee aanvullende lyne ten opsigte van die kerk, wat sowel die eenheid as die differensiasie in volke, tale en nasies erken, berus op onder meer die volgende

Skrifgronde: Gen 10 en 11; Hand 2:11; Hand 17:26; Matt 28:19; Rom 9–11 en Op 21: 24 en 26.

Ten spyte van besware en insette van die kant van die GES word hierdie twee lyne deurgaans vasgehou (vgl. Bylae A) en tydens verskillende Sinodes selfs herbevestig (vgl. Acta 1976:386, 1 en ook Acta 1985:426–448). Op aandrang van die CRC is die besluite van 1985 deur Sinode van 1988 geherformuleer, (Acta 1988:840-878) maar ook in die herformulering (Acta 1988:878, 4.3) word steeds erkenning verleen aan sowel die eenheid as verskeidenheid binne die eenheid.

Selfs nog in die Rapport wat dien voor Sinode 2006, word kennis geneem van die besluit van Sinode 1997 waarin dieselfde twee lyne van eenheid en verskeidenheid opnuut duidelik gestel word (Acta 2006:387, 2.3.2). “Die eenheid wat tussen gelowiges bestaan, hef egter nie die Godgegewe verskeidenheid van taal en kultuur op nie. Daarom besluit die GKSA Sinode 1997 (Acta 1997:870, 4.2.1) dat kerke mekaar sowel binne as buite taal- en kultuurverband in kerkregering bystaan.” Onder dieselfde punt word ook gestel: “Op grond hiervan kan kerke op organiese wyse, waar die behoefte bestaan of waar daar sake op die tafel kom wat die geografies nabygeleë kerke gesamentlik raak, byeenkom, aangesien sake (van gedeelde belange) die Agenda van ’n meerdere vergadering bepaal.”

Met die Kommissierapport wat in 2006 voor die Sinode dien (vgl. Bylae B), word die klem wat die Deputate geplaas het op die herstrukturering van meerdere vergaderings, tereg aanbeveel. Om te verseker dat hierdie beklemtoning van eenheid nie uitloop op die uitwissing van die tweede lyn, naamlik verskeidenheid, wat gestalte behoort te kry in vergaderings in taal- en kultuurverband nie, beveel die Kommissie aan dat daar steeds ruimte moet wees vir vergaderings wat die verskeidenheid binne die eenheid erken. Hierdie aanbevelings van die Kommissie word egter nie aanvaar nie.

Die gevolg van die Sinode se besluit is dat ’n Skrifbeginsel, naamlik verskeidenheid binne die eenheid van die liggaam van Christus, nie voldoende erken word nie. ’n Miskenning van taal en kultuur (volkskap) wat op die lang duur nadelige gevolge moet inhou vir die kerk van die Here.

By beswaargrond 2.2

Die besluite wat op grond van die Skrif geneem is, is deurgaans tydens verskillende Sinodes bevestig. Daar word trouens so onlangs soos die Sinode van 1997 erken dat die model wat deur die Deputate voorgedra word, wat ’n tweestroompraktyk voorstel, waarin kerklike ondersteuning sowel binne en buite taal- en kultuurverband tot sy reg kom, ’n Skrifverantwoorde model is (Acta 1997:870, 3.2).

Sedert die Sinode van 1997 was daar geen beswaar ter tafel waarin die Skrifgronde wat aan die grond lê van bystand sowel binne as buite taal- en kultuurverband, bevraagteken word nie.

Desnieteenstaande verskraal Sinode 2006 se besluit, sonder opgaaf van Skrifgronde, die onderlinge bystand deur kerke tot ondersteuning alleen buite taal- en kultuurverband.

Daarmee word ’n besluit wat vas en bindend is en deur die praktyk oor meer as 5 dekades heen bevestig is, verander sonder dat die noodsaak wat KO, art 46 vereis, aangetoon is.

4. Versoek

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Parys versoek hiermee die Algemene Sinode om op grond van die beswaar weer die beginsel van sowel eenheid as verskeidenheid in die meerdere vergaderings van kerke te erken. Ons wil dit baie duidelik maak dat ons nie gekant is teen die gedagte van meerdere vergaderings buite taal- en kultuurverband nie. Ons beroep is egter dat ook die eerste lyn van vergaderings binne taal- en kultuurverband erkenning moet ontvang en kerke daarom toegelaat moet word om volgens die model van Sinode 1997 ook binne taal- en kultuurverband te vergader oor

sake wat hulle gemeenskaplik het. Voorbeelde vir sake op so Agenda van 'n vergadering binne taal- en kultuurverband kan gevind word in die Handeling van Sinode 1997 (Acta 1997:866-867, 2.1.3.2).

DDDDDDDD. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Beredenering

1.1 Inleiding

Die Beswaarskrif voer twee gronde aan vir die versoek dat die Algemene Sinode "weer die beginsel van eenheid en verskeidenheid in die meerdere vergaderings van kerke erken".

1.2 Beswaargrond 1

1.2.1 Die Beswaarskrif haal aan uit Acta 2006:387, 2.3.2 dat "Die eenheid wat tussen gelowiges bestaan, hef egter nie die Godgegewe verskeidenheid van taal en kultuur op nie. Daarom besluit GKSA Sinode 1997 (Acta 1997:170, 4.2.1) dat kerke mekaar sowel binne as buite taal- en kultuurverband in kerkregering kan bystaan".

1.2.2 Onder dieselfde punt word ook aangehaal dat die Sinode kennis geneem het van die feit dat: "Op grond hiervan kan kerke op organiese wyse, waar die behoefte bestaan of waar sake op die tafel kom wat die geografies nabygeleë kerke gesamentlik raak, byeenkom, aangesien sake (van gedeelde belang) die agenda van 'n meerdere vergadering bepaal."

1.2.3 Hierdie aanhalings van die Beswaarskrif bewys juis dat Sinode 2006 nie die uitgangspunte wat berus op die Skrif en sedert 1961 gehandhaaf word, verontagsaam nie, aangesien dit die ruimte laat vir die beginsels van beide eenheid en verskeidenheid.

1.3 Beswaargrond 2

1.3.1 Die Beswaarskrif verwys na die Rapport van die Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes, Acta Sinode 1997:170, 3.2, waarin gestel word dat die wyse van bystand van kerke in meerdere vergaderings soos in 2.1.2 en 2.1.3 van bogenoemde Deputaterapport uiteengesit is, 'n Skriftuurlik-verantwoorde wyse van kerkregering is.

1.3.2 Punte 3.3 en 3.4 van Sinode 1997 behoort egter ook hiermee saamgelees te word, en lees soos volg:

"3.3 Die Sinode oordeel dat die beginsels gestel in 2.1.2 deur die Deputate Skrifverantwoord is

3.4 Die praktiese implementering van hierdie beginsels, soos uiteengesit deur die Deputate, mag 'n goeie vertrekpunt wees vir verdere gesprekvoering met ander Nasionale Sinodes."

1.3.3 Hierdie gegewens, in sy geheel gelees, toon aan dat KO, art 46 nie in gedrang gebring is nie. Vanuit die gestelde en aanvaarde beginsels word die praktiese implementering gereël.

1.3.4 Die Skrifgronde is behou, ook in die praktiese implementering.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.4.

2. Bevinding

2.1 Beswaargrond 1

Die motivering aangevoer in die beswaargrond toon nie dat die besluit van Sinode 2006 die uitgangspunte wat berus op die Skrif en sedert 1961 gehandhaaf word, verontagsaam het nie.

2.2 Beswaargrond 2

Die motivering van die beswaargrond lewer nie bewys dat die besluit van Sinode 2006 strydig is met KO, art 46 nie. Die Skrifbegroning van vorige besluite is ook in die besluit gehandhaaf.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 en 2.2.

3. Die Sinode besluit

3.1 Aanbeveling: Beswaargrond 1
Die beswaar slaag nie

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Aanbeveling: Beswaargrond 2
Die beswaar slaag nie

Besluit: Goedgekeur.

20.7 BESWAARSKRIF: GEREFORMEERDE KERK PRETORIA (DOLEREND) TEEN BESLUIE VAN SINODE 2006, OOR “STRUKTURE” VAN MEERDERE VERGADERINGS (Artt 19, 37, 249, 266)

EEEEEEEE. Die Beswaarskrif word as gestel beskou.

FFFFFFF. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 3.

GGGGGGG. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 3.

HHHHHHH. 3.5.3 en 3.5.4 – Kommissierapport – word verwys na 'n ad hoc-kommissie.

IIIIIII. Dr G Breed rapporteer namens die ad hoc-kommissie.

JJJJJJJ. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluite waarteen beswaar gemaak word**

Handelinge 2006, art 19.2 –

“Klassisse en Sinodes

2.1 Dat Gebiedsklassisse en Streeksinodes en 'n Algemene Sinode geïnstitueer word.

2.2 Dat Klassisse saamgestel word uit meer kerke, sodat daar genoeg geestesgawes sal wees om Agendas effektief te behandel.

2.3 Dat as algemene reël nie minder as 15 kerke 'n Klassis sal vorm nie. Daar is ongeveer 410 kerke wat in Klassisse gegroepeer moet word. Aandag moet gegee word aan praktiese sake soos afstand en koste, sowel as die aanwesigheid van die nodige gawes.

2.4 Dat 'n Kommissie aangewys word wat aan die volgende Nasionale Sinodes 'n voorlopige voorstel moet verskaf oor die groepering van nuwe meerdere vergaderings en oor die manier waarop Klassisse Deputate moet afvaardig vir Streeksinodes en Streeksinodes vir die Algemene Sinode. Hierdie Kommissie mag bestaande Klassisse raadpleeg oor die wyse van groepering, en mag lede koöpteer indien nodig ...”

Besluit: Goedgekeur.”

“4.2 *Taal*

Aanbeveling

4.2.1 Dat elke nuwe Klassis en die nuwe Sinode hulle eie stappe moet neem in verband met sy taalmedium, in die raamwerk van die amptelike tale van die (streek? = “country”?).

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Elke vergadering moet verseker dat taalverskille nie lei tot gebrekkige kommunikasie nie. Elke afgevaardigde moet kan deelneem aan gesprekvoering en besluitneming van sake op die Agenda. (Eie onderstreping.)

Besluit: Goedgekeur.”

2. **Inleiding**

Prof B Spoelstra in “Die Kerkpad”, Mei 2006:

“Op sterkte van eenheid in leer en lewe kan plaaslike kerke oor kultuurverband heen korrespondeer en nie oor mekaar “regeer” nie.

Die **kernvraag** is wat die **noodsaaklikheid** (KO, art 46) was **waarom** Sinode 2006 die **“Nasionale Sinode” afgeskaf** het.

Sonder insae in die besluit raai ek dat dit nooit oorweeg en aangedui is nie, terwyl **lijare** verskil tussen die mense vanuit Westerse en Afrika-kulture oor **liturgie, kerkinrigting, moraliteit, gesag begrip, Kerk begrip, amp begrip, ensovoorts, BESTAAN.**

[Bv.] Die Zuma-hofsaak en hoe die (**“algemene mense”**) [= veranderde woord, ter wille van sagtheid] dit beskou, *is seker reeds bewys daarvan.*

Kom **wysiging in kerklike vorme** nie uit kontemporêre **POLITIEK-SOSIALE** denkbeelde op nie? *Gaan die GKSA-KERK “STRUKTUUR” BINNEKORT in 'n MONO-ENGELSTALIGE Sinode **STOL** totdat die middelpuntvliedende kragte van geloof-, kulturele en formele **VERSKILLE** in die “eenheid” opblaas en tot “vrymaking” van homogene plaaslike kerke binne 'n bepaalde kultuurverband lei?”*

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria (Dolerend) het in sy vergadering van 19 Junie 2008 besluit om beswaar aan te teken teen bogenoemde besluite, waardeur probleme ten opsigte van die taal- en kultuurverskille tussen die betrokke kerke gering geskat word, en oor die feit dat hierdie ingrypende besluite waardeur die bestaande stand van sake van

al die kerke aangetas word, en na ons mening in beginsel bots met vorige Sinodebesluite en Kerkordebepalings.

Beswaargrond 1

Die Sinode 2006 het hierdie besluit geneem sonder wysiging van KO, art 29 en van Sinodebesluite i.v.m. Ekumenisiteit soos geneem in 1967 en 1985, en soos bekragtig in die eerste deel van die besluite in 1997.

Motivering

KO, art 29 erken **slegs** die volgende vergaderings, nl. Kerkraad, Klassis, Partikuliere Sinode, Nasionale Sinode en Algemene Sinode.

Indien daar nou **gesamentlike** vergaderings soos *Gebiedsklassisse, Streeksinodes, en 'n Algemene Sinode (met uitsluiting van Nasionale Sinodes)* geskep word, wat **die hele "ou struktuur" VERVANG**, veronderstel dit eenwording van die kerke onder die verskillende volke, wat eers voltrek kan word as KO, art 29 **wettiglik gewysig** is.

Hierdie "eenwording" bots met die beginsels soos vervat in besluite t.o.v. volkere en kerklike verhoudinge, soos geneem in Sinodes 1967, 1985 en 1997.

In kort is die kern van die besluite van 1967, 1985 en 1997: "Uit die eenheid van die Kerk volg derhalwe dat ekumenisiteit nie binne die plaaslike Kerk (gemengde eredienste, ens) gesoek word nie, maar in kerkverband."

Aangesien die kerkverband waarin verskillende kerke destyds byeengekom het, die Algemene Sinode was, moet die "kerkverband" waarna verwys is in bogenoemde Sinodebesluite, *die Algemene Sinode beteken ... met uitsluiting van die Nasionale Sinodes?*

Waarom is die destydse Algemene Sinode ontbind? Is dit Kerkordelik gedoen? Ons kon sodanige Beswaarskrif en besluit daaroor nie opspoor nie. Hierdie hele kwessie van herstrukturering, ens, hoort tuis by die Algemene Sinode.

Beswaargrond 2

Besluite i.v.m. die taalkwessie is strydig met die beginsels soos vervat in die Heilige Skrif, o.a. Hand 2:8 en Rom 10:17, asook NGB, art 32.

Motivering

Waar die kerklike vergaderings naas die eredienste, sakramente, ens, inherent ook deel vorm van die lidmate se Godsdienstebelewenis, moet ook in die kerklike vergaderings – net soos in die eredienste – die moedertaal gehandhaaf word.

Die Woord van God herinner ook aan die belangrikheid van die taal. Rom 10:17 stel dit so: "*Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.*"

So stel Hand 2:8 dit: "*En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?*"

Dit is dus nie 'n saamgeflanse, gebrekkige Engels nie. **Dit is moedertaal.** Dit is presies in lyn met Sinode Handeling 1967 (p188 c. (1) (2): "As ledemate van die liggaam van Christus word die gelowiges nie van hulle natuurlike verwantskappe losgemaak nie. Inteendeel, dit gaan om hulle verlossing in hulle geslagte en om nasies wat in hulle gelowiges en gedooptes verlos word. In die voleindigde koninkryk sien ons gereddes uit alle nasies en stamme en volke en tale (Op 5:9; Hand 17:26). Verskeidenheid van nasies word veronderstel en gehandhaaf by die stigting van die Kerk op Pinkster, waar die Evangelie deur elkeen in sy eie taal gehoor word."

Van hierdie hele aangeleentheid word in die besluit van Nasionale Sinode 1985 (p434, 3.3.2.2-3.3.2.8) ook kennis geneem. Op p436 onder 5.1.1(ii) en (iii) word gestel: "Daarom behoort, in 'n gemeenskap waar daar taal- en kulturele verskille tussen gelowiges bestaan, 'n uitwendige of kunsmatige vorm van eenheid nie afdedwing te word nie. In sulke gevalle is dit verantwoord dat afsonderlike gemeentes met hulle eie tipe prediking en aanbidding geïnstitueer word." Daar word besluit dat die "formulering vervat in 3.3.2.9 van die Deputate nou eksplisiet as sinodebesluit aanvaar word".

In Handeling 1997:870 word "aanbevelings 4.1 tot 4.2.4 goedgekeur dat met die ander Sinodes gesprek gevoer word op wyses waarop kerke mekaar binne taal- en kultuurverband, asook buite taal- en kultuurverband in kerkregering bevredigend kan **bystaan**." (Eie beklemtoning.)

By die Sinode van Emden in 1571 word besluit om Nederlandse en Vlaamse gemeentes te stig weerskante van die rivier, net oor taalverskille.

(Vergelyk ook die huidige stryd om moedertaalonderwys. Die eie taal is nie 'n ligtelike kwessie nie.)

Hierdie besluite van 1967, 1985 en 1997 staan steeds, aangesien daar geen kerkordelike besware of Skriftuurlike besware daarteen ingebring is dat dit herroep moes word nie.

Beswaargrond 3

Die besluite rondom die taalkwessie bring onoorbrugbare praktiese probleme na vore en versteur die reeds gespanne eenheid en rus van die kerke, en dit negeer in die proses die vermaning van NGB, art 32.

Motivering

Dit is nie billik of haalbaar om te verwag dat afgevaardigdes hulle diepste oortuiginge en kerklike en leerstellige bydraes in 'n ander taal as hulle moedertaal moet verwoord nie. Die geweldige kultuurverskille en boonop die vreemde taal gaan dit in ieder geval vir die hoorder nog moeiliker maak. Ons wys ook daarop dat daar talle Bruin- en Swartmense, veral op die platteland, is wat Afrikaans goed verstaan en praat. Aan die ander kant glo ons dat daar baie predikante is wat dit baie moeilik gaan vind om hulle behoorlik in kerklike terme in Engels uit te druk.

Die besluit is geforseerd, soos met die invoer van die gesamentlike meerdere vergaderings. As dit in verband gesien word met die besluite om deur middel van die SARK en NGK se parlementêre lessenaar agteroor te buig om met die regering te praat, kan hierdie besluite meer polities as kerklik klink.

NGB, art 32 stel dit so duidelik en eenvoudig: "Ons glo verder dat die regeerders van die Kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die Kerk te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie ...

... So neem ons dan alleen aan wat kan dien om **eendrag en eenheid** te bevorder en bewaar, en alles te onderhou in gehoorsaamheid aan God."

Onses insiens het die Sinode met sy besluite juis 'n klimaat geskep waarin onenigheid hoog kan loop.

Beswaargrond 4

Ook KO, artt 30, 48, 49 en 51 word met hierdie besluite saam met art 29 oortree. Dit is immers ook nie op grond van Beswaarskrifte verander nie.

Motivering

Huidige besluite ignoreer die feit dat art 48 praat van **korrespondensie** (veral in die sin van onderlinge bystand), en nie van **gedwonge** eenwording nie. In art 48 word juis die verskeidenheid erken, van onder andere lande, tale, kulture.

Teen art 49: Die besluite sluit in dat "'n **Kommissie**" aangewys word. Volgens hierdie artikel word werk aan **Deputate** opgedra. Terwyl die besluite Nasionale Sinodes tot niet maak, gaan daar in elk geval nie sulke "Nasionale" Sinodes wees waar die "Kommissie" moet rapporteer nie.

2.4 stry ook teen art 30 – Waarom moet die "Kommissie" rapporteer oor sake wat mindere vergaderings self moet afhandel?

Art 51 se "Algemene Sinode" is ook nie op grond van Beswaarskrifte verander nie. Die bestaan van Nasionale Sinodes kan nie op hierdie wyse omseil word nie.

Aanbevelings

1. Dat die Sinode 2006 hierdie kunsmatige eenwording in die lig van bostaande tersyde stel en die saak van vooraf heroorweeg, saam met Sinodes Middellande en Soutpansberg.
2. Angesien die meerderheid afgevaardigdes na die meerdere vergaderings Afrikaanssprekend is, of Afrikaans ten minste verstaan, moet dié wat dit nie verstaan nie die kostes vir vertaling self dra, hetsy in watter taal ook al.

KKKKKKKK. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Beswaarskrif GK Pretoria, KO, art 48.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake ter kennisname

Insette en advies is van prof CFC Coetzee as adviseur ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beoordeling van beswaargronde

3.1 *Beswaargrond 1*

3.1.1 Bewering deur Beswaarskrif

3.1.1.1 Die Beswaarskrif beweer dat die betrokke besluit van Sinode Potchefstroom net geneem kon geword het **nadat** KO, art 29 en sekere besluite van Sinode Potchefstroom gewysig is.

3.1.2 Beredenering deur Beswaarskrif

3.1.2.1 Die Beswaarskrif stel dat die vervanging van die "ou struktuur" 'n eenwording van kerke onder die verskillende volke veronderstel.

- 3.1.2.2 Hierdie eenwording is volgens die Beswaarskrif in stryd met die besluite van Sinodes Potchefstroom 1967, 1985, 1997 omdat – volgens die Beswaarskrif – die besluite van Sinodes Potchefstroom 1967, 1985, 1997 saamgevat kan word as dat *ekumenisiteit nie binne die plaaslike kerk (gemengde eredienste, ens) gesoek word nie, maar in kerkverband.*
- 3.1.2.3 Die woord *kerkverband* verwys volgens die Beswaarskrif **net** na die Algemene Sinode – met uitsluiting van Nasionale Sinodes – met die gevolg dat ekumenisiteit volgens die Beswaarskrif net in die Algemene Sinode gesoek moet word.
- 3.1.2.4 Die Beswaarskrif stel verder dat KO, art 29 eers gewysig moes word, aangesien met die “nuwe struktuur” eenwording van die kerke onder die verskillende volke voltrek word.
- 3.1.3 Beoordeling van beswaargrond
- 3.1.3.1 Die Beswaarskrif se samevatting en interpretasie van die besluite van Sinodes (vgl. 3.1.2.2) is selektief en eensydig.
- 3.1.3.2 Sinode 1964 (Acta 1964:269) het alreeds gestel:
Met die oog op die buitengewone omstandigheid is die Gemeenskaplike Sinode nie genoeg nie. Dit moet aangevul word daardeur dat die ekumeniese verband deurgaans van die plaaslike kerke onderling tot by die (Nasionale) Sinodes.
- 3.1.3.3 Sinode 1967 (Acta 1967:188, 2.c.7) het ook besluit:
En omdat die kerk een en algemeen is, daarom kan die kerkverband nie voor nasionale of kleurgrense bly staan nie.
- 3.1.3.4 Sinode 1970 (Acta 1970:65) het weer gestel:
Elke rassegroep behoort die reg te hê om 'n mate van onderskeie ontwikkeling te kies, maar nooit ten koste van 'n onderskeidende groep ten opsigte van ras in dieselfde land nie.
- 3.1.3.5 Ook Sinode 1985 (Acta 1985:435-437, 3.2.2.9 en 6) beklemtoon:
Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus moet erken word. Dit mag wenslik wees om as gevolg van taalkundige of kulturele verskille afsonderlike gemeentes te vorm ... Gesamentlike erediens, die nagmaal ingesluit, tussen Christene, ongeag hulle ras, is 'n uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus.
- 3.1.3.6 Die vertrekpunt van die Beswaarskrif (*die vervanging van die “ou struktuur” is eenwording, 3.1.2.1 hierbo*) is dus nie korrek nie, aangesien die “ou struktuur” alreeds die eenheid van die kerke onder volkere as vertrekpunt gehad het en net 'n praktiese orde gereël het hoe hierdie eenheid uitgeleef kon word.
- 3.1.3.7 Die verdere stelling van die Beswaarskrif (*ekumenisiteit moet net in die Algemene Sinode gesoek word, 3.1.2.3 hierbo*) is ook nie korrek nie, aangesien met die besluit in 1964 om oor te gaan tot die vorming van die Algemene Sinode, alreeds gewys is op die noodsaak dat die ekumeniese verband deurgaans *van die plaaslike kerke onderling tot by die (Nasionale) Sinodes.*
- 3.1.3.8 KO, art 29 stel die beginsel van kerkverband en meerdere vergaderings. Die spesifieke verwysing na watter meerdere vergaderings onderhou word, vorm dus nie die wese van KO, art 29 nie. Wanneer 'n nuwe besluit geneem word oor watter meerdere vergaderings onderhou gaan word, volg die wysiging van KO, art 29 dus uit die besluit.
- 3.1.4 Bevinding oor beswaargrond
- 3.1.4.1 Uit die beoordeling volg dat die Beswaarskrif nie korrek is wanneer beweer word dat KO, art 29 eers gewysig moes gewees het of dat sekere Sinodebesluite gewysig moes gewees het nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.1.4.1.

3.1.5 Aanbeveling

- 3.1.5.1 Die beswaar slaag nie op beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Beswaargrond 2

3.2.1 Bewering deur Beswaarskrif

- 3.2.1.1 Die Beswaarskrif beweer dat die Sinodebesluite insake die taalkwessie strydig is met die Skrif en Belydenis, aangesien moedertaal in kerkverband gehandhaaf moet word.

3.2.2 Beredenering deur Beswaarskrif

- 3.2.2.1 Die Beswaarskrif neem as vertrekpunt die stelling dat in kerklike vergaderings die moedertaal gehandhaaf moet word – net soos in die eredienste.
- 3.2.2.2 Die Beswaarskrif fundeer die belang van moedertaal deur te verwys na Romeine 10:17 (*die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God*) en Handeling 2:8 (*En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?*).

- 3.2.2.3 Die Beswaarskrif gee geen gronde vanuit die Belydenis nie, maar verwys wel na besluite van Sinodes 1967, 1985 en 1997, asook die situasie by die Sinode van Emden (1571) om die belang van moedertaal te beklemtoon.
- 3.2.3 Beoordeling van beswaargrond
- 3.2.3.1 Die Beswaarskrif stel tereg dat taal 'n belangrike faktor is wanneer dit om die verkondiging van die Evangelie gaan.
- 3.2.3.2 Die Beswaarskrif stel egter ten onregte dat moedertaal ook in kerklike vergaderings gehandhaaf **moet** word.
- 3.2.3.3 Die Skriffbewyse wat aangevoer word (3.2.2.2 hierbo) handel naamlik oor die verkondiging van die evangelie en die verstaanbaarheid daarvan en nie oor die plek van moedertaal op kerklike vergaderings nie.
- 3.2.3.4 Verder word geen bewysvoering vanuit die Belydenis gedoen nie. Die bewering in die beswaargrond dat die besluite strydig is met NGB, art 32 word dus geensins beredeneer nie.
- 3.2.3.5 Ook die Sinodebesluite wat aangehaal word, bied geen gronde vir die stelling dat moedertaal in kerklike vergaderings gehandhaaf moet word nie. Intendeel, die besluit van Sinode 1985 wat aangehaal word, is nié die besluit wat geneem is nie (vgl. Acta 1985:437, 6 met Acta 1985:435, 3.3.2.9). Daarmee saam vorm die aangehaalde besluite van Sinode 1967 deel van 'n stel aanbevelings wat eerstens fokus op die vraag of "gemengde eredienste" 'n beginsel is (Acta 1967:188, c1-c5), waarna spesifiek oor kerkverband gestel word dat *kerkverband nie voor nasionale of kleurgrense kan bly staan nie* (Acta 1967:188, c7-c8). Ook Sinode 1997 (Acta 1997:8.5.2, 2.1.2.5) stel dat *eiesoortige aspekte soos taal, landsomstandighede en gebruik (KO, art 85) 'n invloed het op die besondere weg wat Kerke volg om mekaar by te staan*, maar dui geensins aan dat moedertaal in kerklike vergaderings gehandhaaf moet word nie.
- 3.2.3.6 Ook die verwysing na die besluit van die Sinode van Emden gee geen bewys dat moedertaal in kerkverband gehandhaaf moet word nie.
- 3.2.3.7 Dit is nodig om in gedagte te hou dat die besluite van Sinode 2006 juis beklemtoon dat elke afgevaardigde aan gespreksvoering en besluitneming moet kan deelneem en dat elke vergadering moet verseker dat taalverskille nie tot gebrekkige kommunikasie lei nie (Acta, 2006:389, 4.2.1).
- 3.2.4 Bevinding oor beswaargrond
- 3.2.4.1 Uit die beredenering volg dat die beswaarskrif nie korrek is wanneer beweer word dat die Sinodebesluite insake die taalkwessie strydig is met die Skrif en Belydenis nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 tot 3.2.4.1.

3.2.5 Aanbeveling

- 3.2.5.1 Die beswaar slaag nie op beswaargrond 2 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Beswaargrond 3

3.3.1 Bewering deur Beswaarskrif

- 3.3.1.1 Die Beswaarskrif beweer dat Sinodebesluite insake die taalkwessie die vermaning van NGB, art 32, negeer deurdat onoorbrugbare praktiese probleme geskep word wat die reeds gespanne eenheid en rus van die kerke versteur.

3.3.2 Beredenering deur Beswaarskrif

- 3.3.2.1 Die Beswaarskrif neem as vertrekpunt dat afgevaardigdes na meerdere vergaderings in 'n ander taal as hulle moedertaal moet optree (praat of aanhoor).
- 3.3.2.2 Die Beswaarskrif stel dat hierdie optrede in nie-moedertaal onbillik en nie haalbaar is nie.
- 3.3.2.3 Die Beswaarskrif beredeneer dat die besluite rondom taal gevolglik 'n klimaat geskep het waarin onenigheid hoog kan loop en wat sodoende nie aandag gee aan die vermaning van NGB, art 32 waarin gestel word dat alleen dit wat eendrag en eenheid bevorder en bewaar, aangeneem word nie.

3.3.3 Beoordeling van beswaargrond

- 3.3.3.1 Die Beswaarskrif gee geen bewyse dat die besluit van Sinode 2006 afgevaardigdes na meerdere vergaderings verplig om in 'n ander taal as hulle moedertaal op te tree nie.
- 3.3.3.2 Intendeel, Sinode 2006 het juis rondom taal besluit (Acta 2006:389, 4.2):

4.2.1 That every new Classis and the new Synod should take its own steps with regard to its language medium, within the framework of the official languages of the country.

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Elke vergadering moet verseker dat taalverskille nie lei tot gebrekkige kommunikasie nie.

Elke afgevaardigde moet kan deelneem aan gesprekvoering en besluitneming van sake op die Agenda.

3.3.3.3 In die besluit is die vertrekpunt juis dat elkeen in sy eie moedertaal moet kan optree en dat die moontlikheid van onenigheid rondom taal verreken is. Sinode 2006 het dus juis wel met die besluitneming die eendrag en eenheid probeer bevorder.

3.3.4 Bevinding oor beswaargrond

3.3.4.1 Uit die beredenering volg dat die Beswaarskrif nie korrek is wanneer beweer word dat Sinodebesluite insake die taalkwessie die vermaning van artikel 32, NGB, negeer nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.3.1 tot 3.3.4.1.

3.3.5 Aanbeveling

3.3.5.1 Die beswaar slaag nie op beswaargrond 3 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 4*

3.4.1 Bewering deur Beswaarskrif

3.4.1.1 Die Beswaarskrif beweer dat KO, artt 30, 48, 49 en 51 oortree is, aangesien dit nie op grond van Beswaarskrifte verander is nie.

3.4.2 Beredenering deur Beswaarskrif

3.4.2.1 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 30 oortree word, aangesien die Kommissie vanuit die Nasionale Sinodes aan die daaropvolgende Nasionale Sinodes moes rapporteer oor sake wat mindere vergaderings self moes afhandel.

3.4.2.2 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 48 oortree word, aangesien KO, art 48 van korrespondensie en nie van gedwonge eenwording praat nie.

3.4.2.3 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 49 oortree word, aangesien 'n Kommissie in plaas van Deputate aangewys word en omdat dié Kommissie ook nie meer kan rapporteer nie, aangesien die Nasionale Sinodes nie weer vergader nie.

3.4.2.4 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 51 oortree word, omdat die Algemene Sinode nie op grond van Beswaarskrifte verander is nie.

3.4.3 Beoordeling van beswaargrond

3.4.3.1 Ten opsigte van die beweerde oortreding van KO, art 30 beredeneer die Beswaarskrif geensins hoekom gestel word dat die Kommissie rapporteer oor sake wat mindere vergaderings self moet afhandel nie. Die stelling dat KO, art 30 oortree word, word dus nie bewys nie.

3.4.3.2 KO, art 48 stel dat kerke en kerkvergaderings gemeenskap met mekaar beoefen op grond van hulle eenheid in Christus. Die wyse waarop hierdie eenheid beoefen word, word nie voorgeskryf nie, maar prakties gereël. Aangesien alle kerke wat deel van die "ou" Algemene Sinode was, alreeds een was (vergelyk die beredenering hieroor in 3.1.3 hierbo) is die besluit van Sinode 2006 net 'n ander praktiese inkleding van die beginsel van KO, art 48. Die stelling dat KO, art 48 met die besluit van Sinode 2006 oortree word, is dus nie geldig nie.

3.4.3.3 In die Beswaarskrif se beredenering rondom KO, art 49, word die besluit van Sinode 2006 verkeerd gelees:

3.4.3.3.1 Paragraaf 3 van die Acta van Sinode 2006 (Acta 2006:387-391) bevat 'n samevatting van besluite van die Artikel 48 KO-deputate van die onderskeie Nasionale Sinodes wat uit die notules van hulle vergaderings saamgevoeg is.

3.4.3.3.2 Die Kommissie waarna verwys word in 2.4 (Acta 2006:387) is dus 'n Kommissie saamgestel deur die vergadering van die onderskeie artikel 48 KO-deputate en nie Deputate aangewys deur Nasionale Sinode 2006 nie.

3.4.3.3.3 Hierdie Kommissie moes dan ook rapporteer aan die onderskeie Nasionale Sinodes wat na Junie 2005 vergader het – wat gebeur het deur die Rapporte van die onderskeie artikel 48 KO-deputate aan die onderskeie Nasionale Sinodes (in die geval van Sinode Potchefstroom tydens Sinode 2006 – Acta 2006:392-398).

3.4.3.3.4 Sinode 2006 het dus geen Kommissie in plaas van Deputate aangewys nie.

3.4.3.4 KO, artt 47, 50 en 51 reël die praktyk van KO, art 29, naamlik hoe kerkverband in meerdere vergaderings gereël word. Hierdie reëlings vind plaas na aanleiding van gesprekke tussen die onderskeie Nasionale Sinodes se Deputate Artikel 48 KO, in opdrag van die onderskeie Nasionale Sinodes. So het Sinode Potchefstroom in 1991 na aanleiding van twee Beskrywingspunte opdrag gegee dat die samewerking van 'n ander Nasionale Sinode verkry moes word om 'n buitengewone Algemene Sinode op te roep om oor die samestelling van die Algemene Sinode te besin. Dit het daartoe gelei dat Algemene Sinode

1992 besluit het dat die onderskeie Nasionale Sinodes in gevolge van KO, art 48 met mekaar moes beraadslaag totdat ooreenstemming bereik kon word insake die samestelling van die Algemene Sinode, waarna die Algemene Sinode weer byeengeroep moes word. Hierdie ooreenstemming is in 2006 bereik en op grond van hierdie ooreenstemming kan KO, art 51 nou deur die Algemene Sinode gewysig word.

3.4.4 Bevinding oor beswaargrond

3.4.4.1 Uit die beredenering volg dat die Beswaarskrif nie korrek is wanneer beweer word dat KO, artt 30, 48, 49 en 51 oortree is nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.4.1 tot 3.4.4.1.

3.4.5 Aanbeveling

3.4.5.1 Die beswaar slaag nie op beswaargrond 4 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 *Samevattende Aanbevelings*

3.5.1 Die beswaar slaag nie.

3.5.2 Aan die aanbevelings in die Beswaarskrif word geen gevolg gegee nie.

Besluit: Goedgekeur.

Besluit: Punt 3.5.3 en 3.5.4 word geskrap en na 'n Kommissie verwys om 'n herformulering voor te berei en aan die Sinode voor te lê. Die volgende Kommissie word deur die vergadering aangewys: Drr G Breed (s), JV Fatuse, ds JP Sithole, proff D Mashau en JM Vorster.

LLLLLLLLL. **RAPPORT VAN AD HOC-KOMMISSIE OOR 3.5.3 EN 3.5.4**

1. Die Algemene Sinode van die GKSA oordeel dat die inleiding tot die Beswaarskrif sowel as die tweede aanbeveling by die Beswaarskrif uitlatings bevat wat deur afgevaardigdes na die Sinode as rassisties en beledigend ervaar word.
2. Die Nasionale Sinode van die GKSA het in 1970, art 40 p60-67 'n besluit geneem dat rassisme in al sy vorme sonde is, en in die lig van hierdie besluit distansieer die Algemene Sinode haarself van hierdie uitlatings in die Beswaarskrif.
3. Die Algemene Sinode van die GKSA 2009 wys Gereformeerde lidmate opnuut op die besluit van 1970 en roep alle gelowiges op om alle vorme van rassisme en haatspraak tussen mense van verskillende rasse teen te staan en om te strewen na versoening en vrede en die vergestaltung van gemeenskap van gelowiges.
4. Die Algemene Sinode van die GKSA stel die beswaardes in kennis van hierdie oproep by wyse van 'n kerklike skrywe.

Besluit: Goedgekeur.

20.8 BESWAARSKRIF: BR AJ BURGER TEEN BESLUIT VAN DIE NASIONALE SINODE POTCHEFSTROOM

1985: RAKENDE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIAKENS

1997: RAKENDE DIE REDAKSIE VAN KERKORDE ARTIKEL 25 (Artt 19, 38, 189, 190, 303, 329)

MMMMMMMM. Die Beswaarskrif word as gestel beskou.

NNNNNNNN. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 7.

OOOOOOOO. Ds AB van der Walt rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 7.

PPPPPPPP. **Besluit:** Die Kommissierapport word terugverwys.

QQQQQQQQ. Ds H Reinecke rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 7.

RRRRRRRR. **VERSOEK**

1. **Versoek om ontvanklikheid vir die Aanvullende Agenda van die Algemene Sinode 2009**

In oorweging van ontvanklikheid is die volgende kronologiese verloop van beide besware ter sprake:

Die besware het gedien op die Vergaderings van die Kerkraad Gereformeerde Kerk Pinetown wat dit nie gehandhaaf het nie. Aangesien die beswaarde nie sy weg oopgesien het om by die besluit te konformeer nie, en die weg van Appèl by Streeksklassis nie ter stigting geag is nie, het die Kerkraad advies gevra van prof A le R du Plooy.

Op grond van die advies is die besware gerig aan die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal (18 & 19 November 2008) wat die oorweeg het en inhoudelik nie gehandhaaf het nie.

Steeds aan die hand van die advies en gegrond op Nasionale Sinode Potchefstroom handelinge word die saak nou gerig aan die Algemene Sinode 2009 vir oorweging.

2. **Motivering van versoek**

(a) Kerkregtelike Advies

Die advies van prof A le R du Plooy was in verwysing na die 1994 Nasionale Sinode Potchefstroom se hantering van die gevolge van die handhawing van 'n Beswaarskrif (1991) van prof B Spoelstra oor die prosedure vir Beswaarskrifte. Dat op aanbeveling van die Kerkraad die beswaarde die saak direk kan rig tot die Streeksinode vir hantering van die inhoudelike van die saak.

Die Regsdeputate stel dit as volg vir oorweging (1994:52, 53):

“Die vraag ontstaan of daar tans net een weg is vir die hantering van 'n Beswaarskrif, nl. toetsing langs die kerklike weg, of twee weë, nl. dat 'n beswaar deur 'n individu ook na toetsing en afwysing nog steeds by 'n betrokke meerdere vergadering ingedien kan word. Die Deputate se interpretasie van die gehandhaafde beswaar van prof B Spoelstra is dat Beswaarskrifte die kerklike weg moet volg met dien verstande dat indien die weg na die volgende meerdere vergadering afgesluit word, 'n beswaarde nie die reg ontsê kan word om self die beswaar by die betrokke meerdere vergadering in te dien nie. In só 'n geval moet 'n beswaarde egter duidelik aantoon waarom nie in die mindere vergadering se oordeel berus kan word nie.”

Dié Rapport is beoordeel deur 'n Kommissie van Pre-Advies en op grond van die Kommissie se bevinding besluit die Sinode as volg (1994:53):

“Die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik gerigverdig, word nie deur 1991 se besluit geblokkeer nie.”

(b) Onvermoë om te konformeer by die Kerkraadsbesluit

Sonder om in te gaan op vele redes waarom die beswaarde nie die Kerkraad se besluit as reg vir die kerk kan aanvaar nie, word die kern waarom nie gekonformeer word nie, saamgevat.

Die Kerkraad is van oordeel dat die beswaar nie aandui “*dat die praktyk van huisbesoek, as wyse van toerusting van alle lidmate, in stryd met die Skrif is nie.*” Daarin word die wese van die beswaar egter gemis, aangesien die beswaar dit nie het teen huisbesoek as sodanig nie, maar dat “huisbesoek aan almal” verhef word tot ’n Skrifgefundeerde Goddelike opdrag. Die beswaarde kan nie konformeer nie, aangesien dit as dwaling ervaar word wanneer iets wat nie vanuit die Skrif voortkom nie, aan die Kerk voorgehou word asof dit wel uit die Skrif self kom as Goddelike opdrag.

(c) Onvermoë om te konformeer by die Streeksinode se besluit

Hier word gepoog om die wese weer te gee waarom die beswaarde nie tot die Streeksinode se besluit kan konformeer nie sonder om die besluit in detail te behandel.

In die beredenering wat die Streeksinode besluit onderlê, word na die volgende Skrifgedeeltes verwys: Ef 4:1-16; 1 Kor 12:12-31; Rom 12:1-8. Teksgedeeltes gerig tot die gemeente (gelowiges) wat handel oor hulle onderlinge eenheid en gemeenskap asook oor die gawes en dienste wat hulle toerus. En alhoewel daar in geeneen van hierdie gedeeltes enigsins sprake is van die wyse waarop die toerusting gedoen word nie, en alhoewel hierdie gedeeltes juis op die hele gemeente se onderlinge gemeenskapsbeoefening fokus, maak die beredenering ’n sprong dat diakens self pertinent huisbesoek by elkeen in gemeente moet bring as ’n noodsaaklike, praktiese implikasie; dat dit ’n Skrifafgeleide Goddelike opdrag is. Hierdie sprong word geensins beredeneer nie en waarom daar nie ook ander praktiese implikasies en werkswyses kon wees nie, word nie aangedui nie. Trouens, die praktiese onmoontlikheid dat die Sewe in Handeling 6 nie self al die duisende sou kon besoek nie, word nie verreken nie. Die beswaarde is van opinie dat hierdie sprong nie Skrifgefundeerd is nie en kan daar nie gekonformeer word nie. Die praktyk en belangrikheid van diakonale huisbesoek aan almal in die gemeente is nie tersake in hierdie besware nie – maar die verklaring daarvan as Goddelike opdrag is nie Skrifgetrou nie.

3. Versoek

Die beswaarde is van oordeel dat voldoen word aan die vereistes soos toegepas in Sinode 1994 (Acta 1994:52,53) en soos geadviseer deur prof A le R du Plooy. Derhalwe die versoek dat die Algemene Sinode 2009 die saak ontvanklik sal vind vir hulle vergadering van Januarie 2009. Dat u sodoende ondersteunend meewerk in die volg van die kerklike weg sonder dat die reg tot beswaar by ’n meerdere vergadering teen besluite van die meerdere vergadering, deur ’n mindere vergadering afgesluit word.

SSSSSSSS. BESWAARSKRIF 1 – 1985: RAKENDE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIAKENS

1. Struktuur van die Beswaarskrif(te)

Aangesien die twee besware grotendeels die verloop van die saak in gemeen het, word vervolgens eers ’n gesamentlike historiese verloop weergegee om noodwendige herhaling daarvan te voorkom. Dit word gevolg deur ’n kort opmerking wat weereens vir beide besware geld, waarna die besware dan afsonderlik as twee selfstandige besware gestel word teen twee afsonderlike besluite. Behalwe die gesamentlike aanloop, word versoek dat die Sinode dit eweneens as twee afsonderlike besware sal oorweeg.

2. Historiese verloop

Die ondersoek en besluite rakende die skopus van die diaken diens het ’n lang verloop op Nasionale Sinodes Potchefstroom, met die volgende tersaaklike verwysings:

- (a) 1927 (Acta 1927:106 ev) – Die Sinodebesluit beperk die skopus van diakendiens tot “armversorging”.
- (b) 1964 (Acta 1964:391 ev) – ’n Beskrywingspunt van Part Sinode Kaapland-SWA in verskil met die 1927-besluit lei tot Studiedeputate vir *“deurtastende studie van die amp van die diakens aan die hand van die Heilige Skrif, die Belydenis, die Kerkorde, die Kerkgeskiedenis en die Bevestigingsformulier van diakens”*.
- (c) 1967 (Acta 1967:160 ev) – Die studie is nie voltooi nie *“gesien die moeilike materie wat diepgaande en lang besprekinge ’n vereiste maak ...”*, en die Sinode wys weer Studiedeputate aan om die studie af te handel.
- (d) 1970 (Acta 1970:338 ev) – Die Sinode neem kennis van die Studierapport, maar wys die aanbevelings af en *“volstaan by die studie”*.
- (e) 1973 (Acta 1973:151 ev) – ’n Beswaar word gemaak teen die besluit van 1970 en wel a) die verwerping van aanbevelings en die blote volstanning met die studie; b) die verenging van die amp in KO, art 25; en c) die verskraling van die diakendiens in die Bevestigingsformulier. Die Sinode gee nie uitspraak nie en wys Deputate aan om die beswaar te ondersoek en die volgende Sinode te adviseer.
- (f) 1976 (Acta 1976:441 ev) – Die Deputate adviseer dat die beswaar nie slaag nie. Die Sinode keur die Deputate se aanbeveling egter af, aangesien die Deputaterapport bykans geen verwysing het na *“moeilike eksegetiese vraagstukke met verreikende implikasies”* nie. Die beswaar word weer na Deputate verwys.
- (g) 1979 (Acta 1979:592 ev) – Die Deputate adviseer dat die beswaar gehandhaaf word oor die besluit om aanbevelings in die 1970-Studiedeputateverslag te verwerp en bloot by die studie te volstaan, asook t.o.v. die verenging van die diakendiens in die Bevestigingsformulier, maar dat die beswaar t.o.v. KO, art 25 nie slaag nie. Alhoewel die Sinode voorkom as ondersteunend soos blyk uit besluit t.o.v. Bevestigingsformulierhersiening (1979:493), word geen uitspraak gelewer oor die beswaar nie, klaarblyklik weens ’n organisatoriese flater.
- (h) 1979 (Acta 1979:573 ev) – Na aanleiding van sake uit die SDDS-rapport, wys die Sinode Studiedeputate aan *“Om met inagneming van die studiestuk oor die diakenamp (kyk Acta Sinode 1970) die hele amp van die diaken en die skopus van barmhartigheid te ondersoek asook die moontlike koördinerings met ander ondernemings van diakonale aard wat die kerkverband mag raak”*.
- (i) 1982 (Acta 1982:468, 469) – Die Deputateverslag rakende die beswaar soos gedien in 1979 word weer oorweeg en Sinode handhaaf die beswaar t.o.v. die 1970-studie-aanbevelings en Bevestigingsformulier, maar die beswaar teen KO, art 25-redaksie slaag nie.
- (j) 1982 (Acta 1982:495 ev) – Die Sinode neem kennis van die Rapport van die Studiedeputate voortspruitend uit die 1979 SDDS-rapport (h hierbo). Een konklusie in die Rapport is dat die skopus van die diakendiens in lyn is met die Studiedeputate se Rapport van 1970.
- (k) 1982 (Acta 1982:439) – Aangesien Sinode 1979 nie uitspraak gegee het aangaande die 1973-beswaar nie, is die Formulieropdrag van 1979 nie voltooi nie en word die opdrag weer verwys na Deputate.
- (l) 1985 (Acta 1985:335 ev) – Die Bevestigingsformulier vir Diakens word goedgekeur soos tans opgeneem in die Psalmboek. Die beswaar gestel in 4 gaan teen hierdie besluit.
- (m) 1997 (Acta 1997:562 ev) – Die Sinode word versoek om die redaksie van KO, art 25 te wysig en in lyn te bring met die gewysigde (1985) Bevestigingsformulier vir Diakens, aangesien die materiële verskil ’n wanbalans en spanning tussen Formulier en KO tot gevolg sou hê. Die Sinode keur die voorgestelde revisie van KO, art.25 goed soos opgeneem in Psalmboek en wit Kerkordeboekie. Die beswaar gestel in 5 gaan teen hierdie besluit.

3. Opmerking

Beide die besware wat vervolgens gestel word, het dit nie teen die besluite rakende die skopus van die diakendiens nie en wil dit ook nie weer aan die orde stel nie. Verder is hierdie nie 'n beswaar teen enige werkswyse wat enige diakonie sou volg nie, in die besonder huisbesoek aan die hele gemeente. Dit gaan nie oor die sinvolheid, nodigheid of praktiese uitvoerbaarheid van diakonale huisbesoek aan almal in die gemeente nie. Beide besware handel oor die regverdiging, al dan nie, van 'n spesifieke werkswyse wat deur die Kerke in Nasionale/Algemene Sinode aan diakonieë opgelê word van hoe diakens in plaaslike gemeentes met plaaslike omstandighede hulle opdrag in praktyk moet uitvoer.

Dit is die hoop van die beswaarde dat die Engelse teks 'n duidelike weergawe van die saak in strekking sowel as inhoud is, maar indien daar tog verskille sou voorkom, word u versoek om die Afrikaanse teks as die mees korrekte te gebruik.

Ter ondersteuning van duidelikheid word alle aanhalings in *kursief* weergegee met teks verwysings synde (jaartal: bladsynommer).

4. Beswaar teen besluite van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1985 rakende Formulier vir die bevestiging van diakens

4.1 *Besluit waarteen beswaar gemaak word*

Beswaar word gemaak teen die besluit van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1985 (Acta 1985:357) wat lui: ***“Besluit: 1. Ná wysiging goedgekeur”*** ten opsigte van die voorgestelde Verkorte Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en/of Diakens (Acta 1985:354-357).

Die volledige Formulier is soos opgeneem in die nuwe Psalmboek en slegs die direk verwante dele waarteen die beswaar gaan, word vervolgens aangehaal (eie onderstreping):

“... Vir dié doel (om as diaken bevestig te word) moet u, broeder(s) wat bevestig word, en ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die diakens aanhoor.

Saam met u medediakens moet u –

almal besoek en hulle aanspoor ...

deur elkeen te besoek sorg dra dat ...

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou ...

Belowe u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer ...”

4.2 *Motivering*

Die nodigheid en/of wenslikheid van huisbesoek deur diakens en die bediening van almal in die gemeente is nie ter sprake in hierdie beswaar nie, maar wel die feit dat 'n praktiese werkswyse as direktief voorgeskryf word asof voortspruitend vanuit die Woord van God. Om iets wat nie vanuit die Skrif voortkom of afgelei word nie, aan die kerk voor te skryf as 'n “Goddelike opdrag” is onskriftuurlik en in stryd met ons Gereformeerde Belydenis en praktyk.

4.3 *Beredenering*

- 4.3.1 ***Beswaargrond 1:*** Die werkswysebevestigings in die Formulier is nie vanuit Skrif of Belydenis gefundeer nie en om dit as sodanig voor te hou, is in stryd met die Gereformeerde Belydenis. Die doel van die Formulier word in die Formulier self gestel synde vanuit die Skrif 'n uiteensetting te gee aangaande die diakendiens. Die Skriffundering van bykans die hele Formulier, die skopus van die diakendiens met die hele gemeente as fokus kom duidelik na vore in die Beskrywingspunte en verslae van Studiedeputate soos gedien by verskeie Sinodes van 1964 (Acta 1964:390 ev as deel van Beskrywingspunt), 1970 (Acta 1970:338 ev as Rapport van Studiedeputate) en 1982 (Acta 1982:495 ev as deel van 'n tweede Studiedeputate). Verder ook soos toegepas in handhawing van die Beswaarskrif gedien by Sinodes 1973 (Acta 1973:151 ev), 1979 (Acta 1979:592 ev) en 1982 (Acta 1982:439). Die voorskrif van 'n bepaalde werkswyse figureer egter geensins in enige van hierdie stukke nie. Die spesifieke voorskrif (om almal in die gemeente te besoek) sou ook nie prakties uitvoerbaar kon wees in die instellingsgemeente van Jerusalem in Handeling 6 nie, soos afgelei kan word van die verhouding van die aantal diakens teenoor die aantal gelowiges in

die gemeente. Trouens, nêrens in die Skrif kon die beswaarde enige verwysings vind wat enigsins op 'n bepaalde werkswyse sou dui nie.

Tóg wil die Formulier 'n spesifieke werkswyse van diakens voorhou met Goddelike gesag synde vanuit die Skrif geleer – 'n “*Goddelike opdrag*”.

Dit is in stryd met Gereformeerde Skrifgebruik en in stryd met ons Gereformeerde Belydenis soos geformuleer in NGB, art 7.

4.3.2 Beswaargrond 2: Die redaksie van die Formulier vir bevestiging van Diakens is nie in harmonie met ander Bevestigingsformuliere nie.

Die praktiese werkswyse van huisbesoek deur die besondere dienste (ampste) in die kerk is by ouderlinge en predikante net so 'n aanvaarde en ordelike gebruik as in die geval van diakens. Tóg word dit nie in die Formuliere vir bevestiging van predikante en ouderlinge voorgelê as synde 'n Goddelike opdrag wat vanuit die Skrif geleer word nie. Hierdie Formuliere bepaal hulle by die weergee van die beginsels en doel van die dienste (ampste) en laat die praktiese werkswyse oor aan die plaaslike Kerkraade (met ordebevestiging in die Kerkorde). Die feit dat huisbesoek as werkswyse nie in hierdie Formuliere gestel word nie, verminder egter geensins die erns wat predikante en ouderlinge (Kerkraade) aan die dag lê in die oorweging en bepaling van hul werkswyse in die gemeentes nie.

Die dienste van predikant, onderling en diaken is gelyk, elkeen onderskei na gelang van die bepaalde roeping. Daar is geen fundering waarom 'n bepaalde werkswyse by een (diaken) uitgelê moet word en by die ander nie. Vanuit die gelykheid van die dienste is daar die verwagting dat die benadering in Bevestigingsformuliere ooreen sou kom.

Die Formulier vir die bevestiging van diakens, wat 'n bepaalde werkswyse (huisbesoek aan almal) pertinent as deel van 'n “Goddelike opdrag” voorskryf, is nie in harmonie met die Formuliere vir die bevestiging van predikante en ouderlinge nie, wat uitsluitlik hou by spesifieke Skrifafgeleide beginsels en doel van die onderskeie ampste.

4.3.3 Beswaargrond 3: Die voorskrif in die Bevestigingsformulier vir Diakens van 'n werkswyse wat nie vanuit die Skrif self opkom nie, is in stryd met die struktuur van die Gereformeerde Kerkregering.

Geskoei op die struktuur van gereformeerde kerkregering soos na vore kom in “Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die Kerkorde” deur dr Bouke Spoelstra (1989:1, 8) word Kerkreg beskryf as die reg wat Christus as Koning en Hoof van sy volk, die kerk voorskryf en wat deur eksegetiese vanuit die Skrif voortkom. Kerkregering is dit wat voorkom wanneer die Kerkreg in praktyk toegepas word, en die Kerkorde dien as ordebevestigings wat opsieners bystaan in die praktiese uitvoer van die Kerkreg in regering van die kerk.

Huisbesoek as spesifieke en klaarblyklik enigste Goddelike werkswyse is nie direk eksegeties verantwoordbaar nie. Dit is 'n afleiding/beoordeling van 'n praktiese wyse om die Goddelike opdrag tot uitvoer te bring, soos daar ook ander moontlike werkswyses sou kon wees. Deur 'n praktiese werkswyse vir die ordelike en stigtelike uitvoering van die diakendiens in die Formulier vir bevestiging van Diakens in te sluit synde vanuit die Woord van God as deel van 'n Goddelike opdrag, verhef iets wat hoogstens 'n ordereëling kan wees tot Kerkreg – iets wat in stryd is met die Gereformeerde Kerkregeringstruktuur.

4.4 **Aanbeveling**

Sou hierdie beswaar teen die bepaling in die huidige Formulier gehandhaaf word, word aanbeveel om die tersaaklike dele in die Formulier te wysig om as volg te lees:

“Saam met u medediakens moet u

- 1. almal aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys;*
- 2. sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie;*

Motivering: Die weglating van die voorskriftelike bepaling van 'n werkswyse (huisbesoek aan almal) ontknoop al drie die beswaargrondte teen die huidige formulering – dit bring die hele Formulier onder die oogmerk om uiteensetting uit die Woord van God te gee (sonder om enigiets te wil byvoeg), dit is in harmonie met die benadering in die Formuliere vir die bevestiging van ouderlinge en predikante, en is laastens ook in harmonie met die Gereformeerde Kerkregeringstruktuur.

TTTTTTTT. **BESWAARSKRIF 2 – 1997: RAKENDE DIE REDAKSIE VAN KERKORDE ARTIKEL 25**

1. Beswaar teen besluite van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1997 rakende die redaksie van Kerkorde, art 25

1.1 *Besluit waarteen beswaar gemaak word*

Beswaar word gemaak teen die besluit van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1997 (Acta 1997:562) wat lui: “*Besluit: Die Sinode keur die Revisie goed*” ten opsigte van die versoek tot revisie van KO, art 25.

Die goedgekeurde redaksie van KO, art 25 word vervolgens aangehaal (eie onderstreping):

“Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die Kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.”

1.2 *Motivering*

Die huidige redaksie van KO, art 25 lê meer reglementering op kerke en diakonieë as wat vanuit die Skrif geregverdig is. Dit plaas ’n gewetensdwang op kerke, diakonieë en diakens deur ’n praktiese werkswyse voor te skryf wat nie vanuit die Skrif gefundeerd is nie en wat geen ruimte laat vir inagneming van plaaslike omstandighede nie.

Dit het gevolg dat diakonieë se verantwoordelikheid om ’n bedieningswyse te besin en te oorweeg, binne plaaslike omstandighede ten minste gedeeltelik verskans word. Waar plaaslike omstandighede om geregverdigde redes mog noop om ’n ander praktiese uitvoering van dieselfde opdrag, kan die huidige situasie óf lei tot stilswyende aanvaarding van afwyking van die Kerkorde, óf diegene met die gawes weerhou daarvan om die roeping op te volg, óf diakens onder onhoudbare gewetensdwang plaas wat nie Skrifgefundeerd is nie.

1.3 *Beredenering*

1.3.1 Beswaargrond 1: KO, art 25 se vaste voorskrif van werkswyse is nie verantwoord uit die kerkregeringbeginsels nie.

As deel van die verduideliking van revisie van KO, art 25 was die volgende aangevoer: (Acta 1997:564):

“In verband met die styl van die Kerkorde skryf B. Spoelstra in ‘Handleiding by die Kerkorde’ (1965:13), dat die Kerkorde ’n beginsel neerlê en veronderstel dat die beginsel en gees van orde begryp sal word en verskillende situasies daarvolgens op meriete behandel sal word’. ’n Reglement daarenteen, skryf ’n presiese handeling voor, sê eerder hoe iets moet geskied as wat dit sê wat moet geskied.

Met betrekking tot KO, art 25 volg hieruit dat die beginsel insake die diakenamp eksplisiet en die bediening van die amp slegs in hooflyne weergegee behoort te word, sonder dat die ampswerk in detail gereglementeer word.”

En tóg is die goedgekeurde revisie van KO, art 25 juis ’n vaste voorskrif van “hoe iets moet geskied”. Die wyse waarop die werk gedoen moet word, word direk en spesifiek voorskriftelik afgedwing.

Dr GPL van der Linde skryf in “Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel” die volgende (1965:31): “... ampsdraers moet eerstens die beginsels wat Christus in die Heilige Skrif, sy Woord, vir die gedrag van die kerk neergelê het, naspeur. Uit hierdie beginsels word die reg wat in die kerk moet geld, afgelei en gevorm. Die kerkreg ... moet altyd die beginsels, gegee in die Woord van God, ten grondslag hê. Die kerkreg mag niks anders as die toepassing van die beginsels wees nie.” Hy stel dit elders (1965:94) baie eksplisiet: “Hulle mag niks anders aan die kerk oplê as wat die Woord eis of daaruit afgelei kan word nie.”

Voorts vra en antwoord dr B Spoelstra in “Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die Kerkorde” (1989:4): “... Hoe kan ons nog prinsipiëel onderskei

tussen die reg wat behoort te geld, en reg wat kerkregeerders neerlê? Die kerkreg moet óf die koninkryk (Christus as wetgewer) óf die kerk as vertrekpunt neem om te bepaal wie die reg bepaal.”

Wanneer die kerk in die Kerkorde 'n bepaalde werkswyse as absolute stel op gelyke voet met die skopus wat uit die Skrif opkom, dan word daar verder gegaan as die reg wat Christus deur sy Woord gee en word dit reg wat die kerk voorskryf. Dit is nie verantwoordbaar in die Gereformeerde kerkregering nie.

- 1.3.2 Beswaargrond 2: Die ongekwalifiseerde voorskrif van werkswyse in KO, art 25 is in stryd met die struktuur van die Gereformeerde Kerkregering.

Geskoei op die struktuur van Gereformeerde Kerkregering soos na vore kom in “Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die Kerkorde” deur dr Bouke Spoelstra (1989:1, 8) word Kerkreg beskryf as die reg wat Christus as Koning en Hoof aan sy volk, die kerk voorskryf en wat deur eksegetiese vanuit die Skrif voortkom. Kerkregering is dit wat voorkom wanneer die Kerkreg in praktyk toegepas word en die Kerkorde dien as ordebepalings wat opsieners bystaan in die praktiese uitvoer van die Kerkreg in regering van die kerk.

Deur 'n praktiese werkwyse vir die ordelike en stigtelike uitvoering van die diaken diens op gelyke vlak te stel in KO, art 25 as die Skrifgefundeerde skopus van die amp, word iets wat hoogstens 'n ordereëling kan wees tot direkte Kerkreg verhef – iets wat in stryd is met die Gereformeerde Kerkregeringstruktuur.

- 1.3.3 Beswaargrond 3: KO, art 25 se ongekwalifiseerde voorskrif van 'n bepaalde werkswyse is in stryd met KO, art 30.

Die besluit rakende die verbreding van die skopus van die diakenamp is inderdaad 'n saak vir meerdere vergadering wat al die Kerke raak. Net so dat sodanige besluit beslag sou vind in herformulering van die skopusbepalings in beide die Formulier vir die Bevestiging van Diakens en die redaksie van KO, art 25.

Die presiese wyse waarop die opdrag op plaaslike vlak tot uitvoering gebring word, is egter nie 'n saak wat vanuit die Skrif self afgelei word nie en is 'n saak wat juis op mindere vergadering deur die diakonie met verslag in die Kerkraad oorweeg en besluit behoort te word. Meerdere vergadering sou hoogstens 'n praktyk kon rig of aanbeveel, terwyl daar ruimte gelaat word vir besinning en verantwoordelike besluit deur mindere vergadering soos die geval van KO, art 23 rakende huisbesoek van ouderlinge.

Van der Linde stel in “Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel” (1965:153): “Voorts is dit waar dat meerdere vergaderings nie die kerkregering uit die hande van die kerkraad kan neem of die kerkraad mag oorheers nie; die mag van die meerdere vergaderings is beperk tot 'n eie terrein, en dit moet altyd uitgeoefen word in ooreenstemming met die Woord van God ...” In geeneen van die stukke wat op enige van die Sinodes oorweeg is, is daar enigsins 'n Skriffundering of eksegetiese uiteensetting van die werkswysebevestiging gevind nie. Net so kon geen Skriffundering gevind word in selfstandige ondersoek deur die beswaarde nie.

Wanneer 'n meerdere vergadering (Nasionale Sinode Potchefstroom 1997) 'n bepaalde werkswyse pertinent as vaste opdrag stel wat nie vanuit die Skrif afgelei is nie, dan behandel dit 'n saak wat op mindere vergadering afgehandel kon word. Dit is in stryd met die ooreengekome ordereëling van KO, art 30 wat o.a. bepaal dat: “Op meerdere vergaderings moet *alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie ...*”

- 1.3.4 Beswaargrond 4: KO, art 25 se vaste voorskrif van werkswyse is nie in harmonie met die res van die Kerkorde nie.

Die ampte in die kerk is afsonderlik en gelyk en daar kan met reg aangevoer word dat daar in praktyk eweveel die verwagting is dat Bedienaars van die Woord en Ouderlinge net soos Diakens almal in die gemeente sal besoek om hulle onderskeie dienswerk aan die hele gemeente te bring. Gegronde op die gelykheid van die dienste is dit logies om 'n duidelike mate van harmonie te verwag in die balans tussen beginsel en praktiese werkswyse in die ordebepalings ten opsigte van die gelyke dienste nie.

In KO, art 16 aangaande die diens van die Bedenaar van die Woord word geensins enige vermelding gemaak oor besoeke nie. En in KO, art 23 rakende die dienswerk van die ouderlinge word die verwagting van huisbesoek “tot stigting van die gemeente” sowel voor as na Nagmaal pertinent gestel, maar dan met die bepaling “... soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat ...” In beide gevalle word die uiteindelijke oorweging en besluit van spesifieke werkswyse in plaaslike gemeente aan die verantwoordelike besluit van die plaaslike Kerk oorgelaat.

Daarteenoor bevat KO, art 25 rakende die diakenamp die direkte, spesifieke opdrag dat: *"Hulle opdrag is om almal te besoek ..."* sonder enige ruimte vir inagneming van plaaslike omstandighede en selfstandigheid van die plaaslike Kerk nie. Die huidige redaksie van KO, art 25 wat werkswyse onomwonde voorskryf, is dus nie in harmonie met die res van die KO nie.

1.3.5 Beswaargrond 5: KO, art 25 se voorskrif van 'n bepaalde diakonale werkswyse is in stryd met die Gereformeerde Kerkregering deurdat dit die gelykheid en selfstandigheid van die diakonale amp in gedrang bring.

Dit gaan in hierdie beswaargrond oor die vraag na watter mate die regeeramp in Kerkraad of in hierdie geval die regeeramp in meerdere vergadering, meer spesifiek Algemene Sinode, voorskriftelik kan omgaan met die spesifieke werkswyse wat die diakonie van 'n spesifieke plaaslike kerk moet volg in die uitvoering van hulle diens. Daarvoor word allereers drie bronne aangehaal:

(a) Visser stel in "Die Kerkorde in Praktyk" (1999:4): *"Die dienaars in die kerk van Christus is almal gelyk, alhoewel hulle dienswerk verskil. Tussen die dienste is daar nie verskil in status nie; hulle is onderskeie in werkopdragte."*

(b) Veral met die oog op die bepaling in KO, art 25 dat *"Die diakens doen in die kerkraad verslag ..."* skryf dr B Spoelstra in "Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die Kerkorde" (1989:156): *"Hulle (die kerkraad) moet eerstens vasstel dat die (diaken)diens onbesproke, eerlik, toegewyd en verantwoordelik geskied, aan Skrifese en aan die norm van die liefde beantwoord en dat die diens eerlik, verantwoordelik, onpartydig, omvattend tot heil van die kerk en bevordering van God se koninkryk na buite bedien word. Hierdie verslag en opsig verleen aan die kerkraad geen reg om die diakens se diens oor te neem, te beheer, in detail te kontroleer, te amendeer of te veto nie."*

Die kerkraad mag dit nodig ag om die diakens oor bepaalde aspekte van hulle diens op te skerp, op sterkte van die geestelike verantwoordelikheid wat hulle in die kerkregering vir die hele gemeente dra."

En verder skryf Spoelstra (1989:152): *"Die diens van die Sewe is van meet af aan selfstandig en word nêrens ondergeskik aan die diens van die opsiener gestel nie. Die apostels onttrek hulle volkome aan die bediening van die tafels (Hand 6:3-6; 1 Tim 3:8-13). Die diakens dien dus met gesag van Christus en het in hulle diens volkome 'regeer'-bevoegdheede oor die liefdesmaaltye ..."*

(c) Die derde toepaslike aanhaling kom van dr GPL van der Linde wat die volgende skryf in "Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel" (1965:103,104):

".. die diakens voer hulle amp selfstandig uit in soverre dit die deel van die uitvoerende mag betref wat aan hulle toevertrou is. Hulle beslis in die diakonale vergadering wie en hoe gehelp moet word; hulle sê die gelowiges aan om die gawes af te dra; vertroos, bemoedig en versorg die armes en vermaan hulle tot dankbaarheid jeens Christus."

Waar die ouderlinge ook toesig het oor die uitvoering van die diakens se ampswerk in die algemeen en hulle derhalwe aan die kerkraad rapport moet lewer oor die vervulling van hulle taak, hef dit nie die selfstandigheid van die diakens op nie. Trouens, elke ampsdraer, ook ouderling en predikant, is verantwoording aan die kerkraad verskuldig oor die vervulling van sy roeping. Daarom is die bedoeling van die rapport van die diakens aan die kerkraad in die algemeen nie dat hulle, wat die besondere uitoefening van hulle amp betref, aan allerlei voorskrifte van die kerkraad gebonde is nie. Die kerkraad lê wel neer dat die diakens armes moet versorg. Maar presies watter persone en hoe hulle moet versorg word, is 'n saak vir die diakens om oor te beslis."

Daarom, al het die diakenamp na sy wese nie met die kerkregering in die algemeen te doen nie, is dit tog ook weer kragtens die wese daarvan gedeeltelik in die kerkregering betrek wat die een aspek van die kerklike samelewing betref."

Let wel dat Van der Linde nog die diakendiens beperk tot die pre-1985 oordeel van "barmhartigheid" en dat hy nog verwys na die Diakonale Rapport aan die Kerkraad, terwyl die redaksie van KO, art 25 verwys na rapportering in die Kerkraad.

Vanuit die agtergrond van bogenoemde drie verwysings word die volgende gevolgtrekking gemaak:

Wanneer 'n meerdere vergadering van Kerke, soos verteenwoordig deur afgevaardigde Bedienaars van die Woord en Ouderlinge, 'n bepaling van spesifieke werkswyse aan die diakonie van 'n plaaslike Kerk voorskryf, sonder dat die werkswyse vanuit die Skrif gefundeer is, dan plaas die meerdere vergadering en die afgevaardigde ampte van

Woordbedienaars en Ouderlinge 'n las op diakonieë wat die selfstandigheid en gelykheid van die Diakenamp misken. Die Diakonie se selfstandigheid om in direkte verantwoordelikheid teenoor hulle opdraggewer, Christus as Hoof van die Kerk, te besin en te besluit oor werkswyse om sy opdrag uit te voer, word onregmatig aangetas. (Natuurlik doen die Diakonie steeds in die Kerkraad verslag om hulle so steeds onder die regeerroeping van ouderlinge te stel – maar dan die bediening van Christus soos uiteengesit in bogenoemde aanhalings.)

1.4 Aanbeveling

Sou die beswaar teen die bepaling in die huidige redaksie van KO, art 25 gehandhaaf word, word aanbeveel dat KO, art 25 gewysig word om soortgelyk aan KO, art 23, soos volg te lees:

“Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek, tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.”

Motivering: Die aanbevole redaksie sal nie net die gronde van beswaar aanspreek en uit die weg ruim nie, die belangrikheid van besoek deur die diakens aan almal sal as aanbevole werkswyse steeds behoue bly.

UUUUUUUU. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE OOR BESWAARSKRIF 1

1. Opdrag

Beswaarskrif: br AJ Burger teen besluite van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1985: Rakende Formulier vir die bevestiging van diakens.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

- 2.1 Versoek om ontvanklikheid vir die Aanvullende Agenda van die Algemene Sinode 2009.
- 2.2 Motivering van versoek.
- 2.3 Versoek.
- 2.4 Struktuur van die Beswaarskrif(te).
- 2.5 Historiese verloop.
- 2.6 Opmerking.
- 2.7 Pte 4.1-4.2 wat handel oor die besluit waarteen beswaar gemaak word rakende die Bevestigingsformulier vir diakens, asook die motivering.
- 2.8 Pt 4.4: die aanbeveling van die beswaarde.
- 2.9 Die Kommissie en die beswaarde was telefonies in gesprek met mekaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.9.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

- 3.1 Pt 4.3: die beswaargronde 1-3 van die beswaar rakende besluite in 1985 geneem oor die Formulier vir die bevestiging van diakens.
- 3.2 Pt 4.4: die aanbeveling van die beswaarde.

Besluit: Kennis geneem.

4. Beredenering

4.1 Beswaargrond 1: 1985 rakende Bevestigingsformulier van diakens.

Die beswaarde beweer dat die werkswyse-bepalings (dat diakens almal moet besoek) in die Formulier nie vanuit die Skrif of Belydenis gefundeer is nie, en om dit as sodanig voor te hou, is in stryd met die Gereformeerde Belydenis.

4.1.1 Beredenering van beswaargrond 1

- 4.1.1.1 Die beswaarde probeer 'n saak daarvoor uit te maak dat “die besoeke” (soos in die Formulier voorgeskryf) deur die Formulier gekoppel word aan die “Goddelike opdrag” en dat dit nie 'n Goddelike opdrag is nie (volgens hom). Die beswaarde maak egter 'n onregmatige

gedagtesprong wat die Formulier self nie maak nie. Die Formulier het 'n besondere struktuur, nl. roeping (vokatief), dan indikatief uit die Woord, dan imperatiewe (wat rus in die indikatief), en daarna die vrae, opwekking en gebede. Die opdragte in die Formulier is nie opdragte wat uit die lug gegryp is nie, maar dit is opdragte wat geanker is in die roeping en indikatief in Gods Woord. Dit is hoe die Formulier homself aandien. Die beswaarde spring vanaf "besoeke aan almal" na die "Goddelike opdrag" en ignoreer die roeping en indikatief uit die Woord. Die "Goddelike opdrag" soos in vraag 3 van die Formulier, hou verband met die diaken se roeping (vraag 1); en sy belydenis/handhawing van Gods Woord in leersuiwerheid (vraag 2) en hou verband met die indikatief uit die Woord. Die Formulier wil nie reglementeer nie, maar dit wil die beginsel prakties toepas. Die beginsel vloei voort uit die opdrag van versorging en koinonia. Die toepassing vind sy gestalte in die wyse waarop hierdie opdragte uitgevoer word. Die plaaslike gemeente kan self besluit/reël hoe die praktyk in haar omstandighede ingerig word.

- 4.1.1.2 Die beswaarde beweer dat die werkswyse-bepalings (meervoud) in die Formulier vir die Bevestiging van diakens nie vanuit die Skrif gefundeer is nie, en dat hy nêrens in die Skrif enige verwysings wat enigsins op 'n bepaalde werkswyse sou dui, kon vind nie. Die beswaarde bly egter in gebreke om te bewys dat die werkswyse-bepalings (huisbesoeke) in stryd met die Skrif is.
- 4.1.1.3 Die beswaarde erken dat "die Skrifvundering van bykans die hele Formulier en die skopus van die diakendiens duidelik na vore kom in die Beskrywingspunte en Studierapporte van Sinodes 1964, 1970, 1973, 1979, 1982 en 1985", maar hy beweer dat die voorskrif van 'n bepaalde werkswyse (besoeke doen), geensins in enige van bogenoemde Sinodestukke figureer nie. Die beginselgrondslag van besoeke, nl. versorging (met verwysing na Hand 6) kom duidelik in die Studierapport 1985 voor. Verder ook: Die diakonale aspek in Hand 6 kom neer op versorging van die hele gemeente, om die hele gemeente in 'n eenheidsgemeente te dien. Die diakendiens in aksie kom die konkreetste in aanraking met mense in hulle daaglikse nood. Die diakendiens moet die hele gemeente aanvuur tot barmhartigheidsbetoning: versorging van armes en die welgesteldes aanmoedig tot barmhartigheidsbetoning.
- 4.1.1.4 Die beswaarde verwys slegs na Hand 6 om sy beswaar Skriftuurlik te ondersteun en beweer dan ongesubstansieerd "dat die spesifieke voorskrif (om almal te besoek) sou ook nie prakties uitvoerbaar kon wees in die instellingsgemeente ... in Hand 6 nie, soos afgelei kan word van die verhouding van die aantal diakens teenoor die aantal gelowiges in die gemeente". Die beswaarde se argument hou nie water nie, omdat die eerste sewe diakens se opdrag verband gehou het met die Griekssprekende weduwees. Verder is daar nie 'n gelyke lyn tussen die eerste sewe diakens en die diakens van vandag te trek nie. Die Kommissie is van oortuiging dat die versorgings- en koinoniataak van diakens (Hand 6) veral gestalte kry in interpersoonlike kontak tussen die diakens en die gelowiges, wat onder andere in BESOEKE prakties gestalte vind. Om nie een oor die hoof te sien nie (vgl. Hand 6:1) hou eksplisiet in, dat na elkéén omgesien moet word en daarom behoort hierdie interpersoonlike kontak deur middel van persoonlike besoeke prakties gestalte te kry.
- 4.1.1.5 Die beswaarde moet gelyk gegee word dat die Skrif geen direkte Skrifverwysing gee in verband met "huisbesoek" met betrekking tot die diakendiens nie. Tog is dit nie genoegsame grond om die opdrag "om besoeke te doen" as onskriftuurlik af te maak nie. Die Kommissie is van oortuiging dat die beswaarde van die Gereformeerde Skrifgebruik afwyk: hy verloor die skopus van die Skrif uit die oog en soek bepaalde teksverwysings as regverdiging vir die saak. Verder vergeet hy ook dat die verstaan van 'n saak in die Skrif nie op enkele tekste berus nie, maar uit die openbaringshistoriese verband van die Skrif verstaan moet word. Uit Hand 6:1 moet afgelei word dat niemand oor die hoof gesien mag word nie, en dit wys reeds regstreeks daarop dat al die gelowiges die objek van die (diakonale) versorging en koinonia is. Die Kommissie is verder van oortuiging dat die opdrag om "besoeke" te doen (d.w.s. interpersoonlike kontak), wel sy fundering implisiet in die openbaringshistoriese verband van die hele Skrif (OT en NT) het vir al drie besondere dienste. Die opdrag om te waak dat niemand veragter nie, kan nie losgemaak word van die opdrag dat gelowiges op mekaar ag moet gee en na mekaar moet omsien nie: "*Dra mekaar se laste*" (Gal 6:2), "*Die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie ... Maar die lede moet gelyke sorg dra vir mekaar*" (1 Kor 12:21-26), "*Bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen*" (1 Tess 5:11), "*Reine en onbesmette godsdienste voor God die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek ...*" (Jak 1:27).

- 4.1.1.6 Die Kommissie is van oortuiging dat die versorgings- en koinoniataak van die diakens (so ook die versorgingstake van predikante en ouderlinge) veral gestalte kry in die BESOEKE (huisbesoek, hospitaalbesoek, siekebesoek, gevangenisbesoek, ens) by lidmate, sodat *nie een oor die hoof gesien word nie* (vgl. Hand 6:1). Prakties kan die daaglikse versorging nie tot sy reg kom sonder persoonlike besoeke by lidmate nie.
- 4.1.1.7 Die beswaarde beweer dat die spesifieke werkswyse (om almal te besoek) van die diakens, en die bepaling daarvan as 'n Goddelike opdrag, in stryd is met die Gereformeerde Belydenis soos in die NGB, art 7 geformuleer. Hy bly egter in gebreke om sy bewering te beredeneer of te bewys. Die Kommissie oordeel dat die Gereformeerde Belydenis juis ruimte laat dat die regeerders van die kerke onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam kan instel en handhaaf tot nut en voordeel van die kerk, maar dat sulke ordereelings nie mag afwyk van dit wat Christus ingestel het nie (NGB, art 32). Die kerke het die werkswyse van die diakens soos in die Formulier van Bevestiging van diakens vervat, juis ingestel om te kan dien tot die eenheid, eendrag en voordeel van die kerke. Die Formulier van die Bevestiging van diakens is nie in stryd met die Belydenis nie.
- 4.1.1.8 Wat verder insiggewend is, is die feit dat die Formulier vir die Bevestiging van diakens die woorde "*besoek*" gebruik, terwyl die beswaarde in sy beredenering dit verskraal tot "*huisbesoek*". Huisbesoek is maar een vorm van 'n werkswyse, maar "*besoek*" kan op velerlei ander wyses gestalte kry. Die Kerkorde gebruik ook die woord "*besoek*" en nie "*huisbesoek*" nie (in die redaksie voor 1997; sowel as in die 1997-redaksie).
- 4.1.1.9 Die beswaarde bly in gebreke om die werkswyses van die dienste van die predikant, ouderling en diaken (elkeen afsonderlik) in sy geheel uit die Formulier, Belydenis en Kerkorde te bekyk: Wat die een nie sê nie, sê die ander een wel. By al drie dienste kry die werkswyse van besoeke duidelik gestalte: Predikante se besoek: Bevestigingsformulier; Ouderlinge se besoek: Kerkorde, art 23; Diakens se besoek: Bevestigingsformulier en Kerkorde.
- 4.1.2 Bevinding: Beswaargrond 1
- 4.1.2.1 Die Formulier vir die bevestiging van diakens bind nie lidmate se gewetens aan 'n onskriftuurlike ordereëling nie, want versorging van die liggaam van Christus is 'n opdrag van Christus en ook 'n afileibare beginsel uit ander dele van die Skrif. Die opdrag "dat diakens almal moet besoek" is Skrifgefundeerd.
- 4.1.2.2 Die Kommissie is dit eens dat 'n diepgaande studie in verband met die bepaalde werkswyse van besoeke ten opsigte van al drie die besondere dienste, vanuit die Skrif, kerkhistoriese ontwikkeling en die kerklike praktyk (soos dit neerslag vind in die Formuliere en Kerkorde) wel dringend noodsaaklik is. Die tyd tydens hierdie Sinode laat dit nie toe dat hierdie Kommissie dit kan doen nie. So 'n studie behoort ordelik vanuit die kerke op die Sinodetafel te kom om die kerke tot diens te wees. BESOEKE van predikante, ouderlinge en diakens in hulle onderskeie dienste, is immers een van die kosbare pilare in die GKSA wat gekoester en bevorder moet word tot eer van God, tot groei van die kerke en tot heil van elke lidmaat.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.3 Aanbeveling: Beswaargrond 1

Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Beswaargrond 2

Die beswaarde beweer dat die redaksie van die Formulier vir die bevestiging van diakens nie in harmonie is met die ander Bevestigingsformuliere nie.

4.2.1 Beredenering: Beswaargrond 2

- 4.2.1.1 Die beswaarde se bewering is nie korrek nie. Die Bevestigingsformulier vir Woordbedienaars dui die ampswerk van die predikant onder andere soos volg aan: "*As herder moet u vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is, en dit reg sny. In die eredienste en by huisbesoek moet u lidmate onderrig en vertroos, vermaan en tereg wys, volgens die eis van elkeen se omstandighede.*" Huisbesoek is dus 'n duidelike opdrag vir predikante.
- 4.2.1.2 Die Bevestigingsformulier vir ouderlinge lui onder andere soos volg: "*U moet sorgvuldig let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos ondersteun.*" Besoeke word weliswaar nie eksplisiet in die ouderlinge Formulier genoem nie, maar dit word wel geïmpliseer deur woorde soos "*versorg*", "*sorgvuldig let*", "*met raad en troos bystaan*". Hierdie opdrag tot besoeke spruit voort uit die beeld van die herder (1 Pet 5:2-3).

Besoeke is deel van die wese van herderlike werk, dit is versorging van die skape (kyk ook pt 4.1.1.9 hierbo).

4.2.2 Bevinding: Beswaargrond 2

Die beswaarde toon geen gronde aan dat die Bevestigingsformuliere vir predikante, ouderlinge en diakens met mekaar in stryd is nie. Die Kommissie oordeel dat daar duidelike harmonie tussen die Formuliere bestaan met betrekking tot die doen van besoeke.

Besluit: Kennis geneem van 4.2.1 tot 4.2.2.

4.2.3 Aanbeveling: beswaargrond 2

Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Beswaargrond 3

Die beswaarde beweer dat die Bevestigingsformulier vir diakens 'n bepaalde werkswyse wat nie in die Skrif voorkom nie, voorskryf en daarom strydig is met die struktuur van die Gereformeerde Kerkregering.

4.3.1 Beredenering van Beswaargrond 3

Versorging van mense in nood was juis Christus se opdrag aan gelowiges. Deur die opdrag tot besoeke te reël by die priesterlike werk van die diakens, wat by uitstek versorgingswerk verrig, gee uitvoering aan Christus se opdrag tot die welwese van sy kerk. Die beredenering in 4.1.1.1, 4.1.1.5 en 4.1.1.6 hierbo is ook hier van toepassing.

4.3.2 Bevinding: Beswaargrond 3

Die beswaarde toon nie aan dat die Bevestigingsformulier strydig is met die Gereformeerde Kerkreg nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.3 tot 4.3.2.

4.3.3 Aanbeveling: Beswaargrond 3

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanbeveling oor Beswaarskrif 1: 1985: Rakende Formulier vir die bevestiging van diakens

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

VVVVVVVV. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE OOR BESWAARSKRIF 2**

1. Opdrag

Beswaarskrif: br AJ Burger teen besluite van die Nasionale Sinode Potchefstroom 1997: Rakende die redaksie van Kerkorde, art 25.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Versoek om ontvanklikheid vir die Aanvullende Agenda van die Algemene Sinode 2009.

2.2 Motivering van versoek.

2.3 Versoek.

2.4 Struktuur van die Beswaarskrif(te).

2.5 Historiese verloop.

2.6 Opmerking.

2.7 Pte 5.1-5.2 wat handel oor die besluit waarteen beswaar gemaak word rakende die Redaksie van Kerkorde, art 25, asook die motivering.

2.8 Pt 5.4: die aanbeveling van die beswaarde.

2.9 Die Kommissie en die beswaarde was telefonies in gesprek met mekaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.9.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

3.1 Pt 5.3: die beswaargronde 1-5 van die beswaar rakende besluite in 1997 geneem i.v.m. die Redaksie van Kerkorde, art 25.

3.2 Pt 5.4: die aanbeveling van die beswaarde.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.2.

4. Beredenering

4.1 Beswaargrond 1

Die beswaarde beweer dat Kerkorde, art 25 se vaste voorskrif van werkswyse nie verantwoordbaar is uit die kerkregering beginsels nie, en dus reglementeer.

4.1.1 Beredenering: Beswaargrond 1

4.1.1.1 Die beswaarde se beredenering van hierdie beswaargrond berus op sy bewering dat die Skrif geen beginsels neerlê i.v.m. die opdrag vir die diakens "om almal in die gemeente te besoek" nie. Die Kommissie is oortuig dat besoeke 'n wesenlike werkswyse is wat deur die Skrif bepaal word. Die beswaarde se beredenering van die hele beswaargrond 1 berus dus op 'n eie siening van KO, art 25 as reglementerend. Dat die Kommissie oortuig is besoeke is 'n wesenlike werkswyse, wat deur die Skrif bepaal word, rus op die volgende:

4.1.1.1.1 Die beswaarde beweer dat hy nêrens in die Skrif enige verwysings wat enigsins op 'n bepaalde werkswyse sou dui, kon vind nie. Die beswaarde bly egter in gebreke om te bewys dat die werkswyse-bepalings (huisbesoeke) in stryd met die Skrif is.

4.1.1.1.2 Die beginselgrondslag van besoeke, nl. versorging (met verwysing na Hand 6), kom duidelik in die Studierapport Nasionale Sinode 1985 voor. Verder ook: Die diakonale aspek in Hand 6 kom neer op versorging van die hele gemeente, om die hele gemeente in 'n eenheidsgemeente te dien. Die diakendiens in aksie kom die konkreteste in aanraking met mense in hulle daaglikse nood. Die diakendiens moet die hele gemeente aanvuur tot barmhartigheidsbetoning: versorging van armes en die welgesteldes tot barmhartigheidsbetoning aanmoedig.

4.1.1.1.3 Die Skrif gee geen direkte Skrifverwysing in verband met "huisbesoek" met betrekking tot die diakendiens nie. Tog is dit nie genoegsame grond om die opdrag "om besoeke te doen" as onskriftuurlik af te maak nie. Die Kommissie is van oortuiging dat die verstaan van 'n saak in die Skrif nie op enkele tekste berus nie, maar dat dit uit die openbaringshistoriese verband van die Skrif verstaan moet word. Uit Hand 6:1 moet afgelei word dat niemand oor die hoof gesien mag word nie, en dit wys reeds regstreeks daarop dat al die gelowiges die objek van die (diakonale) versorging en koinonia is. Die Kommissie is verder van oortuiging dat die opdrag om "besoeke" te doen (d.w.s. interpersoonlike kontak) wel sy fundering implisiet in die openbaringshistoriese verband van die hele Skrif (OT en NT) vir al drie besondere dienste het. Die opdrag om te waak dat niemand veragter nie, kan nie losgemaak word van die opdrag dat gelowiges op mekaar ag moet gee en na mekaar moet omsien nie: "*Dra mekaar se laste*" (Gal 6:2), "*Die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie ... Maar die lede moet gelyke sorg dra vir mekaar*" (1 Kor 12:21-26), "*Bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen*" (1 Tess 5:11), "*Reine en onbesmette godsdienste voor God die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek ...*" (Jak 1:27).

4.1.1.1.4 Die Kommissie is van oortuiging dat die versorgings- en koinoniataak van die diakens (so ook die versorgingstake van predikante en ouderlinge) veral gestalte kry in die BESOEKE (huisbesoek, hospitaalbesoek, siekebesoek, gevangenisbesoek, ens) by lidmate, sodat *nie een oor die hoof gesien word nie* (vgl. Hand 6:1). Prakties kan die daaglikse versorging nie tot sy reg kom sonder persoonlike besoeke by lidmate nie.

4.1.1.2 Die Kerkorde, art 25 reël die orde in die kerk deur die Skrifbeginsels in die kerklike praktyk toe te pas. Die Kerkorde het die koninkryk (Christus as Wetgewer deur sy Woord) as vertrekpunt in die bepaling van die diaken dienswerk in KO, art 25. Daarom het die KO, art 25 'n prinsipiële gerigtheid, sowel as 'n praktiese gerigtheid, en gee art 25 praktiese voorskrifte wat in Skrifbeginsels gefundeer is (vgl. ook KO, artt 23,57, 68, 69, ens).

4.1.2 Bevinding: Beswaargrond 1

Kerkorde, art 25 se voorskrif van werkswyse is verantwoord in Skrifbeginsels. Die Kommissie is van oordeel dat die noodsaak vir diakonale besoeke voortvloei uit Skrifbeginsels en daarom in KO, art 25 opgeneem is. Die beswaarde slaag nie daarin om die "opdrag om almal te besoek" in KO, art 25 as onskriftuurlik te bewys nie, omdat sy vertrekpunt daarop berus dat die Skrif (volgens hom) geen beginsels hieroor gee nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.1.2.

4.1.3 Aanbeveling: Beswaargrond 1

Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Beswaargrond 2

Die beswaarde beweer dat Kerkorde, art 25 'n ongekwalfiseerde voorskriftelike werkswyse gee wat in stryd is met die struktuur van die Gereformeerde kerkregering.

4.2.1 Beredenering: Beswaargrond 2

Die beswaarde reken die voorgeskrewe werkswyse wat in KO, art 25 gegee word, is ongekwalifiseerd. Dit is onseker wat hy daarmee wil tuisbring. Verder gaan hy steeds van die standpunt uit dat die werkswyse nie Skrifgefundeerd is nie. Die Kommissie oordeel dat die reëling van diakonale besoeke deur KO, art 25 nie iets is wat "hoogstens 'n ordereëling kan wees" nie. Die diakonale besoeke is gekwalifiseerd, want dit is 'n Skrifgefundeerde opdrag. Dat die diakonale besoeke 'n Skrifgefundeerde opdrag is, is al by 4.1.1 deeglik beredeneer.

4.2.2 Bevinding: Beswaargrond 2

Die beswaarde toon nie aan dat KO, art 25 'n ongekwalifiseerde voorskrif gee wat met die struktuur van die Gereformeerde Kerkregering in stryd is nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.2 tot 4.2.2.

4.2.3 Aanbeveling: Beswaargrond 2

Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Beswaargrond 3

Die beswaarde beweer dat die ongekwalifiseerde voorskrif van 'n bepaalde werkswyse in stryd is met KO, art 30.

4.3.1 Beredenering: Beswaargrond 3

4.3.1.1 Die beswaarde beredeneer hierdie grond steeds op 'n eie siening, dat die werkswyse van besoeke onskriftuurlik is, en die beswaarde reken juis daarom dat dit geen plek in KO, art 25 moet hê nie, en dat dit by plaaslike kerke deur kerkrade en diakens gereël sou kon word.

4.3.1.2 Die voorskrif t.o.v. diakonale besoeke is 'n gekwalifiseerde, Skrifgefundeerde opdrag (kyk 4.1.1 van die Rapport). Die opdrag raak alle plaaslike kerke en derhalwe moet dit op 'n meerdere vergadering behandel word. Kerkorde, art 30 is juis daargestel vir meerdere vergaderings om beslag te gee aan die gemeenskaplike onderlinge akkoord van al die kerke vir sake wat almal raak, soos bv. Formuliere en kerkregering. Sake oor die inhoud van die Formulier en kerkregering kan nie op 'n mindere vergadering afgehandel word nie en hoort dus kragtens KO, artt 29 & 30 afgehandel te word.

4.3.1.3 Die Kommissie oordeel dat die Gereformeerde Belydenis ruimte laat dat die regeerders van die kerke onder mekaar op meerdere vergadering 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam kan instel en handhaaf tot nut en voordeel van die kerk, maar dat sulke ordereëlings nie mag afwyk van dit wat Christus ingestel het nie (NGB, art 32).

4.3.2 Bevinding: Beswaargrond 3

Die werkswyse voorskrif in KO, art 25 is 'n gekwalifiseerde, Skrifgefundeerde opdrag wat alle diakonieë in kerkverband raak. Daarom is dit 'n saak vir die kerkverband wat op meerdere vergaderings gehanteer moet word. Dit is nie in stryd met KO, art 30 nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.3.1 tot 4.3.2.

4.3.3 Aanbeveling: Beswaargrond 3

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Beswaargrond 4

Die beswaarde beweer dat die vaste voorskrif t.o.v. diakonale besoeke in KO, art 25 nie in harmonie is met die res van die Kerkorde nie. Die beswaarde sê dat die ampte in die kerk afsonderlik en gelyk is, en dat dit op grond van die gelykheid logies is om te verwag dat daar 'n duidelike mate van harmonie in die balans tussen beginsel en praktiese werkswyse in die ordebepalings behoort te wees. En hierdie harmonie vind die beswaarde nie.

4.4.1 Beredenering: Beswaargrond 4

4.4.1.1 Die feit dat "aan almal" nie in die KO, artt 16 en 23 by predikante en ouderlinge gemeld word nie, beteken nie dat hierdie twee dienste nie almal hoof te besoek nie. Inteendeel, ook hierdie twee dienste se besoek aan almal word veronderstel. Die weglating van die woorde "aan almal" by KO, artt 16 & 23 is nie 'n ongelykheid of disharmonie, soos die beswaarde beweer nie. Dieselfde geld ook t.o.v. die verswyging van huisbesoek in KO, art 16: dit word as vanselfsprekend as 'n Skrifopdrag veronderstel soos dit pertinent in die Bevestigingsformulier van predikante genoem word.

4.4.1.2 Oor die voorskrifte vir Bedienaars van die Woord, KO, art 16, word beweer dat daar "geensins enige vermelding gemaak (word) oor besoeke nie". Kerkorde, art 16 sê egter: "*Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente, en eindelijk om saam met die*

ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.”

Prof GPL van der Linde (Die Kerkorde, 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde, p72) sê oor die “bediening van die Woord” die volgende: “Die Woord moet in die openbaar in die erediens en aan die huise met huisbesoek, insluitend siekebesoek, bedien word (Hand 20:20). 'n Predikant wat nie huisbesoek doen nie, is ontrou aan sy opdrag. Dit sluit ook die bediening aan die kinders in (kyk Josua 4:6 ev; Matt 19:13, 15).”

Oor die “goed ag gee op hulle medebroeders” sê Van der Linde (p73) die volgende: “Hy moet onordelikes vermaan, die kleinmoediges bemoedig, die swakkes ondersteun; teenoor almal lankmoedig wees (kyk 1 Tess 5:14,15). Dit moet geskied in die prediking sowel as in die persoonlike optrede teenoor elkeen met die Woord.” Die “persoonlike optrede teenoor elkeen met die Woord” sluit dan verseker besoeke in.

4.4.1.3 Oor KO, art 23, wat oor die amp van die ouderling handel, beweer die beswaarde dat die reëlins van huisbesoek “tot stigting van die gemeente” sowel voor as na Nagmaal; en “... soos omstandighede van tyd en plek dit toelaat ...” in beide gevalle die uiteindelijke oorweging en besluit van spesifieke werkswyse in plaaslike gemeente aan die verantwoordelike besluit van die plaaslike Kerk oorgelaat word. Die feit is, hier word huisbesoek gereël. Met die “voor Nagmaal” sê Van der Linde (p100): “Nagmaal mag dus nie gevier word sonder die voorafgaande huisbesoek en die daaruit voortvloeiende verslagvergadering van ouderlinge nie.” Van der Linde sê “die bepaling dat huisbesoek ook na Nagmaal gedoen moet word, sluit by die bostaande beginsel aan. Na die Nagmaal moet daar verneem word of Nagmaal gevier is en indien nie, waarom nie. As daar onverskilligheid op die spel is, moet die ouderlinge vroegtydig optree”. Hierdie reëling is nie minder as die reëling van KO, art 25 nie, 'n direkte, spesifieke opdrag van plaaslike omstandighede en selfstandigheid van die plaaslike Kerk. Hierdie reëling van KO, art 23 is eerder 'n bevestiging dat daar harmonie tussen die voorskrifte van werkswyse is tussen die verskillende ampte.

4.4.1.4 Die beswaarde bly in gebreke om die werksywes van die dienste van die predikant, ouderling en diaken (elkeen afsonderlik) in sy geheel uit die Formulier, Belydenis en Kerkorde te bekyk: Wat die een nie sê nie, sê die ander een wel. By al drie dienste kry die werkswyse van besoeke duidelik gestalte: Predikante se besoek: Bevestigingsformulier; Ouderlinge se besoek: Kerkorde, art 23; Diakens se besoek: Bevestigingsformulier en Kerkorde.

4.4.2 Bevinding: Beswaargrond 4

Die Kommissie bevind dat daar wel harmonie met die res van die Kerkorde is, onder andere KO, artt 16 en 23.

Besluit: Kennis geneem van 4.4.1 tot 4.4.2.

4.4.3 Aanbeveling: Beswaargrond 4

Beswaargrond 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Beswaargrond 5

Die beswaarde beweer KO, art 25 se voorskrif van 'n bepaalde diakonale werkswyse is in stryd met die Gereformeerde Kerkregering deurdat dit die gelykheid en selfstandigheid van die diakonale amp in gedrang bring.

4.5.1 Beredenering: Beswaargrond 5

4.5.1.1 Die beswaarde beweer dat die afwesigheid van diakens op meerdere vergaderings en die feit dat net bedienaars van die Woord en ouderlinge op meerdere vergaderings besluit oor onder andere die Formuliere (ens), 'n onregmatige oorheersing van die ander twee dienste oor die diakondiens en 'n onregmatige aantasting van die diakonale diens se selfstandigheid is.

4.5.1.2 Die beswaarde verloor dit uit die oog dat die ouderlinge die regeerdiens van Christus oor sy kerk (ook die diakonale dienswerk) bedien – daarom (i) dat hulle ook moet toesig hou oor die dienswerk van die diakens, (ii) dat die diakens in (nie aan nie) die kerkraad verslag moet doen van hulle dienswerk, en (iii) dat die ouderlinge (as regeerders) uit die Skrif ordebepalings t.o.v. die diakondiens doen.

Die diakens van die plaaslike gemeente en alle gemeentes het in elk geval die volle kerklike weg (KO, artt 30 en 46) om inspraak te hê op meerdere vergaderings. Verder is dit onwaar dat die ouderlinge en bedienaars van die Woord 'n werkswyse oor die diakenamp voorskryf.

4.5.1.3 Die Kerkorde reël verder die gelykheid van die onderskeie dienste in KO, art 84. Die beswaarde bly in gebreke om KO, art 84 te beredeneer en wil die ongelykheid/oorheersing slegs beweer op grond van 'n bepaalde werkswyse.

4.5.2 Bevinding: Beswaargrond 5

Die bepaling van KO, art 25 oor diakonale besoeke bring nie die gelykheid en selfstandigheid van die diakendiens in gedrang nie. Die ouderlingdiens is gerig op regering, terwyl die diakendiens gerig is op versorging en koinonia. Dit is 'n taak-en-gerigheidsverskil, nie ongelykheidsverskil nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.5.1 tot 4.5.2.

4.5.3 Aanbeveling: Beswaargrond 5

Beswaargrond 5 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanbeveling ten opsigte van Beswaarskrif: 1997, rakende die redaksie van Kerkorde, art 25.

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur met die gevolg dat 5.4 van die Beswaarskrif verval.

20.9 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE BOSVELD OOR OM VERHOUDING MET SINODE SOUTPANSBERG TE NORMALISEER (Artt 49, 285)

WWWWWWW. Dr EJ de Beer stel die Beskrywingspunt.

XXXXXXXX. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

YYYYYYYY. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

ZZZZZZZZ. **BESKRYWINGSPUNT**

1. **Beskrywingspunt**

Streeksinode Bosveld versoek die Algemene Sinode Potchefstroom om daadwerklike stappe te neem om die verhouding met die Sinode Soutpansberg te normaliseer.

2. **Motivering**

Tydens Sinode 2006 (Potchefstroom) is daar besluit om voort te gaan met 'n samesmeltingsproses van die onderskeie Sinodes (Potchefstroom, Middellande, Soutpansberg, ens). Sinode Soutpansberg het besluit om nie aan die samesmeltingsproses deel te neem nie. Daar is sedertdien nog geen Sinodebesluit oor die kerklike verhouding van die GKSA (Sinode Potchefstroom) en Sinode Soutpansberg geneem nie (vgl. KO, art 46).

Die gebrek aan duidelikheid oor die verhouding tussen gemeentes wat voorheen onder Sinode Soutpansberg geressorteer het en nog steeds in die gebied werksaam is, en die huidige Sinode Soutpansberg, veroorsaak geweldige spanning tussen/binne gemeentes wat behoort tot die onderskeie Sinodes.

Klassis Limpopo (wat geografies verweef is met Sinode Soutpansberg) kan nie alleen 'n besluit neem oor hoe die verhouding tussen die GKSA (Sinode Potchefstroom) en Sinode Soutpansberg is/moet wees nie, aangesien dit die hele kerkverband raak (vgl. KO art 30).

Uit gesprekke met die Skriba van die art 48-Deputate (Sinode Potchefstroom) en Sinode Soutpansberg se art 48-Deputate blyk dit dat daar nie duidelikheid is oor die presiese aard van die verhouding tussen die twee Sinodes asook gemeentes in die twee Sinodes nie. Op een vlak is daar bv. bitter twis, terwyl daar op 'n ander vlak op sendinggebied saamgewerk word. By watter Sinode sal die nuwe bekeerlinge nou inskakel? Hieroor is daar reeds onduidelikheid in die Pietersburggebied.

Gemeentes in Klassis Limpopo vra vrae oor die opleiding van teologiese studente uit Sinode Soutpansberg te Pretoria. Is hierdie optrede 'n bevestiging dat gemeentes in Sinode Soutpansberg nie meer deel is van die GKSA nie?

Bevestig die feit dat gemeentes in Sinode Soutpansberg nie hulle statistiek na die Almanak stuur nie dat hulle hulself nie meer deel van die GKSA ag nie?

Dit wil voorkom dat Sinode Soutpansberg alternatiewe gemeentes stig/onderhou vir elke gemeente wat deel geword het van Classis Capricorn.

Sinode Soutpansberg het onlangs drie Klassisse tot stand gebring, o.a. een in Gauteng. Dui dit daarop dat Sinode Soutpansberg nie werklik deel wil word van die GKSA nie?

Klassis Limpopo het art 48-Deputate aangewys om met art 48-Deputate van Sinode Soutpansberg gesprek te voer met die oog op herstel van verhoudinge tussen lidmate en gemeentes. Dit is egter moeilik om sulke gesprekke te voer waar daar nie duidelikheid is oor die amptelike verhouding tussen GKSA (Sinode Potchefstroom) en Sinode Soutpansberg nie.

3. **Versoek**

Dat die Algemene Sinode (Potchefstroom) 'n duidelike besluit moet neem oor die verhouding tussen die GKSA en Sinode Soutpansberg.

AAAAAAAAA. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Beredenering van die Kommissie

Die Beskrywingspunt sowel as die mondelinge getuienis oor die onsekerheid oor die verhoudinge op gemeentevlak tussen gemeentes en lidmate rakende Sinode Soutpansberg, maak dit vir die Kommissie duidelik dat daar dadelik aandag gegee moet word.

Aangesien gesprek tussen Sinodes deur artikel 48 gereël word, is dit gepas dat hierdie Sinode aan die saak aandag gee.

Die Sinode het reeds Deputate vir Kerkorde, art 48, gehad. Daarom behoort hierdie saak aan die te benoeme Deputate opgedra te word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Aanbeveling

2.1 Dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt.

2.2 Die te benoeme Deputate Kerkorde, artikel 48, kry opdrag om aan hierdie saak aandag te gee.

Besluit: Goedgekeur.

20.10 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE NOORDWES OOR DIE NAAMSVERANDERING VAN DIE GKSA (Artt 50, 204)

BBBBBBBBB. Ds PA Coetzee stel die Beskrywingspunt.

CCCCCCCC. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik – met inbegrip van die registrasie van die naam van die kerk as handelsmerk.

DDDDDDDD. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

EEEEEEEE. **BESKRYWINGSPUNT**

Streeksinode Noordwes versoek die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om die naam van die Kerke te verander na Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika.

1. **Motivering**

Die Gereformeerde Kerke is nie net beperk tot Suid-Afrika alleen nie, maar val binne die grense van vyf lande in Suider-Afrika, nl: Suid-Afrika, Botswana, Namibië, Zimbabwe en Zambië.

'n Naamsverandering sal bydra tot die gunstiger oorweging van werkspermitte vir predikante wat na die lande buite Suid-Afrika beroep word.

Daar is geen regsimplikasies in die verandering van die naam van die GKSA na die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika nie, aangesien die naam 'n beskrywing is van kerke in gemeenskap met mekaar, en nie 'n regspersoon daarstel of benoem nie. Hierdie standpunt is ten volle in ooreenstemming met die advies van die Regsdeputate van die GKSA.

2. **Implikasie van naamsverandering**

Indien die Algemene Sinode aan die Beskrywingspunt gevolg gee, is die besluit van Sinode 1985:477, 4.3 insake die naam van die kerke, nie meer van toepassing nie. Die randskrif van die kerklike seël van die GKSA sal sodanig verander word. Ons voorsien geen probleme in die verband nie, aangesien die naam van die kerke in 1985 van Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika na Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verander is. Die randskrif is ook so verander op die kerkseël van die voorblad van Acta 1985 (Acta 1967:158-159 en Acta 1970:105).

Die Kuratore van die Teologiese Skool moet gemagtig word om met die NWU in onderhandeling te tree ten einde die ooreenkoms tussen die NWU en die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika te wysig deur enige verwysing in daardie ooreenkoms na "Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" te vervang met "Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika".

Aangesien die Administratiewe Buro van die GKSA die regspersoon is van die GKSA, moet die Reglement van die Administratiewe Buro van die GKSA diensooreenkomstig gewysig word.

Kerke moet so spoedig moontlik in 'n skrywe deur die Administratiewe Buro van die besluit verwittig word, asook kennisgewing in *Die Kerkblad*.

FFFFFFF. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. **Beredenering**

1.1 Die Streeksinode Noordwes se motivering is oortuigend dat die GKSA nie net gemeentes in SA het nie.

1.2 Daar word beweer dat die naam "Suider-Afrika" sal bydra tot gunstiger oorweging van werkspermitte. Tog is dit nie duidelik in watter opsig dit voordele kan inhou nie.

1.3 Daar word beweer dat daar geen regsimplikasies vir die GKSA sal wees indien die naam verander word nie.

1.4 Dit is egter nie uit die Beskrywingspunt duidelik of voldoende nagegaan is wat al die gevolge van 'n naamsverandering sal wees nie:

1.4.1 Die GKSA het bande met ander Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika (bv. in Botswana). Wanneer die naam na "Suider-Afrika" verander word, sluit dit per implikasie hierdie kerke in, wat tans slegs ekumeniese bande met die GKSA het.

1.4.2 Die vraag is ook of ons Sinode namens Gereformeerde kerke in ander lande naas Namibië en SA oor so 'n naamsverandering kan besluit (Botswana, Zimbabwe, Zambië). Sou dit nie

korrek wees om eers seker te maak wat die standpunt van Gereformeerde Kerke in daardie lande is nie?

- 1.4.3 Slegs enkele regsimplikasies van 'n naamsverandering word in die Beskrywingspunt genoem, terwyl daar nog ander kan wees, bv. wysiging van transportaktes, reglemente, intellektuele eiendomsreg soos deur die Administratiewe Buro as regs persoon van die GKSA gedoen is.
- 1.4.4 Die koste-implikasies vir bogenoemde, asook vir nuwe logo's, briefhoofde, asook die invloed van die naamsverandering op borge of donateurs, is nie verreken nie.
- 1.4.5 Dit is ook nie seker wat die emosionele impak van die naamsverandering by lidmate en ander sal wees nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.4.5.

2. Aanbeveling

Dat daar nie gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt nie.

Besluit: Goedgekeur.

20.11 RAPPORT STUDIEDEPUTATE – DRAAGWYDTE VAN DIE BEGRIP “AANBEVELING” (Artt 85, 192)

GGGGGGGGG. Ds PW Kurpershoek lewer die Rapport.
HHHHHHHHH. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Beswaarskrifkommissie 2.
IIIIIIII. Oudl AT van der Wetering rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 2.

JJJJJJJJ. **RAPPORT**

1. Opdrag (Acta, 2006:404, 4.2)

Die Sinode wys Studiedeputate aan om hierdie onduidelikheid op te klaar – onder meer oor die draagwydte begrip “aanbeveling” – en om die volgende Sinode hieroor te adviseer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Agergrond van saak*

2.1.1 Tydens Sinode 1967 (Acta, 1967:585-586, 197) dien twee Beskrywingspunte wat duidelikheid vra oor die hele saak van eiewillige neerlegging van die amp (bedanking) en watter weg gevolg behoort te word wanneer 'n persoon wat eiewillig die amp neergelê het, om beroepbaarstelling aansoek doen. Studiedeputate word aangewys om die volgende Sinode hieroor te adviseer.

2.1.2 Tydens Sinode 1970 (Acta, 1970:430-431) dien die Rapport van die Studiedeputate, maar daar word besluit om die hele aangeleentheid weer na Studiedeputate te verwys.

2.1.3 Tydens Sinode 1973 (Acta, 1973:316-318) dien die Studiedeputate se Rapport. Die Rapport se duidelike definiëring van wat met eiewillige ampsneerlegging bedoel word (3.2.1), word aanvaar. Die voorgestelde prosedure vir die beroepbaarstelling van 'n persoon wat vroeër die amp eiewillig neergelê het (3.2.2), word na wysiging en aanvulling as volg aanvaar:

3.2.2.3 *Eiewillige neerlê van die amp is 'n ontduiking van die oordeel van die kerke, soos bepaal in KO, artt 12 en 79. Daarom moet 'n persoon wat hom hieraan skuldig gemaak het, eers die oordeel en aanbeveling van die kerk waar hy lidmaat is, verkry, voordat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling waarna hy hom wend tot die Partikuliere Sinode (in wie se ressort laasgenoemde Kerk en Klassis ressorteer) met die aansoek om beroepbaarstelling (vgl. Sinode 1970:127, 128, art 122).*

3.2.2.4 *'n Persoon wat sy predikantsamp eiewillig neergelê het, moet ooreenkomstig KO, art 4 aansoek doen om beroepbaar gestel te word. Die prosedure genoem in 3.2.2.3 geld ook van predikante wat onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is (die besluit van Sinode 1958:134, art 68, punt 8.a. word herroep).*

3.2.2.5 *Berou alleen kan nie genoegsame grond wees om weer beroepbaar gestel te word nie. By 'n oorweging van 'n aansoek om beroepbaarstelling sal beslis moet word of die persoon weer met stigting in die kerk sal kan dien, en of hy die gawes van roepingstrou, selfverloëning en volharding beskik (vgl. ook die gawes genoem in die Teologiese Skool-boekie, 1968:28, 29). Indringende ondersoek moet ook ingestel word na die beweegredes tot die aansoek.*

2.1.4 Tydens Sinode 1997 (Acta, 1997:559-562) dien 'n Beswaarskrif teen 3.2.2.4 van die besluit van Sinode 1973 en spesifiek teen die sin: *Die prosedure genoem in 3.2.2.3 geld ook van predikante wat onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is.* Aan die versoek dat die sin geskrap word, word nie gevolg gegee nie. Aan die versoek dat toelating tot die diens van die Woord na afsetting kragtens KO, art 79 *de novo* en op sigself bestudeer word, word wel gevolg gegee, spesifiek op die volgende wyse:

Hierdie baie belangrike en sensitiewe saak van studie is in terme van KO, art 30 (in lyn met die begrip “gedeë Skrifstudie” in beswaargrond 2) 'n saak vir die Mindere vergaderings wat die saak langs die kerklike weg kan hanteer.

- 2.1.5 Tydens Sinode 2006 (Acta, 2006:402-406) slaag 'n beswaarskrif teen 3.2.2.3 van die besluit van Sinode 1973. Spesifiek word beredeneer dat die draagwydte van die woord *aanbeveling* in die sinsnede ... *voordat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling* (3.2.2.3 van die besluit van Sinode 1973) vaag en verwarrend blyk te wees. Op grond van die Beswaarskrif wat slaag, wys Sinode 2006 Studiedeputate aan met opdrag soos in 1.
- 2.2 *Die kern van die probleem*
- 2.2.1 Die kernsaak is die vraag wat bedoel word met die begrip *aanbeveling* wat gegee moet word deur die Kerk en Klassis waar 'n persoon uit die amp is – wanneer sodanige persoon aansoek doen om beroepbaarstelling.
- 2.2.2 Wanneer gepraat word van 'n persoon wat uit die amp is, moet egter in gedagte gehou word dat 'n predikant op een van drie maniere uit die amp kan gaan:
- (i) Hy kan sy amp **met die nodige bewilliging** volgens KO, art 12 neerlê om na 'n **ander staat van die lewe oor te gaan**.
 - (ii) Hy kan kragtens KO, artt 79/80 KO **uit sy amp afgesit** word.
 - (iii) Hy kan sy amp **sonder die nodige bewilliging** volgens KO, art 12 **eiewillig neerlê**.
- 2.2.3 Hierdie drie maniere waarop 'n persoon uit die amp kan gaan, veronderstel heeltemal verskillende situasies – juis by die Kerke en Klassisse waar die persone uit die amp is. Gevolglik behoort bepaal te word in watter mate een definisie van begrip *aanbeveling* voldoende is om die onduidelikheid op te klaar.
- 2.2.4 Prakties gestel, behels die kernsaak dus die volgende:
- 2.2.4.1 Kan met een definisie vir die begrip *aanbeveling* volstaan word vir elk van die drie kategorieë situasies soos genoem in 2.2.2?
- 2.2.4.2 Wat is die inhoud van die *aanbeveling* wat die kerk en klassis waar 'n persoon uit die amp is, moet gee – vir elk van die drie kategorieë soos genoem in 2.2.2?

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.2.4.2.

3. Beredenering en Aanbevelings waaroor die Sinode moet oordeel

- 3.1 **Weg tot beroepbaarstelling: Historiese oorsig oor Kerkordelike reëlins**
- 3.1.1 Die Sinodes van Emden (1571, 34), Dordrecht (1578, 101) en Middelburg (1581, 41) het spesifieke bepalings insake die beroepbaarstelling van persone wat kragtens KO, artt 79/80 afgesit is, bevat. Hiervolgens was dit nodig dat eers deur die Klassis bepaal sou word of die betrokke persone wat uit die amp afgesit is, weer vir die amp verkiesbaar was.
- 3.1.2 In die Kerkordes van Sinode s'Gravenhage (1586) en Dordrecht (1618/19) is hierdie bepalings nie opgeneem nie.
- 3.1.3 In die Kerkordelike reëlins binne die GKSA is ook geen sodanige weg tot beroepbaarstelling aangedui nie, tot en met Sinode 1958. Tydens Sinode 1958 (Acta, 1958:134) word in reaksie op 'n Beskrywingspunt besluit dat 'n artikel oor *die herstel van ampsdraers* as artikel 78 in die voorgestelde Hersiene Kerkorde opgeneem word. Die relevante deel van hierdie artikel lui as volg:
- In die geval van 'n broeder wat van die amp van bedienaar van die Woord afgesit is, oordeel egter die Klassis met die Deputate van die Partikuliere Sinode, na raadpleging van die Kerkraad waar die broeder voorheen gedien het, of hy weer met stigting van die gemeentes beroepbaar gestel mag word nadat hy die kerk deur sy boetvaardigheid van sy berou oortuig het.*
- 3.1.4 Sinode 1961 (Acta, 1961:347) herroep egter haar besluit aangaande 'n Hersiene Kerkorde, wat daartoe lei dat Sinode 1964 (Acta, 1964:67, 73) 'n hersiening van die Dordtse Kerkorde goedkeur. Hiermee word die besluit van 1958 (aangaande 'n spesifieke artikel wat handel oor *die herstel van ampsdraers*) in praktyk alreeds omgekeer, aangesien geen artikel oor *die herstel van ampsdraers* in die Kerkorde soos vasgestel in 1964 opgeneem is nie.
- 3.1.5 Sinode 1973 (Acta, 1973:318) herroep die besluit van Sinode 1958 aangaande 'n Kerkorde-artikel oor *die herstel van ampsdraers* en stel die spesifieke prosedure vas vir *die herstel van ampsdraers*.

Gevolgtrekking

- 3.1.6 Waar Sinode 1958 'n spesifieke prosedure vasgestel het aangaande die weg tot beroepbaarstelling vir persone wat kragtens KO, artt 79/80 uit die amp is, het Sinode 1973 één prosedure vasgestel vir die weg tot beroepbaarstelling vir alle persone wat voorheen al as bedienaar van die Woord gedien het, ongeag of hulle eiewillig, of kragtens KO, art 12 of kragtens KO, artt 79/80 uit die amp is.
- 3.2 *Weg tot beroepbaarstelling: Bedoeling van Sinode 1973*
- 3.2.1 Tydens Sinode 1973 (Acta, 1973:316-318) het Studiedeputate se Rapport insake die hele saak van *eiewillige ampsneerlegging* gedien. In die Rapport is enersyds 'n duidelike definiëring gegee van wat met eiewillige ampsneerlegging bedoel word (3.2.1) en andersyds 'n prosedure gegee vir die beroepbaarstelling van 'n persoon wat vroeër die amp eiewillig neergelê het (3.2.2).
- 3.2.2 Sinode 1973 (Acta, 1973:314, 316-318) het die definiëring van eiewillige ampsneerlegging goedgekeur, maar die prosedure vir beroepbaarstelling eers na 'n Kommissie verwys. Hierdie Kommissie het sekere wysigings en aanvullings daargestel wat as deel van die finale prosedurereëling goedgekeur is.
- 3.2.3 Deel van die wysiging en aanvulling deur die Kommissie was dat die prosedure vir beroepbaarstelling uitgebrei is na gevalle waar persone wat kragtens KO, artt 12 en 79/80 KO uit die amp is, aansoek doen vir beroepbaarstelling (vergelyk 3.2.2.4 in Agenda, 1973:100 met 3.2.2.4 in Acta, 1973:318).
- 3.2.4 Met hierdie aanvulling deur die Kommissie is 'n prosedure wat spesifiek ontwerp is vir die weg tot beroepbaarstelling van **persone wat eiewillig die amp neergelê het**, oorgedra op persone wat kragtens KO, artt 12 of 79/80 uit die amp is.
- Gevolgtrekking**
- 3.2.5 Vanuit 'n Rapport met 'n spesifieke fokus op persone wat eiewillig die amp neergelê het, het prosedurereëlings gekom wat – deur invoeging deur 'n Kommissie – voorskriftelik gemaak is vir die weg tot beroepbaarstelling van alle persone wat uit die amp is.
- 3.3 *Weg tot beroepbaarstelling: Probleme rondom die besluit van Sinode 1973*
- 3.3.1 Wanneer die prosedure soos vasgestel deur Sinode 1973 (Acta, 1973:317, 3.2.2.3-3.2.2.4) toegepas word as weg tot beroepbaarstelling van persone wat kragtens KO, artt 79/80 afgesit is, kom verskillende en oënskynlik teenstrydige handelinge voor – soos beredeneer is in die Beswaarskrif wat tydens Sinode 2006 geslaag het (vgl. ook die M-verhandeling van RM van der Merwe, 1991:4-6).
- 3.3.2 Van groter belang is egter die feit dat **prinsipiële riglyne** wat in besonder toegespits is op **eiewillige ampsneerlegging** deur die besluit van Sinode 1973 **oorgedra** word op die situasie van persone wat kragtens KO, artt 12 of 79/80 uit die amp is:
- 3.3.1.1 Sinode 1973 (Acta, 1973:318, 3.2.2.3) verwys na die ontduiking van oordeel. Ontduiking van oordeel is egter alleen tersake wanneer gehandel word oor beroepbaarstelling na eiewillige neerlegging van die amp. Persone wat kragtens KO, artt 12 of 79/80 uit die amp is, het immers geensins die oordeel van die kerke vermy nie.
- 3.3.1.2 Sinode 1973 (Acta, 1973:318, 3.2.2.5) stel dat in die hele proses van moontlike beroepbaarstelling, spesifiek aandag gegee moet word aan die gewes van roepingstrou (omdat die amp voorheen geloën is), selfverloëning (omdat die tweesydige verbintenis met die kerk eensydig verbreek is) en volharding (omdat nie in die roeping volhard is nie). Hierdie gewes is relevant wanneer 'n persoon die amp eiewillig verlaat het, maar kan nie net so op 'n persoon wat kragtens artikels KO, artt 12 of 79/80 uit die amp is, oorgedra word nie. By sulke persone se aansoek tot beroepbaarstelling sal ander spesifieke gewes weer na vore behoort te kom.
- 3.3.2 In samehang hiermee is daar ook **prinsipiële sake** wat in besonder toegespits is op **afsetting uit die amp (kragtens KO, artt 79/80)** wat in die besluit van Sinode 1973 **nie na behore behandel of in die prosedure na vore kom** nie:
- 3.3.2.1 Omdat afsetting uit die diens van die Woord kragtens KO, artt 79/80 'n gewigtige saak is wat met groot omsigtigheid hanteer behoort te word, is dieselfde omsigtigheid nodig wanneer oor toelating tot die diens van die Woord na afsetting gehandel word. Veral van belang is die hele vraag of 'n persoon wat afgesit is, enigsins weer beroepbaar gestel kan word. Hierdie belangrike sake word in die besluit van Sinode 1973 egter nie gehanteer nie.

- 3.3.2.2 In die besluit van Sinode 1973 word nie verwys na die noodsaak om aan die rede vir afsetting kragtens KO, artt 79/80 aandag te gee en spesifiek die effek van eerloosheid in kerk en wêreld te hanteer nie.

Gevolgtrekking

- 3.3.3 Die besluit van Sinode 1973 verreken nie die eiesoortige aard van elk van die drie kategorieë persone wat uit die amp is, voldoende nie.

3.4 *Eiewillige neerlê van die amp: Definisie en kerklike optrede*

- 3.4.1 Sinode 1973 (Acta, 1973:316-318) het gestel dat wanneer 'n predikant uit die amp bedank, die kerke voor 'n voldonge feit gestel word. Die ampspligte en ampsregte word eiewillig as finale daad beëindig – in weerwil en ten spyte van die kerklike bearbeiding en die ordelike kerklike wyse van handeling.

- 3.4.2 Met eiewillige neerlegging van die amp word die oordeel van die kerke ontduik. Die nodige bewilling van die kerke soos in KO, art 12 gereël, word naamlik nie gevra nie, of die tug soos in KO, artt 79/80 gereël, word ontduik.

- 3.4.3 Met eiewillige neerlegging van die amp word die inwendige roeping geloën (Hand 20:28). Daarmee saam is die eiewillige daad sonde teen die tweede gebod (vgl. 1 Sam 15:23), terwyl ook die Vyfde Gebod ter sprake kom deurdat die jurisdiksie van die kerk (die gesag wat Christus verorden het) ontduik word.

- 3.4.4 *Eiewillige neerlegging van die amp* moet duidelik onderskei word van *trouelose verlating van die diens*. Trouelose verlating van die diens is naamlik om sonder wettige afskeid van die een gemeente in 'n ander gemeente te gaan dien. Hiermee word die ampspligte in een gemeente versaak, **terwyl gepoog word om die ampsregte te behou**. Daarom verdien trouelose verlating van die diens *afsetting* (kragtens KO artt 79 en 80) om die ampsregte te beëindig.

- 3.4.5 Wanneer die amp eiewillig neergelê is, kan die betrokke persoon nie kragtens KO, artt 79/80 afgesit word nie, omdat alle ampsregte en ampspligte alreeds prysgegee is. Tog moet die kerke van wie die uitwendige roeping uitgegaan het, via die kerklike weg van KO, artt 79/80 beslis dat die eiewillige daad die reg om as bedienaar van die Woord op te tree, beëindig het.

- 3.4.6 Wanneer die amp eiewillig neergelê is, kan die betrokke persoon óf gemeenskap met die kerk beëindig óf nog as lidmaat aanbly. Indien gemeenskap met die kerk beëindig is, kan daar geen verdere handelinge wees nie. Indien die persoon nog deel van die kerk is, behoort tug kragtens KO, artt 76/77 toegepas te word.

Gevolgtrekking

- 3.4.7 Eiewillige neerlegging van die amp trek saam in die eiewillige prysgawe van ampspligte en ampsregte, sonder dat die oordeel van die kerke kragtens KO, artt 12 of 79-80 verkry is.

3.5 *Weg tot beroepbaarstelling nadat amp voorheen eiewillig neergelê is*

- 3.5.1 Waar met eiewillige neerlegging van die amp die oordeel van die kerke ontduik word, is dit nodig dat in die aansoek om beroepbaarstelling die jurisdiksie van al die betrokke kerke spesifiek deur die aansoeker erken word en versoening volgens Matteus 5:23-24 bereik word.

- 3.5.2 In lyn hiermee het Sinode 1973 (Acta, 1973:318) 'n duidelike prosedure daargestel wanneer 'n persoon wat voorheen die amp eiewillig neergelê het, aansoek doen om beroepbaar gestel te word. Hierdie prosedure omvat drie fases, naamlik:

(i) Verkry oordeel en aanbeveling van die kerk waar persoon wat aansoek doen, lidmaat is.

(ii) Verkry aanbeveling van kerk en klassis waar persoon wat aansoek doen, uit die amp is.

(iii) Aansoek om beroepbaarstelling via artikel 4 KO by Partikuliere Sinode.

- 3.5.3 Die oordeel en aanbeveling van die kerk waar die aansoeker lidmaat is, is nodig as *getuienis* op grond waarvan die Kerk, Klassis en Partikuliere Sinode waar die aansoeker uit die amp is, die saak kan beoordeel. In verantwoordelikheid aan en in belang van die kerke in kerkverband word die vorige sonde van eiewilligheid teenoor die leer en lewe van die aansoeker tydens die aansoek om hertoelating, beoordeel.

- 3.5.4 Die aanbeveling van die Kerk en Klassis waar die aansoeker uit die amp is, is nodig omdat die oordeel van hierdie Kerk en Klassis in die eiewillige ampsneerlegging ontduik is. Die Kerk en Klassis waar die aansoeker uit die amp is, was verder ook intens gemoed met die oorsake en gevolge van die eiewillige neerlegging van die amp. Daarom moet hierdie Kerk en Klassis 'n

- gewetensoortuiging uitspreek of die effek van die eiewillige optrede steeds toelating tot die diens van die Woord in die weg staan al dan nie (vgl. Acta, 1976:387-390).
- 3.5.5 Omdat al die kerke by toelating tot die diens van die Woord betrokke is, moet die Streeksinode oordeel oor toelating al dan nie kragtens KO, art 4. Die Streeksinode moet na die behandeling van al die tersaaklike stukke deur eksaminering verseker dat die aansoeker beroepbaar gestel mag word.
- Gevolgtrekking**
- 3.5.6 Die prosedure soos vasgestel deur Sinode 1973 (Acta, 1973:318) is 'n sinvolle prosedure vir toelating tot die diens van die Woord in geval van aansoekers wat die amp voorheen eiewillig neergelê het.
- 3.6 *Samevattende gevolgtrekking 1: Een definisie vir die begrip aanbeveling?*
- 3.6.1 Die vraag is gevra of die begrip *aanbeveling* voldoende verklaar kan word deur een definisie daarvoor te gee – juis in die lig van die feit dat persone óf eiewillig, óf kragtens KO, art 12 óf kragtens KO, artt 79/80 KO uit die amp kan wees.
- 3.6.2 Alhoewel 'n eiesoortige prosedure tot beroepbaarstelling bestaan het vir 'n persoon wat kragtens KO, artt 79/80 uit die amp gesit is, het Sinode 1973 'n eenvormige prosedure daargestel vir alle persone wat uit die amp is – ongeag die wyse waarop hulle uit die amp is (3.1).
- 3.6.3 Hierdie gelykstelling van die prosedure is gedoen deur in 'n spesifiek-gerigte Rapport (wat gefokus het op die hele saak van eiewillige ampsneerlegging) 'n prosedurele uitbreiding te maak wat die ander twee kategorieë persone ingesluit het (3.2).
- 3.6.4 Die prosedurele uitbreiding in 3.2.2.4 van die besluit van Sinode 1973 erken egter nie die eiesoortige aard van elke kategorie persone wat uit die amp is en om beroepbaarstelling aansoek doen, voldoende nie (3.3).
- 3.6.5 Ten opsigte van die weg tot beroepbaarstelling vir 'n persoon wat kragtens KO, artt 12 of 79/80 uit die amp is, kan gevolglik nie volstaan word met 'n blote verwysing na dieselfde prosedure as in die geval van 'n persoon wat die amp eiewillig neergelê het nie.
- 3.6.6 Soos alreeds deur Sinode 1997 aangedui is (vgl 2.1.4), behoort *de novo* 'n studie gemaak te word oor die weg tot beroepbaarstelling ten opsigte van persone wat kragtens KO, artt 79/80 uit die amp is, maar ook ten opsigte van persone wat kragtens KO, art 12 uit die amp is.
- 3.6.7 Ten opsigte van die begrip *aanbeveling* kan dus ook nie volstaan word met één definisie vir al drie kategorieë situasies nie. Vanuit die spesifiek-gerigte studie soos genoem in 3.6.6, behoort (indien nodig) selfstandig bepaal te word wat met die begrip *aanbeveling* bedoel word.
- 3.7 *Samevattende gevolgtrekking 2: Inhoud van aanbeveling van Kerk, Klassis*
- 3.7.1 Die vraag is gestel wat die inhoud is van die aanbeveling wat die Kerk en Klassis waar 'n persoon uit die amp is.
- 3.7.2 Waar die besluit van Sinode 1973 spesifiek gerig is op die situasie met eiewillige ampsneerlegging (vgl 3.1–3.3) en die begrip *aanbeveling* vir elk van die moontlike kategorieë selfstandig bepaal moet word (vgl 3.6), word verder net aandag gegee aan die betekenis van die begrip *aanbeveling* in die geval van 'n persoon wat aansoek doen om beroepbaarstelling nadat die amp eiewillig neergelê is.
- 3.7.3 Die kerk waar die aansoeker lidmaat is, gee haar **oordeel en aanbeveling as getuienis** spesifiek deur die vorige sonde van eiewilligheid teenoor die leer en lewe van die aansoeker tydens die aansoek om hertoelating, te beoordeel. In die getuienis word onder meer verreken (Acta, 1973:318, 3.2.2.5):
- (i) Die egtheid van die berou oor eiewillige optrede oor 'n tydperk.
 - (ii) Die moontlikheid dat met stigting in al die kerke gedien kan word.
 - (iii) Die teenwoordigheid van die nodige ampsgawes om in die diens van die Woord te staan.
 - (iv) Die beweegredes vir die aansoek.
- 3.7.4 Die Kerk en Klassis waar die aansoeker uit die amp is, gee hulle aanbeveling as 'n **gewetensoortuiging** of die effek van die eiewillige optrede steeds toelating tot die diens van die Woord in die weg staan al dan nie.

- 3.7.5 In die formulering van hulle aanbeveling speel die getuienis (die oordeel en aanbeveling) van die kerk waar die aansoeker lidmaat is, 'n belangrike rol. Hierdie getuienis gee immers die huidige situasie rondom die aansoeker weer – wat een van die belangrike fasette is wat benodig word om die huidige effek van die eiewillige optrede in die verlede te evalueer.
- 3.7.6 Die groot toets of die effek wat die eiewillige neerlegging van die amp in die kerk en wêreld gehad het, nog in die pad van beroepbaarstelling staan, is of die aansoeker weer met stigting in die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, kan dien. In die beoordeling van hierdie saak is nie net die belang van die aansoeker en die kerke betrokke ter sake nie, maar veral ook God se eer in die diens van die Woord.
- 3.8 *Aanbevelings*
- 3.8.1 Die volgende sinne word geskrap uit 3.2.2.4 van die besluit van Sinode 1973 (Acta, 1973:318):
Die prosedure genoem in 3.2.2.3 geld ook van predikante wat onder KO, artt 12 of 79 uit die amp is. (Die besluit van Sinode 1958:134, art 68, 8.a. word herroep.)
- 3.8.2 Die begrip *aanbeveling* in die sinsnede *voordat hy by die Kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling* (Acta, 1973:318, 3.2.2.3) word omskryf as 'n **gewetensoortuiging** of die effek van die eiewillige optrede steeds toelating tot die diens van die Woord in die weg staan al dan nie.
- 3.8.3 Studiedeputate kry opdrag om op grond van prinsipiële studie eiesoortige riglyne voor te stel ten opsigte van die weg tot beroepbaarstelling vir persone wat kragtens KO, art 12 tot 'n ander staat van die lewe oorgegaan het en vir persone wat kragtens KO, artt 79/80 uit die amp afgesit is.

Besluit: Die Sinode benoem nuwe Studiedeputate om die oorspronklike opdrag uit te voer.

20.12 RAPPORT STUDIEDEPUTATE – ONTVANKLIKHEID VAN BESWAARSKRIFTE (Artt 86, 151, 243)

KKKKKKKKK. Ds PW Kurpershoek lewer die Rapport.

LLLLLLLLL. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Beswaarskrifkommissie 2.

MMMMMMMMM. Ds PJ Venter rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 2.

NNNNNNNNN. **RAPPORT**

1. Opdrag (Acta, 2006:57, 3.2.5)

Die Sinode wys Studiedeputate aan om die problematiek genoem in 3.2.1-3.2.2 te ondersoek en die volgende Sinode van advies te bedien.

3.2.1 *Die Kommissie het gehandel oor die vraag rondom die reikwydte van die besluite van Sinodes 1967, 1991 en 1994 (Acta, 1967:349-350, 1991:526-528 en 1994:51-55) insake die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering.*

3.2.2 *Sedert 1994 (Acta, 1994:52-55) worstel die Regskommissie met onduidelikheid oor die interpretasie en samehang van die onderskeie besluite genoem in 3.2.1.*

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Agergrond van saak*

2.1.1 Sinode 1955 (p35-37) stel by monde van die Moderamen die vraag of 'n eenvormige prosedure vir Beswaarskrifte daargestel behoort te word. Aangesien tyd ontbreek, word die vraag vir beantwoording na Deputate verwys (1955:35-37).

2.1.2 Sinode 1958 (101, 106-107, 116-117) kry as voorstel van die Deputate dat elke vergadering sy eie bepalinge ten opsigte van Beswaarskrifte daarstel. Uiteindelik word die saak weer na Deputate verwys.

2.1.3 Sinode 1961 (512-517) hanteer 'n Meerderheids- en Minderheidsrapport wat albei worstel met vraag of 'n individu bepaalde besware *direk* by 'n meerdere vergadering moet indien al dan nie. Geen besluit word geneem nie en die saak word weer na deputate verwys.

2.1.4 Sinode 1964 (444, 446) kry twee voorstelle insake die prosedure op tafel, waarvan een aandui dat die kerklike weg gevolg moet word en die ander stel dat besware direk by die betrokke meerdere vergadering ingedien moet word. Uiteindelik word 'n aparte prosedure vasgestel vir die hantering van besware teen bestaande besluite van meerdere vergaderings. Hiervolgens moet Beswaarskrifte alleen gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het.

2.1.5 Sinode 1967 (349-350) keur 'n Beskrywingspunt goed dat KO, art 33 konsekwent toegepas word en dat alleen opdragte van die Partikuliere Sinodes ter tafel geneem word.

2.1.6 Sinode 1991 (1991:526-528) handhaaf 'n beswaar teen die besluit van 1964. Die wese van die beswaar is dat 'n aparte prosedure vir Beswaarskrifte nie nodig is nie, aangesien 'n Beswaarskrif soos 'n saak hanteer behoort te word.

2.1.7 Sinode 1994 (52-54) dui aan dat die besluit van Sinode 1991 die vraag laat ontstaan of daar net een weg is vir die hantering van 'n Beswaarskrif, nl. toetsing van 'n saak langs die kerklike weg, of twee weë, naamlik dat 'n beswaar deur 'n individu ook na toetsing en afwysing nog steeds by 'n betrokke meerdere vergadering ingedien kan word (p52, 3.1). Die besluit word geneem dat die kerklike weg vir die behandeling van alle sake onder KO, art 46 onder gewone omstandighede gevolg moet word (p52, 3.2). Tog word ook gestel dat die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik regverdig, nie deur 1991 se besluit geblokkeer word nie (p52, 3.2).

2.1.8 Sinode 1994 se tweeledige besluit gee aanleiding tot onsekerheid by daaropvolgende Sinodes se Regskommissies wat die ontvanklikheid van Beswaarskrifte moet beoordeel, soveel so dat tydens Sinode 2006 Studiedeputate aangewys is met opdrag soos in 1.

2.2 *Kern van probleem*

2.2.1 Die kernsaak is die vraag rondom die prosedure vir indiening van 'n beswaar volgens KO, art 41.

2.2.2 Twee alternatiewe prosedures kom na vore:

	Prosedure 1	Prosedure 2
2.2.3	Beswaar volgens KO, art 46 kan – behalwe vir die kerklike weg – vir sake wat dit Skriftuurlik regverdig, ook <i>direk</i> ingedien word by die vergadering wat die besluit geneem het – selfs wanneer mindere vergaderings die beswaar afgewys het.	Beswaar volgens KO, art 46 kan – behalwe vir die kerklike weg – vir sake wat dit Skriftuurlik regverdig, net in <i>buitengewone omstandighede</i> ingedien word by die vergadering wat die besluit geneem het.

2.2.4 Prakties gestel behels die kernsaak (en die gevolglike alternatiewe prosedures) die volgende:

2.2.3.1 Bestaan daar iets soos *Die reg tot direkte toegang tot 'n meerdere vergadering* op grond waarvan gestel kan word dat 'n beswaar direk by die meerdere vergadering ingedien kan word?

2.2.3.2 Kan 'n beswaar steeds by 'n meerdere vergadering ingedien word indien die kerklike weg gevolg is en die beswaar deur 'n mindere vergadering afgewys is?

2.3 *Faktore wat prosedure-keuses beïnvloed*

In die bespreking en studie het dit duidelik geword dat die volgende faktore ten minste 'n rol speel in keuse vir 'n spesifieke prosedure:

	Prosedure 1	Prosedure 2
2.3.1	Klem val op die feit dat die vergadering wat die besluit geneem het, finaal oor die beswaar teen die besluit behoort te handel en dit moet <i>afhandel</i> . Omdat die beswaar finaal tuishoort by dié vergadering wat die besluit geneem het, kan direkte toegang nie geweier word nie.	Klem val op die onderskeid tussen <i>behandel</i> en <i>afhandel</i> van beswaar. Besware kan deur die mindere vergaderings hanteer word en daarom behoort die kerklike weg gevolg te word.
2.3.2	Appèlprosedures word soms as baie langdradig en vermoeiend ervaar/beskryf. Daarmee word wantroue wat oor kerklike weg staan, erken. Ter wille van die saak van die beswaar word nie die kerklike weg gevolg nie, maar kan beswaar direk ingedien word of die Appèlprosedure volgens artikel 31 KO eenkant geskuif word.	Al word Appèlprosedure en kerklike weg as negatief ervaar, behoort die hartseer realiteit van uitoefening van kerklike weg nie deur veranderde prosedures gekondoneer te word nie.

2.4 *Formaat van Rapport*

2.4.1 Die Deputate kon met hul studie nie tot 'n eenstemmige aanbeveling kom ten opsigte van watter een van die twee alternatiewe prosedures gebruik behoort te word nie.

2.4.2 Ten einde die Sinode in staat te stel om dié twee alternatiewe prosedures met hul begroning duidelik te onderskei, word die beredenering hieronder gesamentlik aangebied – met aanduiding van waar die verskille na vore kom.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.2.

3. Beredenering en Aanbevelings waarom Sinode moet oordeel

3.1 *Plek en taak van meerdere vergaderings*

3.1.1 Kerke is in Christus een en het die opdrag om hul eenheid te beleef, te bewaar en uit te bou.

3.1.2 Omdat alle gawes en ampte deur die een Hoof van die kerk, Christus, aan sy kerk as geheel gegee word, moet en kan alle gawes en ampte ook tot opbou van die liggaam as geheel aangewend word (diakoniologiese eenheid tussen kerke).

3.1.3 Wanneer sake plaaslik nie afgehandel kan word nie of die konfessionele eenheid tussen kerke ter sprake kom, kom kerke in meerdere vergaderings saam ten einde mekaar by te staan en gesamentlik deur die Gees en Woord die regering van Christus te bedien.

- 3.2 *Samestelling van Agenda van meerdere vergaderings*
- 3.2.1 'n Meerdere vergadering se Agenda (spesifiek Algemene Sinode) bestaan onder andere uit die volgende sake (KO, art 30):
- 3.2.1.1 Beroep op meerdere vergadering in geval van Appèl (KO, art 31).
 - 3.2.1.2 Opdragte vanaf mindere vergaderings (KO, art 33).
 - 3.2.1.3 Rapporte van Deputate (KO, artt 45 en 49).
 - 3.2.1.4 Sake voorgelê tot verandering (Beswaarskrifte) (KO, art 46).
 - 3.2.1.5 Kerklike korrespondensie (KO, art 52).
 - 3.2.1.6 Gemeenskaplike belydenis in Drie Formuliere van Eenheid (KO, art 53).
 - 3.2.1.7 Wettige orde van kerk (KO, art 86).
- 3.2.2 Opdragte wat by meerdere vergaderings dien, kom spesifiek van die vergadering wat afgevaardigdes stuur, deurdat afgevaardigdes die ondertekende opdragte moet saambring (KO, art 33).
- 3.2.3 In lyn hiermee het Sinode 1894 (Acta, artikel 118) dan ook gestel:
Wanneer een lidmaat der Kerk iets belangrijks voor de Synode wenscht te brengen, wendt hij zich eerst tot zijn respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering; word hij dan in ongelijk gesteld, dan volgens art. 30 der Dordsche Kerkorde, beroept hij zich op de Synode. Geene particuliere vragen zullen in het vervolg, toegelaten worden op de Synode, voor zij bij den respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering beproefd zijn.
- 3.2.4 Ook Sinode 1967 (Acta:349-350) het gestel:
... om KO art 33 konsekwent toe te pas sodat alleenlik opdragte van Part. Sinodes ter tafel geneem mag word.

Gevolgtrekking

- 3.2.5 'n Meerdere vergadering bepaal nie selfstandig watter opdragte/sake op sy Agenda geplaas word nie, maar stel sy Agenda onder andere saam vanuit die opdragte soos ontvang vanaf die betrokke mindere vergaderinge.
- 3.3 *Beswaarskrifte en opdragte vanaf mindere vergaderings*
- 3.3.1 Wat is die verband tussen 'n versoek tot revisie/beswaar teen staande Sinode-besluit (KO, art 46) en die opdragte wat vanaf die mindere vergadering kom (KO, art 33)?
- 3.3.2 Histories blyk dat KO, art 33 sy oorsprong gehad het in spesifieke statuut vir Provinsiale Sinode soos vasgestel tydens Sinode van Emden van 1571 (Hoofstuk 3, 1), terwyl KO, art 46 sy oorsprong gehad het in spesifieke statuut vir klassikale vergadering soos vasgestel tydens Sinode van Emden van 1571 (Hoofstuk 2, 8).
- 3.3.3 Die oorspronklike bedoeling met KO, artt 33 en 46 was dat die **Klassis in sy opstel** van die opdrag wat saamgestuur sou word, die bestaande besluite in ag moes neem.
- 3.3.4 Tydens die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1578 is artikels 33 en 46 as een artikel in Kerkorde verwoord (Hoofstuk 2, 20). In die bewoording word net gepraat van die *instructie* wat saamgebring moet word en **de welcke niet eer en sullen gheschreuen worden voor datmen de artykelen der voorgaende Synodaler versamelinghe ghelesen hebbe ...**
- 3.3.5 Met Nasionale Sinode van Middelburg (1581) word artikels 33 en 46 onderskei (onderskeidelik artt 25 en 33). Hierdie situasie duur voort tot met vasstelling van Dordtse Kerkorde van 1618,1619. Opmerklik is egter dat die selfstandige plasing van artikel 46 (as artikel 33 in Kerkorde van 1581) daartoe lei dat die woorde *de welcke* vervang word met **De instructie der dinghen die inden meerdere vergaderinghen te handelen zijn**. Die noue band tussen die twee artikels word dus behou, nou met die gebruik van dieselfde woord, naamlik *instructie*.
- 3.3.6 In die oorspronklike Kerkordes in gebruik binne die GKSA het beide KO, artt 33 en 46 dan ook na *instructiën* verwys. Dit is met die hersiening van die Kerkorde in 1964 egter verander na opdrag in KO, art 33 en sake in KO, art 46 (Acta, 1964:70-71) – waardeur die twee artikels baie meer 'n onafhanklike kleur kry en ook dikwels so losstaande van mekaar gebruik word.

	Prosedure 1	Prosedure 2
3.3.7	Hieruit kan afgelei word dat KO, art 46 'n eie kategorie van sake na vore bring.	Hieruit word ten onregte afgelei dat KO, art 46 'n eie kategorie van sake na vore bring. Uit die

	geheeloorsig oor geskiedenis blyk dat KO, art 46 (en die voortvloeiende besware teen bestaande Sinodebesluite) historiese gesproke altyd as deel van die opdragte volgens KO, art 33 gesien is – en nie ’n aparte kategorie sake vorm nie.
3.3.8	Die noue verband tussen KO, artt 33 en 46 kom uit verskeie resente Kerkordes binne die Gereformeerde wêreld na vore. So verbind die GKN (v) en die VGKSA artikels 33 en 46 direk met mekaar as artikels 32 en 33 van hul Kerkorde. Die CGK weer verwys na <i>instructies</i> beide in KO, artt 33 en 46.
3.3.9	Hierdie noue verband word deur die Kommissierapport van Sinode 1991 (Acta:527-528) verreken wanneer as bevinding (waaroor geen spesifieke besluit geneem is nie, maar wat wel die bedoeling van beide die Beswaarskrif en die Kommissierapport saamvat) gestel word: <i>Die Kerkorde bevat bepalinge vir “Appèlle” (art 31) en “sake” (artt 33, 46). ’n “Beswaarskrif” behoort soos ’n “saak” gehanteer te word en nie gereglementeer te word nie.</i>

Gevolgtrekking

	Prosedure 1	Prosedure 2
3.3.10	Besware volgens KO, art 46 is onder andere deel van die opdragte waarna KO, art 33 verwys en wat deur die gestuurde afgevaardigdes na die meerdere vergadering saamgebring behoort te word.	Besware volgens KO, art 46 is deel van die opdragte waarna KO, art 33 verwys en behoort net deur die gestuurde afgevaardigdes na die meerdere vergadering saamgebring te word.

3.4 Reg van beswaar en Verantwoordelikheid om te konformeer

- 3.4.1 ’n Kernbeginsel in die Gereformeerde kerkreg is dat geen handeling van ’n kerklike vergadering onaantasbaar is nie, omdat die mense wat daar teenwoordig is, sondige mense is en net die Woord die wil van God volkome bevat (NGB, art 7). Gevolglik kan besluite hersien word, òf via Appèl (KO, art 31) òf langs die weg van beswaar (KO, art 46).
- 3.4.2 Vanuit die moontlikheid om besluite te hersien kan gevolglik ’n reg tot beswaar afgelei word waarvolgens enige gelowige – in lyn met sy algemene priesterskap – die verantwoordelikheid het om sy/haar besware te opper.
- 3.4.3 Hierdie reg is nie ’n reg wat aan ’n persoon as mens gekoppel is nie, maar wel die plig om vanuit Skrif, belydenis en kerkorde vir die waarheid van Christus op te kom.
- 3.4.4 In KO, art 46 word die reg tot beswaar begrens deur te stel dat ’n beswaar net kan dien indien dit nie reeds gedien het nie of tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.
- 3.4.5 Verder moet in gedagte gehou word dat gelowiges feilbaar en vol sonde is en dus nie met die eie standpunt oor ’n saak dwingend behoort te volhard nie – behalwe as dit absoluut noodsaaklik is nie. Met die opofferende en nederige gesindheid van Jesus moet die eensgesindheid in die kerk uitgebou word (Fil 2:1-11), verdraagsaamheid uitgeleef word (Rom 14:1-15:13) en sodoende die eendrag en eenheid bewaar en bevorder word (NGB, art 32).
- 3.4.6 As uitdrukking van hierdie verdraagsaamheid het alreeds die Sinode van Emden in 1571 (Hoofstuk 3, par 3) bepaal dat in die hantering van ’n saak daar na bespreking ’n eerste keer gestem word om die gevoel van die meerderheid te bepaal. Die bedoeling hiervan was dat die

minderheid hulle na die eerste stemming by die meerderheid se standpunt sou neerlê (sou konformeer) en dat daar dan met 'n finale stemming 'n algemene instemming met die voorstel sou wees – behalwe wanneer die absolute noodsaak vanuit Skrif en Belydenis na vore sou kom.

Gevolgtrekking

3.4.7 Besware volgens KO, art 46 behoort net voorgestel te word indien die noodsaak tot beswaar vasstaan en konformering onmoontlik is.

3.5 *Samevattende gevolgtrekking 1: Direkte toegang ...*

3.5.1 Die vraag is gestel of daar iets soos *Die reg tot direkte toegang tot 'n meerdere vergadering* bestaan op grond waarvan gestel kan word dat 'n beswaar direk by die meerdere vergadering ingedien kan word.

	Prosedure 1	Prosedure 2
3.5.2		Wanneer oor die reg tot direkte toegang gehandel word, moet dit duidelik onderskei word van die reg tot beswaar (vgl 3.6). Die reg tot beswaar kan steeds uitgeleef word – via die kerklike weg en die weg van KO, art 31 – al is daar nie 'n direkte toegang tot 'n meerdere vergadering nie.
3.5.3	As vertrekpunt moet gestel word dat 'n meerdere vergadering <i>onder andere</i> sy Agenda vanuit die opdragte soos ontvang vanaf die betrokke mindere vergaderinge saamstel en dat besware volgens KO, art 46 <i>ook</i> deel van die Agenda kan wees sonder dat dit as opdrag van die mindere vergadering kom. Gevolglik behoort die kerklike weg die gebruiklike, maar nie enigste, weg te wees nie.	As vertrekpunt ten opsigte van 'n moontlike reg tot direkte toegang, moet gestel word dat 'n meerdere vergadering sy Agenda vanuit die opdragte soos ontvang vanaf die betrokke mindere vergaderinge saamstel en dat besware volgens KO, art 46 deel van hierdie opdragte is. Gevolglik behoort die kerklike weg gevolg te word in die hantering van besware (3.2 en 3.3).
		Ook die Sinodebesluite van 1884, 1967 en 1991 bevestig die kerklike weg as die gewone weg vir die indiening van besware kragtens KO, art 46.
		Hierby sluit die nadere verklaring van 1994 aan wanneer gestel word (Acta, 1994:54, 4.2): <i>Alle sake onder KO, art 46, word onder gewone omstandighede op die gewone kerklike weg van KO, art 33 in behandeling geneem.</i>
		'n Uitsondering tot die kerklike weg sou gemaak kon word, maar alleen wanneer die noodsaak daartoe deeglik verantwoord kan word en nie op grond van die reg tot direkte toegang tot 'n meerdere vergadering nie (3.4).

3.6 *Samevattende gevolgtrekking 2: Indiening na afwysing ...*

3.6.1 Die vraag is gestel of 'n beswaar steeds by 'n meerdere vergadering ingedien kan word indien die kerklike weg gevolg is en die beswaar deur 'n mindere vergadering afgewys is.

3.6.2 As vertrekpunt word gestel dat meerdere vergaderings juis meerdere gawes saambring om die beswaar te beoordeel (3.1) en dat die oordeel van die meerdere vergadering wat die beswaar afgewys het met groot omsigtigheid en nederige erkenning van die beperktheid van eie insigte hanteer behoort te word.

3.6.3 Daarmee saam behoort indringend besin te word of die verantwoordelikheid om te konformeer (3.4) nie verdere optrede uitsluit nie.

	Prosedure 1	Prosedure 2
3.6.4	Indien die oortuiging bestaan dat daar nie met die afwysing van die beswaar deur die mindere vergadering gekonformeer kan word nie, kan – met die aanwys van noodsaak volgens KO, art 46 – die beswaar direk ingedien word by die meerdere vergadering wat die besluit waaroor die beswaar handel, geneem het (Acta, 1994:3.2).	Indien die oortuiging bestaan dat daar nie met die afwysing van die beswaar deur die mindere vergadering gekonformeer kan word nie, dat daar onreg na vore gekom het en dat daar gevolglik 'n noodsaak is om die beswaar verder te neem, behoort volgens KO, art 31 die weg van Appèl gevolg te word.
3.6.5		Indien die weg van Appèl nie gevolg word nie en die meerdere vergadering die beswaar in behandeling neem deur eers te let op die redes <i>waarom nie in die mindere vergadering se oordeel berus kan word nie</i> (Acta, 1994:53), word die mindere vergadering se handeling (in haar uitspraak oor die Beswaarskrif) beoordeel, sonder dat die mindere vergadering haar optrede kan verduidelik. Hiermee word die <i>audi alteram partem</i> -beginsel van regspraak nie eerbiedig nie.
3.6.6		Indien 'n meerdere vergadering die beswaar – wat reeds afgewys is – in behandeling sou neem en tot 'n ander uitspraak kom, sou twee verskillende uitsprake oor dieselfde beswaar – wat beide geldend is – bestaan. Die meerdere vergadering kan immers nie die mindere vergadering se handeling herroep nie (vgl KO, artt 30 en 36) – behalwe in die geval van 'n Appèl in lyn met KO, art 31.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.6.6.

3.7 *Aanbevelings*

3.7.1 Die volgende besluite van Sinodes 1967 en 1994 word gehandhaaf en as vertrekpunt gestel:

3.7.1.1 *KO, art 33 word konsekwent toegepas sodat slegs opdragte van Part. Sinodes ter tafel geneem mag word (1967:350).*

3.7.1.2 *Alle sake onder KO, art 46 word onder gewone omstandighede op die gewone kerklike weg van KO, art 33 in behandeling geneem (1994:54, 4.2).*

3.7.2 Alle besware onder KO, art 46 moet redes bevat waarom dit noodsaaklik geag word om van die reg van beswaar volgens KO, art 46 gebruik te maak.

3.7.3 Wanneer die gewone kerklike weg nie gevolg word nie, moet die omstandighede wat daartoe gelei het, deeglik verwoord word. Die meerdere vergadering besluit self oor die gewig wat aan die omstandighede verleen moet word en die gevolglike ontvanklikheid van die Beswaarskrif.

	Prosedure 1	Prosedure 2
3.7.4	Alle sake kragtens KO, artt 33 en 46 wat reeds by 'n mindere vergadering gediën het en afgewys is, kan wel direk by 'n meerdere vergadering ingedien word.	Alle sake kragtens KO, artt 33 en 46 wat reeds by 'n mindere vergadering gediën het en afgewys is, kan nie direk by 'n meerdere vergadering ingedien word nie. Indien nie met die besluit van die mindere vergadering saamgestem word nie, behoort in lyn met KO, art 31 Appèl aangeteken te word.

Besluit: Die Rapport word verwys na dieselfde te benoemde Deputate [soos by 20.11] om ook die Sinode duidelik te adviseer oor indieningsprosedures vir Beswaarskrifte in die lig van die Sinodebesluite van 1967, 1991 en 1994.